Jaargang 2018
ISSN 1018 – 0710

# DOLOS

## Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, UV



Bettina Wyngaard lewer die 2018 DF Malherbe-gedenklesing

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

# Inhoud


Departementele brief ........................................ 3

UV-rektor, prof. Francis Petersen, praat oor die stand van Afrikaans by Kovsies ........................................ 4

DF Malherbe-gedenklesing 2018 ........................................ 5

Houellebecq-verse nou in Afrikaans ........................................ 6

Prof. Jaap Steyn word 80 ........................................ 7

Ons eer prof. Christo van Rensburg........................................ 8

Studente-bedrywighede in 2018 ........................................ 9

- Certificaat Nederlands als Vreemde Taal (CNaVT) 2018: Wat zeg je? ........................................ 9
- SAVN-beurswenners ........................................ 9
- Kortleerprogram in Afrikaans ........................................ 10
- Kopieskryfwerkswinkel ........................................ 10

Gedurende 2018 het die departement weer ’n baie geslaagde reeks openbare lesings aangebied. ........................................ 11

Kortverhale vir die Meestersgraad in Kreatiewe Skryfkuns ........................................ 12

- Die meisie met die rooi skoene – Deon Visser........................................ 12
- Die Draak – Hanné Koster ........................................ 18
- Die skildery van Abraham Rosenbaum – Marietjie Lambrechts ........................................ 25
- Elke skildery vertel ’n storie – Ansja Ferreira........................................ 30
- Nalatenskap – Pieter Stofberg ........................................ 39
- Selfportret – Mary-Ann Naudé ........................................ 54




## Departementele brief



Die bydraes vir *Dolos* word deur die departementshoof en die departementele sekretaresse geïntegreer uit die departementele nuusbrokkies soos ontvang van ons kollegas en studente. Kollegas is dus almal medeskrywers aan die "dagboek".

*Dolos* is die departementele nuustydskrif van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans in die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat waarin bydraes, kreatiewe stukke en navorsing van studente en kollegas en ook prestasies in en interessanthede oor Afrikaans aan die UV gebundel word.

Geniet *Dolos 2018* wat, buiten vir lekker leesgenot, ten doel het om sommer ook die departementele geskiedenis vir die nageslag digitaal te bewaar!

Lekker lees!

*Ida Meiring, Angelique van Niekerk en kollegas*



## UV-rektor, prof. Francis Petersen, praat oor die stand van Afrikaans by Kovsies

Die universiteit se meertalige taalbenadering word weerspieël in die huistaalverdeling van studente op die drie kampusse van die UV in 2017: Suid-Sotho (23%), Afrikaans (20%), Zoeloe (18%), Engels (17%), Xhosa (8%), Noord-Sotho (3%), Tswana (3%), met die ander 8% studente wat ander tale magtig is.

In sy strewe om ’n toonaangewende navorsingsuniversiteit te wees wat globaal met verbintenisse en vennootskappe op die kontinent en oor die wêreld heen meeding, is dit belangrik vir die universiteit dat sy voor- en nagraadse studente akademies mobiel moet wees met vaardighede in Engels as wêreldtaal. Die UV se taalbeleid maak dit moontlik om hierdie doelwit te bereik, aangesien dit ’n pragmatiese leer- en administratiewe omgewing aanmoedig wat daartoe verbind is om tegemoetkomend te wees teenoor linguistiese diversiteit binne die streeks-, nasionale en internasionale omgewing waarin die UV funksioneer.

Die uitbouing van Afrikaans as akademiese taal binne ’n meertalige konteks is in volle swang. Afrikaans het reeds ’n sterk basis om baie vinniger en verder as akademiese taal uitgebou te word in vergelyking met die ander inheemse tale.

Met betrekking tot die strewe na veeltaligheid by die UV, word daar gewerk aan die verdere ontwikkeling van akademiese woordelyste ten einde studenteleer te bevorder.

Kovsies is ’n kampus waar Afrikaans nog baie lewend is.

Die UV se taalbeleid is nie ’n opoffering van Afrikaans ter wille van versoening nie. Die uitkoms van die beleid dra juis by tot inklusiwiteit en die waardering en vlak van sensitiwiteit vir ander tale en kulture – ’n komponent wat sterk vervat is in die universiteit se geïntegreerde transformasieplan. Kom ons verander eerder die fokus van die debat na een waar Afrikaans en ons ander inheemste tale in ’n meertalige konteks as akademiese tale uitgebou kan word en verseker daarmee dat Afrikaans as ’n inheemse taal lewend en progressief lewend gehou word. Dit is juis nou die geleentheid om innoverend en anders hieroor te dink (Rapport Weekliks, 28 Januarie 2018).



## DF Malherbe-gedenklesing 2018

Die skrywer en regsgeleerde, Bettina Wyngaard, was die gasspreker tydens die 34ste DF Malherbe-gedenklesing. Die onderwerp van die lesing was ”Die politiek van die alledaagse” en het gehandel oor die gewone persoon op straat se bydrae tot ons samelewing en ook meer spesifiek Afrikaans.

Een van die maniere hoe ons uniekheid uitdruk, is deur die taal wat ons gebruik. Maar taal word al meer net nog ’n slagveld waar ons mekaar verwond en probeer doodmaak.

President Mandela het by geleentheid gesê: ”If you talk to a man in a language he understands, that goes to his head. But when you speak to him in his language, that goes to his heart.”

”Is dit nie waar ons as Afrikaanssprekendes soms die pot mis sit nie? Ons verwag dat ons regte om ons taal te gebruik, erken moet word, maar ons *disregard* ander se tale. En ek wil u herinner, in terme van Taylor se definisie kan die *disregard* ‘simply failure to notice’ wees” sê Wyngaard.

Hofsake kan nie die taal vernietig nie. Net die houding van die partye tot die saak kan die taal skaad. Amptelike beleid kan nie ’n taal vernietig nie. Die houding van die amptenare wat die beleid toepas, kan die taal skaad. Goeie, opbouende verhoudinge gebaseer op respek kan houdinge en verhoudinge verander. Die doeltreffendste manier om ’n taal te vernietig, is deur te kies om dit nie te praat nie. ”Ek hoef u nie te vertel nie dat al meer Afrikaanssprekendes kies om hulle kinders Engels groot te maak, om te ontsnap aan die persepsie van stigma wat daar aan die taal kleef.”

Ons doen ook die taal skade aan wanneer ons voorskriftelik wil wees oor wie nou eintlik die taal mag praat, of hoe die taal gepraat moet word. Of, en dis baiekeer die groot probleem, om die konserwatiewe sektor van die taalgemeenskap carte blanche te gee om te praat asof hulle namens die hele groep praat.



Me. Bettina Wyngaard tydens die D.F. Malherbe-gedenklesing

Ons moet gewoon net die taal gebruik om op te bou en nie te kwets nie. Ons moet sensitief wees vir die feit dat juis omdat die taal so swaar dra aan die bagasie van die verlede, ons ’n verantwoordelikheid het om in elke interaksie met ander as ambassadeurs van die taal op te tree. Dit beteken dat ons moet onthou dat in elke interaksie, reg of verkeerd, die groep beoordeel word aan die manier waarop die individu optree.

Van die elf amptelike tale in ons land, het net twee ooit die voorreg gehad om die onderrigtaal aan Universiteite te wees. Die ander nege floreer steeds, omdat die sprekers van daai taal dit gebruik in hul daaglikse wandel.

Dis die politiek van die alledaagse.





## Houellebecq-verse nou in Afrikaans

Die kwellings en vreugdes van die aftakeling van die liggaam of die onafwendbaarheid van die dood is bekend aan Afrikaanse lesers en daarom het prof. Henning Pieterse besluit om die die verse van die bekroonde Franse digter, Michel Houellebecq, in 'n Afrikaanse bloemlesing uit te gee. Hierdie boek is in 2018 uitgereik. Tydens die boekbekendstelling het prof. Pieterse met dr. Francois Smith gepraat oor die hele vertaalproses. Albertus Brakhuizen het van die oorspronklike verse in Frans voorgelees, terwyl prof. Pieterse dan die Afrikaanse vertaling voorgelees het.

Met *Tussen die abjekte en die eteriese: 'n Keur uit die poësie van Michel Houellebecq* fokus Pieterse veral op twee pole in Houellebecq se oevre.

“Abjek” fokus op die verwerplike, teenoor “eteriese” wat na die boaardse of hemelse verwys.

“Aan die een kant is sy gedigte melancholies en sterk satiries, aweregs en vreesloos. Politieke korrektheid staan hom nie aan nie, maar aan die ander kant het hy ook baie sterk godsdienstige verse.



Tydens die boekbekendstelling, van links na regs: prof. Henning Pieterse, dr. Francois Smith en mnr. Albertus Barkhuizen



## Prof. Jaap Steyn word 80

Jacob Cornelius Steyn, gebore 31 Julie 1938 op die plaas Mara naby Fouriesburg, gaan skool op Petrus Steyn, studeer aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, behaal 'n Drs.Litt (cum laude) aan die Gemeentelijke Universiteit van Amsterdam en 'n doktorsgraad aan die Universiteit van Port Elizabeth. 'n Loopbaan in die joernalistiek en akademie volg. Vele toekennings, beurse, eerbewyse en pryse dien as bewys van groot hoogtes wat behaal word en 'n persoon wat gerespekteer en waardeer word in vele sfere in Suid-Afrika.

Te midde van dit alles bly hy vir ons 'n voorbeeld en leermeester – iemand by wie ons elke dag leer van nederigheid, mededeelsaamheid, bedeesdheid en omgee; ook iemand wat nie skroom om onverskrokke die pen op te neem en met erns en opregtheid sy mening oor taal en kultuur te gee nie.

Jaap Steyn verryk ons lewens. Wat 'n voorreg om saam met hom sy 80ste verjaarsdag te vier!

(Prof.) Jaap, baie geluk! Ons is saam met u dankbaar dat u kan terugkyk op 'n ryk, vol en geseënde lewe en ons is saam met u opgewonde oor die jare wat nog voorlê. Bowenal is ons dankbaar dat ons paaie met u pad kon kruis.

Mag die toekoms vir u nog veel vreugde, liefde, goeie gesondheid en geborgenheid bring!

Van: Kollegas en vriende




Oud-kollegas in 'n vrolike luim tydens die verjaarsdagvieringe van prof. Jaap Steyn.

Van links na regs: proff. Christo van Rensburg, Jaap Steyn, Bernard Odendaal en Hans du Plessis

## Ons eer prof. Christo van Rensburg

Prof. Christo Janse van Rensburg, ‘n ouddepartementshoof van die Departement Afrikaans en Nederlands (UV), is op 13 Augustus 2018 oorlede. Hy was vanaf 1982-1988 aan die UV verbonde en onder sy leiding is uitnemende navorsing oor Afrikaans en Nederlandse taalkunde gedoen.

Hy was veral bekend vir die werk wat hy gedoen het om Afrikaans se variëteite te identifiseer, op te teken, te ontleed en aan die wêreld bekend te stel. Aan die UV het hy onder meer aan die hoof gestaan van die omvattende ondersoek na die Afrikaans van die Griekwas.

Prof. Van Rensburg se akademiese uitnemendheid is deur die jare met talle toekennings, eerbewyse en pryse erken. In 2018 alleen (op tagtigjarige ouderdom) het hy twee groot pryse ontvang, naamlik die Jan H Maraisprys vir uitstaande bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal, sowel as die CJ Langenhovenprys vir Taalwetenskap. Hy laat ’n indrukwekkende lys vakwetenskaplike bydraes agter (in die vorm van artikels, boeke en bydraes in boeke).

Ons sal hom as akademikus, vriend en ook voorbeeld mis.



Prof. Christo van Rensburg, Julie 2018



## Studente-bedrywighede in 2018

### Certificaat Nederlands als Vreemde Taal (CNaVT) 2018: Wat zeg je?

In 2018 het 9 kandidate die internasionale CNaVT-eksamen geskryf en suksesvol voltooi. Studente kan inskryf vir die eksamen na hulle die semesterkursus in Nederlands (taalverwerwing en letterkunde) voltooi het. Die kursus word jaarliks in die tweede semester van die jaar aangebied.

Op die foto is van 2018 se suksesvolle kandidate.



Van links na regs: Casey Kommer, Alita de Waal, Mathilda Smit, Ena Stegmann, Elizabeth van Rensburg, Sherredine Dunn en Marlene Beukes

### SAVN-beurswenners

In 2018 het 7 tweedejaarstudente, 2 derdejaarstudente en 1 honneursstudent SAVN-beurse ontvang.



Die tweedejaarstudente wat SAVN-beurse ontvang het, van links na regs:
Jani Gerber, Hester Maree, Johannic Kuit, Lize Potgieter, Rochelle Jantjes en Elmien Labuschagne

## Kortleerprogram in Afrikaans

Die Gesellig Afrikaans-taalaanleerderskursus word twee keer per jaar aangebied vir persone met geen of beperkte agtergrondkennis van Afrikaans.



Die suksesvolle Kortleerprogram-studente gedurende die eerste semester 2018 is, van links na regs: Julius Siwale, Karen Kirk, Jeffrey Newman, Klara Engert, Saskya-Sarah Scholz, Jana Ellmers, me. Ida Meiring (fasiliteerder), Sarah Caudill, Sebastian Grall, Anniebo Hagan, me. Alison Stander (fasiliteerder), Corina Moiloa



Die suskesvolle Kortleerprogram-studente gedurende die tweede semester 2018 is, van links na regs: N. Motaung, P. Ramaele, K. Netshifhefhe, Jasmin Aschenbrenner, me. I. Meiring (fasiliteerder), V. Azov, R. Do Aido.

## Kopieskryfwerkswinkel

'n Groot groep studente het in 2018 die kopieskryfwerkswinkel, aangebied deur me. Roela Hattingh, bygewoon. Treffende advertensies is ontwerp en ingeskryf vir die Loerie- en Pendoringkompetisies.



Die aanbierder, me. Roela Hattingh, is in die agterste ry, vierde van links

## Gedurende 2018 het die departement weer ’n baie geslaagde reeks openbare lesings aangebied.

Op Vrydag 23 Maart het dr. Olga Esaulova van St Petersburg in Rusland ’n lesing aangebied oor die vertaling van Herman Charles Bosman se verhale. Dr Esaulova het haar PhD voltooi oor die werk van die bekende Suid-Afrikaanse kortverhaalskrywer en digter, Herman Charles Bosman, en sy het reeds meer as 100 van sy verhale na Russies vertaal.

In April het die bekende romanskrywer, Irma Joubert gepraat oor “Die grens tussen feit en fiksie”. Die praatjie het gehandel oor die verskille en ooreenkomste tussen die kreatiewe skrywer en die historikus se taak, met verwysing na en voorlesings uit verskillende historiese romans. Waar die historikus feite opteken en interpreteer, soek die skrywer iets meer. Hy ontgin daardie dinge wat nie in dokumente vermeld word nie, daardie onbeskrewe oomblikke. Hoe verwerk jy dooie historiese feite in ’n lewendige verhaal? En hoe ver kan jou verbeelding loop voor jy van die feite-pad afdwaal? Wat moet die kreatiewe skrywer méér doen as die historikus? En wat minder?

Later in die jaar het die prof. Jeroen Darquennes (van die Universiteit Namen in Begië) ’n lesing gelewer oor die standaardisering van “unieke” Europese minderheidstalen: hoe, waarom en met welke resultate? Prof. Darquennes vertel self soos volg: **“**Op het gebied van taaldiversiteit stelt Europa in vergelijking met de rest van de wereld niet zo gek veel voor. Toch gaat er behoorlijk wat (wetenschappelijke) aandacht naar de manier waarop historische Europese taalminderheden proberen hun talen voor taalverval en taalverschuiving te behoeden. In tal van projecten wordt bestudeerd hoe de minderheidstalen aan de volgende generatie (zouden kunnen of ‘moeten’) doorgegeven worden en welke activiteiten taalminderhedengemeenschappen (zouden kunnen of ‘moeten’) ontwikkelen om de status en het prestige van hun minderheidstaal op te krikken”.

Prof. Naomi Morgan het op haar beurt twee interessante lesings aangebied: een oor Le chevalier de Saint-George, “Die lewe van een van Frankryk se grootste klassieke komponiste van die agtiende eeu” en een oor Jacques Brel 1928-2018, ”‘n Lewe in liedjies”. Sy het op treffende wyse hulde gebring aan twee groot geeste in die internasionale musiekwêreld.

Ook het Prof. Jan van Zyl van die Departement Interne Geneeskunde, Afdeling: Gastroënterologie, Universiteit van die Vrystaat, die rol van spysverteringskanaal-mikrobiotika in gesondheid en siekte bespreek. Hy het ‘n historiese blik op die rol van die spysverteringskanaal in menslike gesondheid en siekte verskaf, met onder meer klem op Afrikaanse spreekwoorde wat verbind word met die maag en spysvertering.

Die jaar is afgesluit met ‘n lesing deur prof. Henning Pieterse getiteld: ”[B]aie poësieliefhebbers [meen] dat poësie onvertaalbaar is: Antjie Krog se beskouings oor poësievertaling, met toepassing op ‘n besinning oor vertaling uit Frans na Afrikaans en toespitsing op drie gedigte van Michel Houellebecq”. Hy het die proses van vertaling stapsgewys verduidelik, vanaf rudimentêre eerste weergawes, deur verdere pogings, tot die uiteindelik gepubliseerde weergawes. Verskeie oorwegings by keuses is aan die bod gestel ten opsigte van metrum, rym en halfrym, bywoordelike of byvoeglike bepaling en transkulturele kwessies.



## Kortverhale vir die Meestersgraad in *Kreatiewe Skryfkuns*

Dr. Francois Smith

Hierdie verhale is geskryf deur 2018-inname vir die M-graad in *Kreatiewe Skryfkuns* en wel as deel van een van die twee kursusse wat studente in hul eerste studiejaar volg, naamlik *Literêre Stilistiek*. In hierdie kursus word studente blootgestel aan skryftegnieke en –beginsels en hulle kry die kans om dit te oefen aan die hand van 'n verhaal wat hulle volgens heel spesifieke vereistes moes skryf.

### Die meisie met die rooi skoene – Deon Visser

Clara Veth staar na die paraffien wat soos 'n getygolf oor die houttafel kruip en dan op die geel vloer drup. Dit lyk amper soos 'n spieël wat stadig al groter en groter word. Sy buk nader om haar weerkaatsing te probeer sien, maar die skerp reuk laat haar kop terugruk. Ook maar goed, sy het nie nodig om haarself nóú in die oë te kyk nie. Sy draai om en gooi die res van die inhoud van die rooi blik teen die mure en orals waar daar hout is. Dan leun sy met haar rug teen die deur. Sy hoor haar susters se stemme, maar sy kan nie die woorde uitmaak nie. Die deur is van soliede hout. Sy draai haar kop vir 'n oomblik skuins om haar gedagtes agtermekaar te kry, voel die skurfheid teen haar wang. 'n Paar oomblikke gaan verby voordat sy wegstaan van die deur en in haar sak vroetel vir die vuurhoutjies. Hulle sal dit nooit verwag nie.

Die vuurhoutjie knal teen die dosie, vlam op. Sy gooi dit op die vloer en glimlag as die oranje vlamme met 'n harde blaasgeluid begin gryp aan alles. Haar voete klik-klak op die vloer tot by die venster. Buite is dit rustig. Die straat is stil. Iewers blaf 'n hond.

Eers brul Johanna. Vasgekeerde teef. Dan hoor sy hoe Cornelia vloek en skel. Meubels wat omval. Vuiste wat aan 'n deur hamer. Skelstemme wat lateraan verander in harde snikke, pleitend. Help.

Clara wag totdat die swart rook onuithoudbaar is voordat sy na buite storm. Sy spring van die stoep af en hardloop na die geroeste tuinhekkie. Gryp dit vas met albei hande en pluk dit oop. Sy voel die skurfheid aan haar hande en kyk. Donkerbruin vlekke wat lyk soos bloed. Snaaks? Twee ure gelede het sy tog deur dieselfde hekkie ingestap ...?

Die reuk van sigare en koffie laat Clara frons toe sy die voordeur agter haar toetrek. Hulle is sowaar voor my hier en waar sou hulle 'n sleutel kry? Sy sug hardop, laat sak haar kop en knyp haar oë vir 'n oomblik styf toe, haar een hand stut haar lyf teen die muur. Here, ek wil nie veg vandag nie, maar ek sal as ek moet. Vir hom. Sy vryf oor haar maag. Voel die effense swelling wat sy wegsteek onder die los klere. Haar susters kom nou al vir te lank weg met alles. Sy ook. Maar hulle weet niks.

Die kort gangetjie se mure is oortrek met Jan se werke, maar Clara sien dit nie vandag raak nie. Sy stamp haar heup teen die geelhoutkas wat al die jare in die voorhuis staan. "Fok tog!" Sy tel twee van die paraffienlampies wat omgeval het, regop. Sy maak seker in die spieël dat haar lipstiffie nog perfek sit voordat sy kombuis toe loop. Sy laat haar hakke op die houtvloer klap om haar teenwoordigheid aan te kondig.

"Cornelia, Johanna," groet Clara die twee gesigte wat opkyk van die kombuistafel toe sy die deur oopmaak.



Haar susters sit met hulle vasgevriesde fronse en wag vir haar. Cornelia se arms is gevou oor haar borste, haar maag span styf teen die groen trui wat sy tot bo toegeknoop het. Johanna se benerige nekkie draai haar groot kop vinnig heen en weer om die susters dop te hou; ŉ honger aasvoël wat elke beweging volg.

"Clara. Daar's koffie," sê Johanna stroef en wys met een hand na die koffiemasjien wat op ŉ plastiekkrat staangemaak is.

"Dankie," antwoord Clara haar oudste suster en loop na die koffiemasjien. Sy sien haar hande bewe terwyl die donker vloeistof in die beker loop. Sy drink haar koffie swart. Sonder suiker. "Ek sal ordentlike koppies gaan uithaal vir die gas wat op pad is," brom sy. "Waar het julle dit weggepak?"

Clara volg Johanna se aanwysings en stap tot by een van die dose wat in die gang voor Jan se kamer in netjiese rye opgestapel is. Dit is duidelik gemerk. *Cornelia.* Sy haal die skinkbord uit en sit dit op die grond. Dit is swart en rond, ŉ perfekte kontras vir die beige bekers met die eienaardige karikature wat daarop geverf is. In die swak lig van die gang lyk dit soos jagters wat ŉ makabere dans rondom hul gestorwe prooi uitvoer. Sy rangskik die breekgoed netjies op die skinkbord en staan dan op.

"Pasop, fok!" Cornelia se stem en haar rookasem slaan gelyk vas in Clara se sintuie sodat sy terugsteier en die skinkbord laat val. "Jirre tog, nou laat val jy sy beste gerei ook!"

Clara bal haar vuis agter haar rug. "Cornelia, ek het jou nie gesien nie. Vir wat loop jy so saggies?" Sy buk om die skerwe op te tel. "Ek sal optel, gaan jy maar," mompel sy.

Cornelia dwing om verby te kom en stamp Clara hard genoeg sodat sy moet keer om nie om te val nie. "Ek sal ŉ skoppie kry," sê sy net en stap verder in die gang af terwyl Clara se oë haar stip volg. Cornelia se swaar lyf beweeg onvas heen en weer, asof sy in die diepsee op ŉ skuit is.

"Kry net ŉ besempie ook asseblief," roep Clara haar agterna. Sy sien hoe Cornelia vassteek in haar spore en dan verder loop. Dit laat haar glimlag.

Cornelia hobbel terug met Johanna agter haar. Dié loer aanmekaar oor haar suster se skouer. Die twee susters vee die glasstukke in stilte op. Clara hou die skoppie op die vloer vas en laat haar ouer suster met die besem vee. "Hou stil," sê Cornelia. Dis moeilik om die klein glasstukkies in die skoppie te kry. Sy vee al driftiger sodat Johanna begin lag.

Die besem se stamp-stamp teen die skoppie se wande en ... haar droom! In gisteraand se droom was daar ook so ŉ geklop.

Die veerwa het al kloppend en skuddend oor die grondpad aangery, twee perde vooraan en ŉ drywer met ŉ rooi bandana om sy nek wat sy sweep klap oor hul bloedbevlekte rûe.

"Waar die duiwel jaag jy so?" het die vrou gevra toe hy verby haar jaag.

"Hel toe," het die drywer gebulder. "Hel toe."

Clara skud haar kop vinnig om ontslae te raak van die gedagtes. Sy kyk hoe Johanna en Cornelia nuwe koppies uithaal en dit op die skinkbord pak. Dan stap hulle terug kombuis toe.

Clara maak seker dat sy vooruit loop. Sy ignoreer Cornelia se verontwaardigde snork wanneer sy haar stoel by die tafel annekseer. Cornelia gaan sit fronsend oorkant haar met vingers wat dadelik begin trommel op die tafel. Kortgekoude naels sonder naellak pik op ŉ wit stuk karton wat bo-op ŉ bruin koevert op die tafel lê, terwyl Johanna se oë van die een suster na die ander skuif.



Dis ’n foto, dink Clara. Hoekom lyk sy so half opgewonde? Asof sy kerspresente gaan oopmaak?
Clara probeer die skrif op die agterkant van die foto lees. Groot, letters wat inmekaar krul op die bruin agtergrond. Sy ken daardie handskrif! Sy voel hoe haar asem insuig, haar keel trek toe van spanning. Dis Jan se brief.
Clara probeer die aandag van haarself lei deur te maak asof die koffie haar gebrand het, maar haar susters is hiënas wat elke beweging wat sy maak, dophou.
Johanna se stem is krakerig van jarelange se gerook. “Ons het van sy goedjies al begin pak,” sê sy en trek sirkels met ’n dun wysvinger op die tafel voor haar, sonder om Clara in die oë te kyk.
“Ja, daar is nogal baie gedoen terwyl jy nie hier was nie!” sê Cornelia. “Ons kon byvoorbeeld geen teken van ’n testament kry nie.” Cornelia se oë soek eers Johanna s’n op. Dit is soos winter wanneer sy na Clara kyk.
Clara antwoord nie dadelik nie. Sy slurp eers aan die warm koffie. “Het julle alles al uitgepak? Jan het my laat verstaan dat daar ’n testament was,” sê sy oor die koffiebeker. “En, waar het julle ’n sleutel gekry?”
Voordat iemand Clara kan antwoord, lui die voordeurklokkie skril.
“Ek sal hom gaan haal,” giggel Johanna en hardloop in die gang af. Sy het nog nie opgegee om ’n man te probeer vang nie.
Die man wat die kombuis na Johanna binnestap, het ’n breë glimlag en hou sy regterhand vriendelik uit om hulle te groet. Hy dra ’n ligbruin pak klere met ’n wit hemp en ’n blou das met geel sonneblomme wat effens skeef sit; asof hy dit vinnig in sy motor aangesit het. Hy groet eers vir Cornelia en draai dan na Clara.
Hy dra nie ’n trouring nie, merk Clara. Sy probeer kalm voorkom en neem sy uitgestrekte hand.
“Johan Verwey van Verwey en Verwey Eiendomme,” sê hy.
“Dis baie Verwey’s,” sê Clara glimlaggend. Sy voel lus om hom voor haar susters te soen.
“Jy kan dit weer sê,” sê die man, “maar ek is die enigste Verwey wat nog staan. Die ander het lankal die emmer geskop.”
Johanna snak na haar asem en druk dan vinnig haar mond met ’n oop hand toe. Haar verslete jas se moue is al vol gate. Cornelia se hand, wat oomblikke gelede nog in haar hare gevroetel het, plak hard op die tafel neer.
Clara lag hardop vir hulle en keer haarself net betyds om nie vir Johan oog te knip nie.
“Ag, jammer, dames. Ek het nie bedoel …” sê Johan en sy vingers vroetel ongemaklik aan sy baadjie se ritssluier.
Sy oë is diepblou en dit voel vir Clara of hy net vir haar kyk. Haar mond voel skielik droog sodat sy haar lippe effens oop moet maak. “Moet jou nie aan hulle steur nie, Johan,” sê sy. “My twee susters kan tog te gou geskok lyk as dit hulle pas.”
Cornelia waai Clara se woorde met haar hand weg. “Hoeveel het jy gedink kan ons vir die huis en sy inhoud kry? Skilderye ingesluit?”
“Ons het mos nog nie besluit oor die skilderye nie,” sê Clara fronsend. Jy is ’n superteef, dink sy en wens dat sy haar suster met iets kan platslaan. “Jy kan mos darem nie so baasspelerig wees nie.”



“Ek en Johanna het hieroor gepraat toe jy nie hier was nie, Clara. Ons het so besluit,” sê Cornelia.
“Jan het dit aan my bemaak.” Clara spreek elke woord stadig uit, haar hande is in vuiste gebal. Sy is te skaam om na Johan te kyk. Kan hulle nie ophou nie? Niks hiervan is tog my skuld nie.
Cornelia stoot haar ken uit, vee haar hande af aan haar sweetpakbroek wat al beter jare gesien het en kyk vir Clara voordat sy verder praat. “Die skilderye sal verkoop word,” sê sy. Sy draai na die eiendomsagent. “Johan, ken jy die storie van *De rhode schoentjes*? Dis ’n Hans Christian Andersen-verhaal waarvoor Jan destyds gekommandeer is.”
Clara vlieg op uit haar stoel “Dis nou regtig nie tyd daarvoor nie ...” Sy is ’n kiewiet wat haar nes beskerm, maar dan sak sy terug. Met een hand vee sy vinnig oor die trane wat in haar oë vorm. Verdomp! Hier gaan sy al weer. En sy het sowaar vandag van alle dae haar rooi hakskoene aangetrek ook nog. Clara skuif haar voete diep onder haar stoel in.
“O, maar dit is, Suster,” sê Cornelia met een hand wat speel met die kante van die foto wat op die tafel lê. Sy draai na Johan. “Dit gaan oor ’n beeldskone meisie, Karen, wat graag rooi skoene wil hê en enigiets sal doen om dit te kry, die ydele siel.” Cornelia vat ’n sluk van haar koffie en maak asof sy nie die verbasing op Johan se gesig sien nie.
Vir Clara voel dit asof Cornelia elke woord wat sy uiter, direk in haar eie hart beitel. Sy sien hoe Johan vir haar kyk en dan weer sy blik afwend.
Cornelia vertel verder. “Sy was die jongste van drie susters en het nooit nodig gehad om soos die ander twee te werk om die pot aan die kook te hou nie. Sy was ’n mooi kind en sy het geweet hoe om dit te gebruik.”
Cornelia en Clara se oë ontmoet. Hoekom haat hulle haar so? Nou verander sy die storie ook nog! Karen het nou skielik twee susters?
Cornelia vertel asof niks behalwe die storie saak maak nie. “Selfs die stiefma en die priester was gekant teen die skoene, maar Karen het geld geleen om die paar skoene te koop sonder almal se medewete. O, en Karen het gedans en gedans en gedans met haar rooi skoene.” Cornelia swaai haar kop heen en weer om die dans na te boots. Haar nekvelle flap saam met haar; ’n see van jellie wat nie tot rus kom nie.
“Jy is waaragtig nou simpel, Cornelia!” Clara probeer met haar ander suster oogkontak maak, maar Johanna sit net en lag vir elke poging van Cornelia om snaaks te wees.
“Hoe kan jy so sê, Clara?” sê Cornelia. “Dis belangrike agtergrond vir Johan om te hê as hy die skilderye wil verkoop.”
“As dit iets oor die skilderye is ...” sê Johan en vryf ongemaklik oor sy hare. Hy kyk vinnig na Clara.
Cornelia se stem is vrolik, maar haar oë is glas. “Toe breek haar doop mos aan,” vertel sy verder en vat vertroulik aan Johan se arm. Vet vingers om die bruin baadjie. Hy skuif sy arm eers weg, maar Cornelia klou vas. “En sy luister nie na die preek nie. Nee, sy kyk mos toe eerder die hele tyd onder gebed vir haar skoene. Dominees was so kwaad.”
Clara vlieg weer op. “Dominees? Dominees! My magtie, man! Jy kan mos nie die storie so verpersoonlik nie!” Sy probeer alles in haar vermoë om nie te skree op haar suster nie. “Nee magtie, Cornelia, nou vat jy dit te vêr. Eers las jy twee susters by en nou is dit nie ’n priester nie, maar Dominees?”



Cornelia se lippe is dun getrek. “En so gaan dit aan. Karen doen net wat sy wil. Haar stiefma raak siek, maar sy versorg haar nie, sy gaan dans eerder in die stad terwyl haar susters moet werk om kos op die tafel te hou. Maar dié keer loop sy vir haar vas.” Cornelia los haar greep op Johan se arm en buig vooroor asof sy wil skinder. “Die skoene kom nie weer los nie. Dit sit vas aan haar voete en sy kry geen rus nie, want die skoentjies wil heeltyd dans. Vir dae dans sy aaneen. Totdat sy nie meer kan nie. Uiteindelik kom sy op ’n soldaat af en sy vra hom om eerder haar voete af te kap, sodat sy nie verder hoef te dans nie. Hy doen dit en die skoene met haar voete binne-in, bly dans in die straat af.”

“Fassinerend!” Johan kyk weer vinnig na Clara en staan dan op om ’n skildery van ’n meisie met ’n wit kappie op haar kop en ’n rooi bloes te bewonder. Sy sit op ’n tuinbankie, maar haar voete word nie uitgebeeld nie.

“Ja dit is, is dit nie?” sê Johanna smalend. “Die skildery waarna jy nou so kyk, is juis van Karen. Jy kan sien wie die model was.” Haar oë soek Cornelia s’n op en die twee deel ooglopend ’n gedagte. Johanna lag hard en lelik.

“Kan jy sien wie die model was, Johan?” Cornelia se oë glinster asof sy die een of ander prys gewen het.

“Hmm, ja, ek dink so, maar …” Johan draai sy bolyf skuins en kyk vir ’n oomblik na Clara asof hy iets vir haar wil vra.

Johanna skuif rond op haar stoel. Wat sal haar tog so opgewonde maak? “Jy is heeltemal reg, Johan. Dit lyk soos Clara, nè? Sy was heelwat jonger toe sy Jan se model begin speel het. Jan was tog so mal oor haar. Meer as vir ons ...”

Clara kan amper nie praat nie. Altyd dieselfde ou storie, altyd ’n nuwe lappie wat aangelas word. Sy kan nie help om haar suster se stem na te boots nie. “Ons moes al werk en sy kon universiteit toe gaan. Mans ontmoet en uitgaan ... Dieselfde afgesaagde relaas, oor en oor.”

Cornelia val haar in die rede. “Dié skildery is meer werd as die huis en die inhoud saam. Veral as jy die ander items in ag sou neem.”

“Items?” Johan se nuuskierigheid is ooglopend geprikkel.

Cornelia lag skril en dan keer sy dit om – die foto wat sy heeltyd toegehou het soos ’n skoolkind wat wil keer dat iemand by haar afskryf. Die foto keer sy om.

Clara se kop ruk terug.

“Ja,” sê Cornelia, “persoonlike items, soos skryfstukke van Jan en foto’s en so.”

Kaal.

“Dit gee agtergrond,” sê Cornelia, “agtergrond wat die waarde van hierdie skildery dakhoogte gaan laat styg.”

Kaal. Dis sy. Kaal. Clara kom half regop, gryp die foto. Hoe durf Cornelia! Sy was nog maar ’n kind. My liewe vader, hoe durf Cornelia! Waar kom hierdie foto vandaan?

Clara begin stotter. Sy kan omtrent nie ’n woord uitkry nie. “Ek was nog baie jonk en …” Sy kry egter nie kans om haar sin te voltooi nie, haar susters se gekwetter oordonder haar.

“Maar Clara, dit maak die skildery soveel interessanter,” sê Cornelia.

“Interessant!” kekkel Johanna agterna.

Clara verloor heeltemal beheer oor haar emosies. “Hoe durf julle? Gierige fokken slange! Julle het geweet! Julle het!”



Johan spring op. Sy hande oop gestrek om haar te troos.

Clara druk sy hande weg. "Nee, Johan, hierdie storie eindig vandag nog." Sy staan nou reg voor Johanna. "Johanna, jy probeer my kruisig met jou storie, maar die grap is op jou, Sussie. Jy het jouself gefok deur altyd in daardie teef se spore te loop! Weet jy dat sy al lankal weet? Dat Jan my gespyker het?"

Cornelia spring op. "Clara, sies man!" skreeu sy, skarrel tot by Clara en probeer haar mond toedruk, maar die jonger suster klap haar hand weg.

"Ja, Cornelia, spyker is die woord! Elke aand, soos wat dit hom pas. Totdat ek agtien was en universiteit toe is. Moenie so geskok lyk nie, Cornelia, fokken hond. Hoekom het jy niks gedoen nie! Het jy gehou daarvan? My afgeloer?" Clara haal hard asem, dit voel asof sy 'n ver ent gehardloop het.

Johan staan sprakeloos langs haar. Sy sien hoe sy lippe dunner trek, hoe sy oë verander. "Dames, ek dink nie ek gaan hierdie huis verkoop nie," sê hy dan stroef. "Clara, sal jy asseblief saam met my uitstap? Goeiedag." Hy draai summier om en stap vooruit na die eetkamer.

Clara volg hom. Sy voel lus om te moor.

By die kombuisdeur steek Clara vas. Sy draai nie om nie. "Nou het ek sowaar alles gehoor. Ek is klaar met julle ..." Sy maak die deur stadig met beide haar hande agter haar toe en staar deur die kleiner wordende gleuf na die kombuis. Haar susters, weet sy nou, sal haar nie terugroep nie. Sy draai die sleutel geluidloos in die slot en sit dit in haar sak. Clara se keel voel asof die muwwe eetkamertjie waar haar broer al sy tyd spandeer het, die laaste asem uit haar wil wurg. Skaduvingers gryp na haar keel. Cornelia se skril lag koggel van agter die toe kombuisdeur.

Sy stap saam met Johan tot by die voordeur. Hulle groet nie. Hy kyk net vir haar en sy vir hom. Dan sit sy een been voor die ander, haar hand vlinder tot by sy bors en sy soen hom sag.

Hy trek sy kop weg. "Jy moes my gesê het." Hy is stroef. Verwytend. Sy stem 'n fluistering, maar dit ruk in haar soos donderweer.

Hoe vertel mens so iets oor? Veral nou? "Ek sal alles verduidelik, Johan."

Hy laat sak sy kop en probeer by haar verbykom.

Clara hou die deur oop en probeer om nie vir hom te kyk nie. Sy ruik hom toe hy by haar verbyskuur. Bekend. Op pad na sy motor toe maak hy sy das los maak en sy sterk skouers beweeg onder die baadjie. Gaan sy hom weer sien?

Clara maak die deur toe en leun daarteen. Sy vryf weer oor haar maag, probeer glimlag ten spyte van die hartseer wat in haar bors sit. Rondom haar staan Jan se herinneringe om haar aan te kla. Die geelhoutkas met die lampies daarop. Die selfportret. Tafel. Sy loop na die kas en kyk vir haarself in die spieël. Haar gesig is bleek en die oë wat terugstaar, herinner baie aan Jan se oë net voor sy dood. Hoe het sy hier gekom?

Sy onthou die dag toe sy die komberse voor die vensters gehang het. "Dankie," het Jan saggies geprewel, terwyl die pynmedikasie sigbaar begin het om spier en stem te verlam. Sy hande het bleekwit op die komberse gelê. Clara het twee van die paraffienlampies aangesteek en by die teetafeltjie langs hom neergesit. Toe begin sy praat. Sy vertel hom van al die liefdes wat sy al gehad het. Die seks met vreemde mans. Ou mans. Die tatoeëermerke wat sy op haar lae rug laat aanbring het. Tramp stamp. Die hoerery. Die swangerskappe wat sy keer op keer aborteer. Alles in sy naam. Jan Veth, die skilder. Oor en oor





vertel sy, totdat haar stem begin kraak het van dors. Jan het 'n paar keer iets probeer sê, sy hande gelig om haar te stop, maar sy gebarste lippe kon nie woorde vorm nie. Trane het gevorm in sy oë en het met moeite oor sy bebaarde gesig afgeloop en op sy hand geval. Sy het gepraat en gepraat totdat sy rukkende liggaam uiteindelik geswig het onder die verdowing van die pille. Hy het aan die slaap geraak en haar alleen gelos met 'n flikkerende paraffienlampie en gedagtes wat nie sommer net uitgevee kan word nie.

Clara probeer die herinnering afskud van haar, maar sy kry dit nie reg nie. Sy sien nog die twee lampies wat langs Jan se stil liggaam teen die donkerte veg. Sy sien nog die brief wat hy in haar skoot gelaat het. Sy sien hoe sy daar langs haar broer se lyk die brief oopmaak en lees. Sy onthou die woorde wat sedertdien 'n brandende vlam in haar binneste is: Sy erf alles. Die huis. Die skilderye. Alles. Alles hare.

Sy ril, draai na die laaikas en maak een van die laaie oop. Haar hand bewe toe dit om die dosie met die lang vuurhoutjies sluit. Sy kan nie besluit of dit van opwinding of van vrees is nie. Alles pas perfek in mekaar.

Op 'n veerwa het hy aangekom. Sy tande was wit toe hy lag. "Ons gaan hel toe," sê hy. Clara glimlag.

### Die Draak – Hanné Koster

INT. SITKAMER - DAG

Die sitkamer is bietjie donker en te klein vir al die goed daarin. Die meubels is outyds, verslons, afgerem. 'n Lang, lae boekrak teen een muur. Vol boeke, party is regop en langs mekaar, ander slordig in hopies. Bo-op lê versamelstukke uit Oosterse lande. Antieke goed. Mitiese kreature. CORNELIA (45, perfek en presies aangetrek, elke haartjie op sy plek) stap na die boekrak, met SAAR (31, eiendomsagent, wilde blonde hare, 'n heldergeel rok en te veel grimering) agterna. JOHANNA (42, kort, oorgewig, blomme op haar klere en een in haar hare) is eenkant besig met 'n hopie varsgesnyde blomme wat sy in 'n blompot rangskik.

CORNELIA

Ai die Jan ...

Cornelia tel 'n houtdraak op, kyk na die fyn kerfwerk daarop, laat speel haar hand daaroor. Johanna verstyf.

SAAR

Dis nogal ... anders ...?

CORNELIA

Ja, nè. Hoekom sal enigiemand nou van drake hou. Dis so ... ag ek weet nie. Wat ook al. Maar dit was onse Jan.

Cornelia sit die houtdraak neer. Johanna lyk verlig, druk 'n laaste blom in die blompot, stap vinnig uit.



CORNELIA (CONT'D)

Verskoon haar ... dis nog so kort na die begrafnis ... ons kon seker nog gewag het voor ons jou gekontak het vir 'n waardasie ... ons verskil so, alle susters verskil seker maar, nè! Ek hou daarvan om dinge gedoen te kry maar Johanna is bietjie meer emosioneel, sy hou van die lewe lig, ek dink hierdie storie is maar moeilik vir haar.

Saar glimlag.

SAAR

Natuurlik, ek verstaan. Dis vir julle almal 'n moeilike tyd. So julle het besluit om die huis te verkoop?

CORNELIA

Ja ons het dit saam geërf, maar ons almal se lewe is elders.

Cornelia wys na 'n groot bruin vlek teen die plafon.

CORNELIA (CONT'D)

Die huis het aandag nodig, soos jy kan sien ... nie een van ons drie het tyd of lus om dit reg te maak nie. Ek bly 300 kilometer van hier af en het 'n kind wat baie aandag nodig het ... Johanna, solank sy geld en pret het, is sy gelukkig, die idee van vas wees aan eiendom staan haar glad nie aan nie ... sy bly maar so oraloor, die laaste klompie maande van Jan se lewe was sy hier ... en Clara, sy is so 'n kluisenaar, haar wêreld is klein, sy verkies dit so ... om 'n tweede eiendom in haar lewe te hê sal vir haar net ontwrigtend wees. So nee, die plek moet gaan.

SAAR

Ek is seker ek kan help!

Cornelia glimlag.

CORNELIA

Jy sou van my broer gehou het. Hy was 'n liewe man wat met almal vriende gemaak het.

SAAR

Ek is jammer oor julle verlies.

CORNELIA

Dankie. So 'n stadige, pynlike dood wens ek niemand toe nie. Dis maar beter dat hy weg is.

INT. KOMBUIS - DAG

CLARA (40, maer, geklee in ‘n eenvoudige swart rok) haal ‘n teepot van die kombuisrak af, stap wasbak toe, maak dit vol water. Steek die stoof se gasvlam aan en sit die teepot daarop. Loop na die rak en haal een vir een die pakkies tee af, lees elke pakkie. Johanna kom in.

JOHANNA

Ag, Clara. Geen wonder die tee kom nie klaar nie!

Clara gaan onverstoord aan.

JOHANNA (CONT’D)

Moenie so baie dink nie! Kamille!

Clara kyk op. Kyk lank na Johanna en gaan dan weer aan met die pakkies tee. Johanna gooi haar arms in die lug.

Sy loop na die kombuiskas. Die teekoppies en pierings is ‘n mengelmoes van onpare. Sy haal vier van elk uit en plak dit op ‘n skinkbord. Clara is steeds besig met die pakkies. Johanna skud haar kop, vat die snoeiskêr en stap uit.

EXT. TUIN - DAG

Die tuin is ’n bont deurmekaarspul. Blomme, struike, bome. Die gras is lank, die bossies ook. Alles groei wild en ongetem. Johanna soek die oranje blomme tussen die ander uit, sny hulle met lang stele af. Sy neurie ‘n vrolike deuntjie.

INT. SITKAMER - DAG

Saar staan by ‘n muurpaneel van klip waarop ‘n draak gekerf is. Sy raak liggies daaraan.

CORNELIA

Dis baie interessant, dié! Dit kom uit Noorweë. Met ‘n storie!

SAAR

Ja?

CORNELIA

In ‘n verafgeleë streek, in die berge, het ‘n draak in ‘n grot gebly. Min mense in die dorpie onder in die vallei het die draak self gesien, maar almal het geweet van haar. Af en toe het hulle doer in die berg die vlamme sien spring deur die sneeu, dan het hulle geweet die draak is nog daar. Hulle het gesê dat die draak baie humeurig en onvoorspelbaar was, niemand wou dit naby waag nie.



Saar vat haar hand weg van die muurpaneel maar hou aan kyk daarna, veral die vlamme uit die dier se bek.

CORNELIA (CONT'D)

Op 'n dag het 'n meisie per ongeluk so 'n ent van die grot af, op die draak afgekom. Sy het gevlug, en is die grot in.

SAAR

Die grot, dis dan waar die draak bly?

CORNELIA

Dit maak glad nie sin nie, maar dis hoe die storie gaan. In 'n krisis vang mens mos partykeer onnosel goed aan.

Clara kom ingestap. Dit lyk of sy iets soek.

CORNELIA (CONT'D)

Die draak het natuurlik die grot baie goed geken en haar maklik opgespoor. Die meisie was in 'n kleiner grot wat uit die groter een gelei het. Daar was boeke oral. Sy het tussen die boeke gesit en hardop gelees.

Saar frons. Clara het ophou soek.

CORNELIA (CONT'D)

Dit maak ook nie sin nie, ek weet. Hoekom sal jy vlug vir jou lewe en begin lees? In ieder geval, dit het die draak in haar spore gestop. Die stem en die woorde het haar meegevoer. Sy het doodstil gesit en luister. Soos wat die meisie lees, het 'n traan uit die draak se oog begin loop, teen haar gesig af. Dit het 'n spoor gelos, 'n oranje spoor oor die bruin vel. Die oranje strepie het uitgesprei en al hoe groter en groter geword. Die meisie het nie opgekyk nie, sy't niks hiervan gesien nie, sy het net aanhou lees. En toe hoor sy die draak sug, 'n sug wat klink of dit uit die dieptes van die aarde kom en deur die grot weergalm.

Clara sug ook. Daar's dromerige kyk op haar gesig, sy glimlag.

CORNELIA (CONT'D)

Die meisie het opgekyk, en waar die draak was, het 'n vrou gestaan, grys en kromgetrek deur die jare. Die vrou het haar bewende hande saamgeslaan. Die meisie het verder gelees. Soos wat sy lees, het die vrou se mond die woorde gevorm, sonder 'n geluid. Toe die meisie ophou lees, het die vrou gesê: "Ek het dit geskryf." "Ek weet," het die meisie geantwoord.





SAAR

Sjoe ... dis so ....

CLARA

Wag, dis nog nie klaar nie!

CORNELIA

‘n Paar dae later is die vrou dood. Dit was nie meer vir haar nodig om die boeke op te pas nie, al hierdie kennis en inligting wat oor soveel jare deur ‘n kolonie wyse vroue bymekaargemaak is. Die volgende persoon wat die kennis sou bewaar en oordra het opgedaag en haar bevry.

SAAR

Word die meisie toe ‘n draak?

Cornelia en Clara kyk vir mekaar, Clara glimlag.

CORNELIA

Nee, ek dink nie so nie!

Saar lyk ‘n bietjie verward.

SAAR

Hoekom dink jy het Jan van die storie gehou?

CORNELIA

Die werklikheid was heeltemal te ... te werklik vir Jan! Hy het van fantasie en drome en mites en onwaarskynlike stories gehou! En natuurlik van drake, enigiets met drake te doen.

Saar kyk weer na die klippaneel.

CORNELIA (CONT’D)

As ek nou mooi dink ... in die Weste word drake dikwels beskou as boos en wreed. In die Ooste word hulle gesien as magiese, wyse diere, gode van die water, die wolke, die reën. Ek dink Jan was eintlik in sy hart ‘n Oosterling, die spirituele ingesteldheid daar het net baie meer vir hom sin gemaak as die materialistiese, oppervlakkige manier van leef in die Weste. Miskien is dit hoekom?



INT. KOMBUIS - DAG

Johanna kom ingestap met ‘n bos blomme en snoeiskêr in die hand. Sy sien die tee prut op die stoof. Sy skud haar kop, draai die vlam af en stap die huis in.

Clara stap in. Sy kyk na die tee wat nie meer borrel nie. Voel aan die teepot - haar hand brand, sy skud haar hand vinnig heen en weer. Sy vat die vuurhoutjies en stap gang toe.

INT. SLAAPKAMER - DAG

Die slaapkamer se venster staan oop, daar is nie ‘n gordyn nie. Op die enkelbed lê beddegoed waarvan niks by mekaar pas nie. In die hoek van die vertrek, langs die venster, staan ‘n esel met ‘n onvoltooide werk. By die esel is ‘n regop houtstoeltjie, verf, kwaste, die werktuie van ‘n skilder.

Bo die bed hang ‘n skildery van ‘n vrou op ‘n krans wat oor ‘n afgrond uitkyk. ’n Mens kan nie haar gesig sien nie, net haar kromgetrekte rug en haar grys hare wat wolke word.

Cornelia en Saar stap in.

SAAR

Dis sy! Dis die draakvrou!

Cornelia lag.

CORNELIA

Jy’s reg! Dit was Jan se gunstelingskildery, dis hoekom dit hier in sy kamer hang. Hier is waar hy geleef het, en die vrou was seker maar soort van ‘n metgesel vir hom. Al is sy dood in die storie het sy hier aanhou leef.

Johanna kom in met ‘n blompot vol water. Sy stap na die oranje blomme wat reeds op die bedkassie lê.

SAAR

Ek verstaan nie mooi hoekom hy so baie van die storie gehou het nie!

JOHANNA

Jong, ander man se boeke ...!

Cornelia lag.

CORNELIA

Hierdie skildery is seker die kosbaarste ding in die huis.





JOHANNA

Sonder twyfel, dis baie meer werd as die huis!

SAAR

Ek hoop julle het dit verseker!

Cornelia en Johanna kyk vir mekaar. Johanna trek haar skouers op. Sy sien Clara in die deur staan, dié trek ook haar skouers op.

CORNELIA

Dis ‘n goeie punt, Saar, dankie.

SAAR

Aan wie behoort dit nou?

CORNELIA

Wel, eintlik ...

CLARA

Hy het gesê ek kan dit kry ...

JOHANNA

Is jy van jou kop af?! Hy het dit vir my gegee!

CLARA

Net toe hy dit klaar geskilder het, het hy gesê dit gaan eendag myne wees ... dit was twintig jaar gelede al. Ons het ‘n lang gesprek gehad dié dag, oor die vrou in die skildery ... maak sy die wolke of vorm hulle self, as ‘n blyk van empatie of respek ... ek verstaan nou nie ... as hy besluit het om dit eerder vir jou te gee ... hy sou tog iets gesê het?

JOHANNA

Hy het! In die aande het ek vir hom tee gemaak en hier by hom gesit tot hy aan die slaap raak. Ons het baie gepraat. Hy’t dit vir my gegee!

Cornelia draai na Saar.



CORNELIA

Nou ja, soos jy kan sien ... daar is dinge wat ons nog moet uitwerk tussen ons.

Saar knik. Johanna knip verwoed aan die blomstele. Sy knip ‘n blom raak, die blare fladder grond toe.

INT. GANG - DAG

Op ‘n vertoonkabinet in die gang staan ‘n geraamde foto van Jan. Clara is besig om kerse daarom uit te pak. Sy stap uit, kom terug met nog kerse, pak die hele oppervlak vol. Dan trek sy ‘n vuurhoutjie en begin kerse aansteek. Die vuurhoutjie brand haar. Sy blaas dit dood en tel ‘n brandende kers op. Sy hou die vlam voor haar en kyk deur die vlam na die gang. Sy draai stadig in die rondte terwyl sy aanhou om deur die oranje lig van die vlam na die hele vertrek te kyk. Dan is dit asof sy wakker skrik uit ‘n droom. Sy begin met dié kers die res aansteek, stadig, afgemete.

INT. SITKAMER - DAG

Cornelia, Saar en Johanna kom in die sitkamer ingestap.

CORNELIA

So - dit was die huis. Wat dink jy, is daar ‘n mark vir iets soos dié?

SAAR

Daar is altyd ‘n mark, daar is altyd ‘n koper êrens wat presies net op soek is na dit wat jy verkoop!

CORNELIA

Dis goed om te hoor. Ek is seker die tee is al klaar. Stap saam kombuis toe?

Cornelia en Saar stap uit.

Johanna tel die houtdraak op. Tussen die fyn patroontjies deur lê ‘n fyn lyn waar die stertgedeelte in die lyf vasdraai. Daar is ‘n bietjie fyn wit poeier net langs dié lyn. Johanna voel of die stert mooi aan die lyf vas is. Sy vee die poeier af met ‘n sakdoek en sit die draak terug op die boekrak.

## Die skildery van Abraham Rosenbaum – Marietjie Lambrechts

Agterna kon Helen nie veel onthou van wat presies daardie dag in Jan Rosberg se ateljee gebeur het nie. Miskien net die wit, dooie as op half uitgebrande stompe en die versplinterde gesig wat vanuit sy stukkende raam op die vloer na haar gekyk het.

Van wat vir haar voorgelê het, was sy dié helder Woensdagoggend nog salig onbewus. Sy het besluit om nie soos gewoonlik kuslangs te ry nie, maar sommer kortpad deur die middestad. Langs haar op die





passasiersitplek lê ’n paar splinternuwe swart hofskoene. Uit die aard van haar werk ken sy die gebied rondom Clifton se vier strande goed, maar nie die huis waarheen sy vandag op pad is nie. Van Jan Rosberg se dood het Helen eers onlangs uitgevind. Kuns is nie haar belangstelling nie. Maar, dié man was blykbaar bekend vir sy flambojante leefstyl en uitdagende kunswerke. Glo maaksels vol droë bloed, stukke droë vlees, tande, skelette, spykers en geroeste goeters wat hy orals langs ompaaie, uithoeke van gemeenskappe en vullishope opgetel het. ’n Jong man het Vrydagaand op Annabelle se verjaarsdagpartytjie gesê hy vind nogal aanklank daarby. Hy is besig met sy meestersgraad in post-traumatiese kuns.

Snaaks waar hierdie ding begin het. Net na Aletta Rosberg se oproep Maandag, het sy opgespring om daardie geoliede haan met sy agteroorgekamde swart hare en dik, ronde vingers wat by Annabelle se lessenaar gesit en rook het vas te vat. Sy verdra nie ’n geflikfooi met haar agente tydens kantoorure nie. Dis toe dat sy gehoor het hy is op soek na ’n geskikte ruimte vir sy uitgebreide kunsversameling. Hy wil uit die middestad wegkom, dit is net nie meer veilig nie en buitendien, plaaslike owerhede steur hulle tog lankal nie meer aan sonerings nie.

Die verkeer is min en vinniger as verwag hou sy voor Seaview-straat 77 stil, glip die nuwe skoene met effense moeite aan haar voete en kyk vir oulaas in die kantspieëltjie van haar motor. In hierdie hitte smeer rooi lipstiffie tog so opsigtelik. Voordat Helen aan die voordeur klop, sien sy die versplinterde glaspaneel langs die voordeur. Sy moet tog reël dat dit herstel word. Eerste indrukke is belangrik. Toe niemand oopmaak nie, stoot sy die swaar houtdeur huiwerig oop. “Iemand tuis?” roep sy.

’n Lang vrou met dun, rooi-blonde hare wat soos pennetjies op haar pienk kopvel staan, kom agter ’n stoeppilaar uit, skiet ’n half gerookte sigaret tussen duim en wysvinger met ’n boog oor die rooi geverfde stoep. Haar borriegeel vingers begin vroetel in haar hemp se bosak. Helen staar na die lang, draaiende naels. Die blou sigaretpakkie wat die vrou uit haar hempsak haal, hang soos ’n prooi tussen spinnekoppote. Helen ril effens.

“Hello, hello! En wie het ons hier?” sê die vrou en bekyk vir Helen asof sy op ’n winkelrak uitgestal is. “Jy het potential, darling!” en sy slaan skuinsweg op Helen se boud.

Voordat Helen van die skok herstel, praat ’n stem uit die halfoop deuropening. “Bêre tog die blerrie sigaret, Christina. Moet jy alewig alles bemors?”

Helen draai om. In die deur staan ’n figuur wat haar onmiddellik aan ’n uitroepteken laat dink. Swart geklee van bo tot onder, ’n stywe, grys bollatjie hoog bo-op en presies in die middel van ’n ronde skedel. Helen kyk onseker van die een na die ander. Back to basic’s herinner sy haarself, back to basic’s. Maak nie saak wat dit verg nie. Sy het hierdie kommissie nodig. Die vader weet, dit was ’n slegte jaar vir haar agentskap. Sy probeer glimlag en steek haar regterhand uit na die vrou voor haar. “Helen Labuschagne. Dit is vir my wat u Maandag gebel het.” Toe die uitdrukkinglose granietgesig geen reaksie toon nie voeg sy by: “Ek is die prinsipaal en alleeneienaar van Labuschagne Eiendomme. Eintlik.”

“O, nou ja toe, nè?” Die vrou voor Helen ignoreer haar uitgestrekte hand. “Ek is Aletta, oudste suster van die beroemde,” en sy lig haar ken effens, “van die beroemde kunstenaar, Jan Rosberg. Agter jou, my suster Christina en dan is daar Koba, die jongste. Sy is iewers daar agter in die kombuis doenig. Kom in, sodat ons deur die huis kan stap. Dis al laat in die dag.”

Christina skuur by Aletta verby, “Aag, kom nou, Aletta,” knor sy. “Dis nou nie dat jy iets anders het om te

doen nie. En gaan roep vir Koba, ons almal het 'n belang hier vanmôre." Sy tip sigaretas op haar suster se skouer. "Kom, Helen, ek sal jou wys wat te siene is."

Helen sien hoe Aletta se kop terugruk. Basic's, onthou jou basic's, herinner sy haarself weer 'n keer. Toe stap sy deur die voordeur, verby Aletta, en sê: "Dis altyd makliker om 'n huis te bemark as mens ietsie van die eienaars aan voornemende kopers kan vertel. Julle weet, the human touch, mense hou daarvan. Wie van julle twee wil vir my die een en ander van die familie vertel terwyl ons deur die huis stap?"

"Regtig? Wat wil jy nou eintlik hoor, Helen?" vra Christina. "Hierdie familie het souserige geheime. Daarmee sal jy sommer enige pondok verkoop kry."

"Ek floreer op geheime," sê Helen. "Vertel, ek is nie haastig nie".

Aletta ruk vir Christina aan haar skouer terug. "Christina, nou bly jy stil," snou sy. "Jy weet mos ons praat nie." 'n Grys druppel spoeg hang aan Aletta se onderlip en sonder om dit weg te vee, vervolg sy: "As daar te storie is, dan sal ék storie. Nee my magtig man, wat moet Helen van jou dink?"

Aletta

Wag, laat ek nou vir jou vertel van dié môre wat Helen, dis nou die eiendomsagent, gekom het vir die huis. Heeltyd weer die ding tussen my en Christina. Verdomp, as ek net die suster van my kan stilkry, maar nee, sy kanarie dié môre mos weer op haar hoogste noot. Soos altyd. Ewenwel, die hele ding het begin toe ons voor daai skildery in Ouboeta se ateljee gaan staan. Dis nou ek en Koba en Christina, ons drie susters en dan dié Helen.

Ons was net mooi deur die hele huis of Helen sê sy het gehoor dat Jan se ateljee by sy huis is, maar sy het nog nêrens verfkwaste, of 'n esel gesien nie. Is daar nie enige buitegeboue nie? Koba sê toe dat die plek al lank leegstaan. Buitendien, daar is maande laas skoongemaak.

Ek kon sien Koba probeer keer dat ons daar ingaan. Maar Christina steur haar mos aan geen god of gebod nie. Sy gryp die bos sleutels van Koba se nek af en spring daai buitetrappe drie-drie af tot daar onder waar Jan se ateljee in die rotsbank onder die huis uitgeskiet is. Seker gedink daar is goed weggesteek, of iets. Hoe sal ek tog nou ook weet? Hy het mos net vir Koba daar toegelaat. Ewenwel, ons staan en kyk daar van bo-af hoe Christina sleutel vir sleutel in die deurslot druk tot een draai. Sy stamp toe daai deur só hard oop dat die arme vrou letterlik met die deur in die huis val – op haar hande en knieë is sy daar in. Ek en Helen agterna. Dié probeer vir Christina ophelp, maar toe sien sy daardie skildery bokant die kaggel en los als.

En is die arme Christina toe vol stof! Koba was reg, daar ís lanklaas skoongemaak. Nee my magtig Koba, skrou ek vir haar, gaan haal die besem en kom vee. Dit ruik soos dood hieronder! Ek sê vir haar sy kon darem die vuil borde opgevat het kombuis toe en die lakens in die wasmasjien gegooi het, a nee a, dit is so vol vlekke. Dit skrou ek als vir haar, net daar in Ouboeta se ateljee. Ag, nou dat ek daaraan terugdink. Soos 'n verwilderde mossie het sy versteen daarbo die steil trappe bly staan. Kon nie 'n hand lig nie.

Met die omdraaislag, sien ek Helen staan voor die kaggel en sy tik met haar pen so op haar neus. Sy tik so en sê: Maar ek ken mos hierdie skildery. Waar sou ek dit al gesien het? Op die ingewing van die oomblik sê ek: Vat dit vir jou, Helen. Ja, dit was wat ek gesê het: Vat dit vir jou. Dit was 'n ou grappie, maar man, hak dié Christina vir jou uit! Ek dag eers sy gaan my soos 'n groukat bespring, maar sy bedink haar en sê: Wie dink jy is jy, Aletta? Jy kan nie onse goed sommer so staan en uitdeel nie. Daardie skildery is 'n fortuin werd.

Ek het bang geraak. Skytbang. Iemand is klaar dood in daardie huis en Christina lyk toe glad nie goed nie. So grys in die gesig en bewerig, maar dit kon seker van die val ook gewees het. Dié loop op daardie skildery af, sy kom nie eers agter dat sy teen Helen se skouer vasloop nie, haar oë net vasgenael op daardie prent. Toe sy die skildery van sy spykertjie lig, storm Koba op haar af en skree dat sy die prent moet uitlos. Oom Josef het gesê dis hare. Kyk, haar naam staan agterop. Dit hang net solank in Jan se ateljee omdat hy gesê het daardie linkeroog wat so aan sy draadjie hang, inspireer hom soos geen ander kunswerk nie.
Maar, jy moenie dink dat Christina so maklik opgee nie. Nee, nie daardie merrie nie. Dié storm op Koba af en Koba begin skree net soos die speenvarkie wat ek laas Kersfees hier agter laat uitbloei het.
En dié Helen. Staan net daar en kyk vir die kabaal. Ek probeer na alle kante toe keer, jy weet mos, ek is ’n vredeliewende mens. Toe ek weer sien, toe staan Helen met die prent in haar hande. En sy kyk na daardie prent net soos die mense na Ouboeta se prentjies gekyk het. Hulle weet nie of hulle moet lag of huil nie. Toe gee dié vrou vir Koba en Christina net een kyk, gooi die prent op die vloer neer en swik-swik op haar hoë spykerhakke uit Ouboeta se ateljee. Ek en Christina agterna.

Christina
Tot vandag toe nog, kan ek nie verstaan hoe Helen daardie skildery in die hande gekry het nie. Was dit nou uit my hande of uit Koba s ’n wat sy dit gegryp het? En sy staan daar en kyk vir ou Abraham met so ’n verfrommelde gesig. Met daai gesig het dié girl niks potential nie, niks nie, dink ek nog.
Maar, come to think of it, behalwe nou vir die prent in Helen se hande, kon ek nóg minder verstaan hoe Aletta voor my en Helen op die boonste vlak van Jan se huis uitgekom het. Daar is net een pad soontoe, sover ek weet. Anyway, toe ons daar instap, bied die madam ewe liefies tee aan.  Net daar besluit ek nou het ek genoeg kak van Aletta gevat. Die hele flippen dag nog is sy op my case: Christina, dis nou genoeg, Christina, jy steek ons in die skande, Christina bly tog ’n slag stil, Christina nee, tog net nie weer daardie ou storie van jou nie, Christina dié, Christina daai. Nee my goeie fok, wie dink sy is sy? Mother Therésa her holy self? Heeltemal genoeg vir een dag het ek gehad. Stop tog jou gejammergat, Aletta! Wie de fok dink jy is jy? Ek skree só hard op dié suster van my dat selfs Helen daar voor die venster waar sy op die branders staan en uitkyk, ’n klipharde gil los en boonop nog Jan se vaas uit die Qin-dinastie van sy tafeltjie afstamp. Dié ou potjie is nou nie my styl nie, maar nou ja, flenters is flenters. Dalk kan iemand dit weer aanmekaarlas met ’n goudstafie. Waarom dié Helen nou ook so geskrik het, kon ek tot vandag toe nie uit figure nie. Dis tog my en Aletta se oorlog, nie hare nie. Anyway, uit die kabinet waarin Jan sy wyne hou wat hy jaar vir jaar op die Nederburg-veiling gaan koop het, soek ek vir my ’n rooietjie uit, draai die prop af en vat ’n sluk. Sommer ’n lekker grote. Toe trek ek my longe vol rook, stap op Aletta af en blaas perfekte ronde sirkels reguit in haar gesig in. Ek is nogals goed met dit. Voor haar voete boor ek my halfgerookte sigaret met die voorkant van my skoen diep tussen die patrone van die persiese mat in. Toe begin ek al in die rondte dans, phone in die een hand, wynbottel in die ander. Reg rondom die middelste pilaar gooi ek my lyf. Lekker man, lekker. Toe ek weer so voor ou Letta die Geliefde, verbykom, gryp sy die wynbottel uit my hand en gooi hom met een haal flenters op die teëlvloer. En ek skrik. Vir die eerste maal in my lewe skrik ek my gat af vir Aletta.
God, Christina skree sy op my, moet jy altyd, altyd  jou nimlike self wees? Jy stap hier rond asof jy royalty is, maar laat ek jou vandag reghelp. Jy is die misvat hierrond, jy alleen en niemand anders nie. En toe stamp sy my tussen daardie glasflenters op die vloer in.



Koba

September was nooit viooltjies in die Rosberg-voorhuis nie. Nee. As dit weer tyd word vir Yom Ha-Kippurim, begin oom Josef se groot droefenis weer van vooraf. Dan verander ons huisie in 'n oorlogsone. Aletta en Christina vir dae lank skoonveld. Aand vir aand plak hy 'n bottel brandewyn, goedkoop whiskey, rum of wat hy ook al dié dag in die hande kon kry, met 'n knal op die kombuistafel neer. Die eerste glas begin gewoonlik vlieg as die bottel net so oor die halfpadmerk was. Ander aande weer tref 'n leë bottel eerste die oorkantste muur.

So oor die jare het ek en Jan alles probeer, maar om die een of ander rede kon oom Josef net nie rus en vrede vind nie. Ons het tot die Onsienlike aangeroep. Maar, dit het nie saak gemaak hoé hard of toegewyd ons gevas en gebid het nie. Miskien omdat ons nooit geweet het vir wie ons nou eintlik moet bid nie. Jehova, Jesus of die heilige moeder nie. Almal was ewe ver weg.

Op die "Dag van Versoening" het ek altyd voor die ander opgestaan, die stukke glas wat orals op die kombuisvloer rondgelê het, een vir een opgetel en weggedra. Een jaar, ek kan nie meer onthou watter een dit was nie, het oom Josef langs my op die grond kom kniel, my gesig tussen sy hande vasgevat en lank in my oë gekyk. Toe sê hy: "Koba, dit help nie jy probeer hier opvee nie. Die gemors is hier binne" en hy slaan hard met sy vuis op sy bors. Só hard, dat ek sommer aan die huil gegaan het. "Jy's nou al mooi groot," sê hy en vee met sy groot hande die trane op my gesig weg. "Kom sit hier op my skoot sodat ek vir jou die storie van ons familie kan vertel. Dalk sal jy dan beter verstaan."

Hy het opgekyk na die prent wat daar in die kombuis bo die tafel teen die muur gehang het. Toe vertel hy van 'n groot oorlog jare t'rug. En van daardie man in die skildery wat vir Jan Veth terug in Nederland nog, gevra het om sy gesig te teken. Abraham Rosenbaum. Sy broer en ons pa. Hoe hy wat oom Josef is, een middag weggehardloop het, oordat sy pa en broer doodgeskiet is toe hulle wou keer dat gesuipte Duitse soldate sy ma kaal uittrek. Sommerso daar in die straat. Voor almal. Dronk soldate wat uit hulle mae lag. Sonder om te korrel sommer met een hand skiet. Sy pa, sy ma, sy broer wat plat in die straat bly lê, 'n poel bloed wat al hoe groter onder hulle lywe word. En toe hardloop hy wat oom Josef is. Net weg van die groot starende oë daar op die grond. Rat-tat-tat, rat-tat-tat kap oom Josef al hoe harder met sy hande op die rand van die kombuistafel. En van toe af, sê oom Josef, maak dit nie saak waar hy gaan nie. Orals, altyd, sien hy drie paar omgedopte wit oë.

Na die oorlog het hy sy weghollery probeer goedmaak. Dae lank rondgedwaal in die strate van Sassenheim, maar niemand kon vir hom sê in watter gat sy broer, of pa, of ma toegestoot is nie. Toe het hy maar drie *stolpersteine* gaan inmessel, daar in die straat waar hulle huis voor die oorlog gestaan het. Hy't gedink sy skuld is nou betaal, maar hy het hom lelik misgis. Drie paar omgedopte oë het saamgekom op die skip wat hom en die vier kinders van sy broer na Suid-Afrika gebring het. Daardie oë jaag hom heeldag en heelnag. Daar is vir hom geen rus of duurte nie.

Ons het nog so tussen oom Josef se gerat-tat-tatery deur gesit en kyk vir daardie prent wat daarbo teen die muur aan sy spykertjie gehang het. Iets baie snaaks gebeur toe. Eers het ek gedink dis die lantern se lig wat kol-kol skaduwees oor die portret gooi. Maar nee. Terwyl ons nog so sit en kyk, groei die linkeroog van onse pa daar teen die muur al hoe groter totdat dit stadig uit sy gat plop. Amper soos 'n hoender wat 'n eier lê. En daar swaai die oog aan 'n dun draaitjie oor onse pa se wang. Ek kon nie glo wat ek sien nie en sleep 'n stoel

tot voor die prent sodat ek beter kan sien. Agter my hoor ek hoe val oom Josef se stoel hard op die vloer. Ek moes vinnig eenkant toe spring, of hy het my sweerlik tot binne-in die stoof gestamp. Toe gryp hy die skildery van die muur af.

Saans, as ons by die kombuistafel geëet het, het ek soms opgekyk na die spykertjie wat so eensaam en kaal daar bo in die muur gesit het.

*

Toe Helen dink dat hulle nou min of meer deur die hele huis moet wees, besluit sy om tog te vra oor buitegeboue. Mense vergeet dikwels daarvan en dit verhoog enige eiendom se waarde.

Koba, wat nog die hele môre met 'n bos sleutels om haar nek speel, kyk so om haar rond en sê: "Ja, Jan se ateljee. Dis daar buite, in die rots onder die huis uitgegrawe. Almal weet dit tog."

Christina pyl op Koba af, ruk die band met sleutels hardhandig van haar nek af en spring die trappe twee-twee af, Aletta agterna.

Toe Helen uiteindelik onder kom, lê Christina uitgestrek op die vloer, Aletta verbouereerd eenkant. Helen oorweeg dit om die vrou op te help, maar dan sien sy die skildery. Die skok is so groot dat sy 'n oomblik moet wegkyk, haar gesig in haar hande toegevou. Dit is onmoontlik, dit kan nie wees nie. Stadig vat sy haar hande voor haar oë weg en dwing haarself om weer te kyk. Ja, dit is waar. Dit is presies daar waar sy dit daardie aand ook gesien het. Net voordat Jan die deur vir haar oopgesluit het. Hierdie Jan is ... Sy kan dit nie sê nie. Sy voel hoe wurg die onthou elke greintjie asem uit haar lyf.

Net sy, net sy Heleentjie, het geweet van die naakstudies wat Jan laataand hier geteken het. Sommer so vinnig, houtskool op koerantpapier. As hy klaar was, het hy die tekening in 'n stywe bolletjie opgefrommel en in die kaggel gegooi. Soms het sy van die divan af opgespring, maar hy was altyd vinniger. Dan het hy agter haar kom staan, sy hande oor haar toe nog klein borsies gevou en saam met haar gekyk hoe die papier hoog opvlam en in 'n oogwink 'n hopie wit as word. Keer op keer het sy hom gesmeek om net een keer 'n tekening vir haar te wys, maar hy het botweg geweier. "Moet nou nie weer begin nie, Heleen. Dit bly ons geheim, moet vir niemand, niemand sê nie, hoor?"

Daardie aand het sy esel nie soos gewoonlik voor die kaggel gestaan nie. Dit was half donker binne, onthou sy, net die staanlamp se lig wat 'n dowwe skynsel oor 'n hoop kussings op die mat gegooi het. Eers toe hy opstaan en nog hout op die kaggel gooi, het sy hom raakgesien. Die hout het met 'n knalgeluid opgevlam. "Maak seker daardie buitedeur is gesluit, Heleen. Kom, skop jou skoene uit en kom lê hier teen die kussings. Ek het dit spesiaal só vir ons gepak." Toe het hy sy wynglas van die kaggelrak af opgetel, langs haar kom sit en die knope van haar bloes een vir een begin losknoop. "Maak toe jou oë, Heleentjie, moet aan niks dink nie, voel net, voel net." Toe vleg hy sy vingers deur haar hare en begin haar kop stadig teen die kussings terugdruk. Sy lippe wat saggies vee oor die ronding van haar nek. Met sy vingers het hy haar mond oopgemaak en 'n dun straaltjie wyn tussen haar lippe laat inloop. Stadig, sodat sy dit bietjie vir bietjie kon afsluk. Haar hele lyf het begin bewe en sy kon voel hoe raak haar bene swaar en lam. "Moenie bang wees nie, Heleentjie, dis alles net omdat ek so vreeslik lief is vir jou." Sy hoor haar naam, sy voel sy hande, sy lyf, alles, maar haar oë weier om oop te gaan.

Later, toe sy wakker word, was haar hele lyf seer, die mat kliphard. Voor die kaggel het hy gestaan en sy was net betyds om te sien hoe Jan 'n harde bolletjie papier in die knetterende vlamme gooi. Toe trek hy haar van die vloer af op, draai 'n kombers om haar kaal lyf en sluit die buitedeur van sy ateljee oop.



## Elke skildery vertel 'n storie – Ansja Ferreira

'n Eensame verpleegster, 'n bitsige skooljuffrou en 'n neurotiese naaldwerkster besig om te vergaan in hierdie stowwerige dorpie, dink Cornelia Veth. Sy kyk na die skildery wat haar broer Jan van haar en haar twee susters gemaak het, asof sy vir die eerste keer probeer raaksien wat hy daarin probeer vasvang het. Kleredrag wat 'n mens aan ou, uitgewaste gordyne laat dink en hare styf in bollas vasgesteek op ons koppe. Ons lyk soos waspoppe, sonder 'n sweempie grimering. My oë lyk donkergrys en verdwaas en ek het plooie om my oë en mond. Dit lyk asof daar ragfyn silwergrys draadjies tussen my donkerblonde hare ingespin is. Sy vryf oor haar bolla en besef die grys stukkies laat haar soos 'n uitgewaste vadoek lyk. Op die skildery is haar susters, Clara en Johanna, se oë is albei donkerbruin, amper swart, verwytend en blamerend. Hulle raafswart hare 'n strak kontras met hul ivoorkleurige gesigte.

Cornelia raak bewus daarvan dat haar susters weerskante van haar kom staan het en saam met haar die skildery bestudeer.

"Ons kon net sowel in 'n spieël gekyk het," sê Cornelia. "Ons kort net kappies, dan lyk ons soos drie vroue van die Amiese sekte."

Hulle antwoord haar nie. Cornelia is diep ingedagte. Ons is hier vasgevang soos in 'n blok beton of 'n spinnekop se web, dink sy. Ons moes lankal uit ons ouerhuis gewees het en ons eie gesinne gehad het. Nou is ons enigste broer ook dood. Die enigste een van ons met kunstalent. Hy het my eentonige lewe opgekikker met ure se gesels en Monopoly speel. 'n Glasie wyn saam met my by die kaggelvuur gedrink. Die donker uit my lewe verdryf. Gelukkig was ek daar om hom te verpleeg toe hy siek geword het. Nou moet ek nog vanaand ook hier slaap, saam met hierdie twee. Ek sal maar sorg dat ek by is, wanneer sy goed ingepak en uitgesorteer word.

Clara loer deur die venster. "Hoe laat is dit nou?" vra sy. "Kom daai eiendomsagent nog?"

Niemand antwoord haar nie.

Dit reën mistroostig en die grys wolke hang laag, asof hulle 'n sware las dra waarvoor hulle nie langer kans sien nie.

"Wat sê die koerant, gaan dit more ook reën?" vra Johanna. "Wanneer dit reën, is my rug ekstra seer." Sy vou haar arms asof sy haarself wil beskerm.

"Warm en geen reën, geen rugpyn," sê Clara.

Clara se oë flits, en toe Johanna net stroef na haar kyk, sê sy: "Jy praat ook nooit nie, behalwe wanneer jy kan kla oor iets. Hoekom is jy so stil, het jy jou tong ingesluk?"

Cornelia se oog vang die rooi blokkiespatroon op Clara se baadjie. Sy is die enigste een wat kleur aanhet, dink sy. Hierdie sustertjie van my haal haar frustrasies op ander uit, soos 'n bul wat 'n rooi vlag gesien het.

"Ek kry daardie arme skoolkinders in haar klas jammer," fluister Cornelia vir Johanna, en dan sê sy harder, sodat Clara ook kan hoor: "

"Wat gaan ons met hierdie klomp goed doen?" vra Johanna. Sy beduie na 'n stapel ensiklopedieë en 'n klomp bordspeletjies wat in die woonvertrek staan. "Ons kan dit vir die ouetehuis stuur," beantwoord sy haar eie vraag.

"Ek sal die Monopoly en Ludo vat. Dis spesiaal vir my," sê Cornelia. Cornelia se gedagtes is by haar broer



en susters. Wie het Jan opgepas en geselskap gehou, gevoer, tee en water agter hom aangedra, hom help opstaan toe hy nog kon, hom gewas? Wie het net gesit of in die winkels geboer en als op my afgeskuif? Ek wonder wat in sy testament staan. Cornelia vroetel angstig met haar bolla en kners op haar tande. Haar naels is oneweredig afgekou. Sy klem ’n silwer naelvyltjie in haar hande vas.

Cornelia hoor ’n motordeur toeslaan in die straat en ’n rukkie daarna die voorhekkie wat oopgaan. Sy merk op dat haar susters dit ook gehoor het en hulle loer saam deur die kantgordyne, maar kan nie veel sien nie. Iemand klop aan die deur. Die houtvloer kraak toe Cornelia voordeur toe loop. Haar susters se oë volg haar. Sy draai die deurknop.

’n Man in sy laat twintigs staan voor Cornelia. Haar gedagtes vlieg onmiddellik in honderde rigtings, soos duiwe wat uit die pad vlieg om ’n kar te vermy, want dit is Jan se helderblou oë wat sy voor haar sien. ’n Jonger weergawe van Jan. Soos hy in die fleur van sy lewe gelyk het. Daarby tref ’n parfuumgeur haar, ’n mengsel van leer en amber, suurlemoen, koljander, hout en ’n tikkie roosmaryn. Sy ken daardie geur! Dit is soos ’n emmer yswater in die gesig. Dit is soos gister …

Jan was so siek dat hy skaars kon beweeg. Sy het hom help skeer. Reeds voor hy siek geword het, het sy hom help skeer en daarna altyd sy geliefkoosde naskeermiddel aangevryf. Die geur so goed leer ken. Leer en amber, suurlemoen …

“Juffrou …?”

Cornelia slaan haar hand oor haar keel. Haar gedagtes het skoon op loop gegaan met haar. “Uhm …”

“Is iets fout?” Die man kyk haar bekommerd aan.

“Nee, dis niks nie,” prewel sy en beduie dan dat hy moet inkom.

Die man skuur by haar verby. “Moresê, is ek by die huis van die Veth-susters?” sê hy en draai weer na haar “Ek kom die huis waardeer. Ek is Tristan van Rensburg.”

Cornelia knik. “Kom in,” sê sy. “Ek is Cornelia. My susters wag in die sitkamer.”

Hulle loop deur na die sitkamer, Cornelia steeds in die sleurstroom van sy parfuum. Dit was my en Jan se spesiale oomblikke saam, dink sy. Dis hoekom sy steeds ’n bottel Diesel-parfuum in haar kas hou. Destyds het sy dit gedoen om hom te onthou wanneer hy op sy reise was.

Sy loop byna in die jong man vas! Hy wil nog die susters groet, maar word oorweldig deur ’n niesbui. Johanna wip soos sy skrik vir die niesery. Hy pluk ’n sakdoek uit sy sak.

“Jammer, ek is seker allergies vir iets,” sê hy verleë.

Kan dit die motballetjies of die stof wees? wonder Cornelia. “Dis die reën,” sê sy. “Baie mense word siek wanneer die lug so vogtig is.” Hy kom soos Jan altyd gekom het, dink sy. Hy het my spesiaal laat voel, die alleenheid uit my lewe verdryf.

“Sal jy ooit hierdie huis verkoop kan kry?” sê die stroewe Johanna. “Ons dink dit spook hier.” Sy vryf heeltyd oor haar lae rug en het ’n gefolterde uitdrukking op haar gesig.

Cornelia voel weer die opwinding soos vlinders in haar binneste. Ware liefde kry jy selde.

“Spoke?” roep Clara uit. “Moenie laf wees nie, Johanna. Die vraag is: Wie wil nou in Kroonstad kom bly? Hier gaan niks aan nie”

Bloed keer nie bloed nie, dink Cornelia. So het sy altyd gedink. Hy was meer as ’n broer vir haar. Dis sy wat die lieflike geur aan sy wange … Dis sy wat oorgebuk het om hom te soen.



"Dis wat jy nou sê," brom Johanna. "Jy weet goed …"
"Bog met jou, daar is nie iets soos spoke nie," sê Clara en gluur haar aan. Dan wend sy haar tot die eiendomsagent. "Het jy die huis maklik gekry?"
Dit het daardie dag ook gereën, dink Cornelia. Later gehael. Die dag toe Jan haar weggestoot het. Die hael op die dak. Die reuk van leer en amber en suurlemoen … Hy het haar weggestoot. Die skeermes was in haar hand. Sy keelvel sag en dun onder haar vingers.
"Ja, ek het my GPS gebruik," sê die agent. "Ek waardeer later vandag nog 'n huis in Kroonstad. Ek is jammer oor julle broer. Ek het hom eenkeer in 'n kunsgalery ontmoet. Wat het gebeur?" vra hy.
"Hy het siek geword," sê Clara. Sy sit 'n hand op die agent se arm en kyk oor sy skouer na Cornelia. "Sus, is daar iets fout?"
Cornelia skrik uit haar gedagtes los. "Nee … nee, niks nie," sê sy vinnig en kyk weg.
Clara draai terug na Tristan en hervat haar vertelling: "Die dokters het klomp toetse gedoen, maar die oorsaak van sy dood bly 'n raaisel. Heeltyd naar en siek. Selfs sy hare het begin uitval," sê Clara, en toe haar twee susters nie 'n woord rep nie, sê sy: "Nou sit ons nog ook opgesaal met al die reëlings soos die begrafnis en wat om met sy aardse goed te doen. Cornelia sal dit hanteer, sy het ons ouers se begrafnis gereël."
Cornelia voel hoe die bloed in haar gesig opstoot, en Clara verduidelik vinnig verder toe sy haar suster se ontsteltenis opmerk. "Ons moes kyk hoe Jan wegkwyn, hy kon later nie meer sy skilderkwas vashou of skilder nie. Hy het die laaste week net geslaap, in 'n koma gegaan en nie weer wakker geword nie.
"Iets maak nie sin nie!" roep Johanna uit.
Die agent se kop ruk na haar; die ander twee susters staar haar aan.
Clara kom eerste tot verhaal. "Wat sê jy, Johanna?"
Johanna kyk weg van hulle by die venster uit. "Vertel hom van die skildery in die mat," sê sy.
"O," sê Clara. "O dit …"
Die agent kyk Clara vol afwagting aan. Cornelia kyk af na haar hande wat voor haar inmekaargewring is.
"Wel," begin Clara en trek haar asem diep in. "Jan het ons vertel van 'n siek, hoesende man in 'n Londense kroeg wat hy raakgeloop het tydens een van sy reise … Glo dit of nie, dié ou het 'n opgerolde mat in my broer se hand gedruk, voordat hy beswyk het. 'Doen hiermee wat jy wil,' het hy vir Jan gesê. Jan het hom nie veel daaraan gesteur nie. Hy het gedink die ou is dronk en die mat in sy kamer gelos. Eers 'n paar weke later oopgemaak. Raai wat kry hy toe daarin? Hierdie skildery! Hy het dit huis toe gebring saam met hom."
"Het hy hom dalk met iets aangesteek?" vra die eiendomsagent.
"Niemand weet nie, dis seker moontlik," sê Cornelia.
"Ek sou graag meer wou hoor, maar het 'n afspraak nadat ek by julle was. Toe jy gebel het, het jy gesê julle is haastig om die plek van die hand te sit, nie waar nie?" Die agent praat met Clara. "Kan ek gou deur die huis loop en kyk waarvoor ek dit in die mark kan sit?" vra hy.
Clara se oë blink. "Jan het nie kind of kraai nie. Ons wil maar alles so gou moontlik afhandel as ons kan. Wat klaar is, is klaar. Kom gerus saam," sê sy. Sy loop voor en die agent volg haar. Die ander twee susters volg stilweg agter hulle. Hul voetstappe klik-klik op die houtvloer.
Cornelia glimlag. Voel hy ons oë op hom? wonder sy, en sê dan: "Die hele huis is vol skilderye wat Jan self geskilder het en nie verkoop kon kry nie of nie wou verkoop nie."

Die agent loop  deur die voorportaal en toe hy in die gang kom, steek hy voor ʼn skildery vas. Dit is van ʼn meermin wat op die strand op ʼn rots sit en vir ʼn jong dogtertjie kyk.

“Is dit waarvan julle gepraat het? Dis mos ‘The Land Baby’ deur John Collier, ʼn skildery uit die Romantiek. Dis seker ʼn afdruk, nie waar nie?”

Cornelia knik. “Ek dink so, ja,” sê sy. “Daar gaan nie plek wees om dit te stoor nie, ons sal daarvan ontslae moet raak.”

Tristan lyk teleurgesteld.

“Jy is verkeerd,” sê Clara aan haar ouer suster. “Jan het kort voor hy dood is aan my vertel dat dit ʼn oorspronklike meesterstuk is. Dis in 1899 geskilder en beslis meer as die huis werd. Dit is die skildery wat die siek man vir my broer in die Londense kroeg gegee het.”

Cornelia voel hoe al die bloed uit haar gesig dreineer terwyl sy luister na wat haar jonger suster te sê het.

“Een van Jan se vriende, Eugene de Klerk, ʼn kunskenner en handelaar was ook hier om dit te waardeer. Hy praat van miljoene rande. Twee ander kenners het ook gekyk en stem saam met hom …”

Die agent reageer opgetoë. “Ek het al vir Eugene ontmoet, ook by ʼn kunsuitstalling,” sê hy.

Cornelia kyk met ongeloof hoe Clara ʼn dokument uit haar sak haal. “Jan se testament, geteken met getuies. Opgestel deur die beste prokureur in Kroonstad,” kondig Clara vol bravade aan. “Jan het hierdie goudmyntjie aan my vererf. Ek gaan die skildery laat opveil en vir my ʼn huisie by die see koop,” hoor sy haar suster sê. Clara se oë blink asof sy reeds die geld in die bank het.

Cornelia se gesig word so bleek soos die as van ʼn uitgebrande vuur. Hoe kon hy? dink sy. Hy skuld my. Niemand sien hoe sy ingedagte haar hand per ongeluk stukkend druk met die naelvyl en hoe die fyn bloeddruppeltjies tussen haar vingers afdrup nie. In haar baadjie se sak voel-voel sy aan die vuurhoutjies wat sy daarin gebêre het. Sy klem dit al hoe stywer vas en grawe stil-stil een vuurhoutjie uit met een hand. Sy draai dit om en om in haar hand. Sy voel die growwe tekstuur van die vuurhoutjie se kop en die gladder tekstuur van die steeltjie. Daar is fyn bloeddruppeltjies op die vuurhoutjie.

“Wat is daai?” vra Tristan en beduie na ʼn raam wat onder ʼn goue Indiese pashima uitsteek. Die pashima is gevlek met donkerrooi merke

“ʼn Voorbode,” sê Cornelia met weemoed in haar stem, terwyl sy die pashima versigtig van twee rame afhaal, soos ʼn ma wat ʼn pasgebore baba se kleertjies aantrek. Hulle twee skilderye. Een is van ʼn ouerige man en vrou en een van ʼn jong meisie met ʼn baba in haar arms. Johanna se oë skiet vol trane, Clara frons en Tristan kyk aandagtig na die skildery.

“Jan het dít van my ouers geskilder,” vertel sy aan Tristan. “My pa was mal oor die skildery. My ma het nie daarvan gehou dat Jan skilderye van familielede maak nie. Sy was bygelowig en het geglo dat dit ongeluk oor ons familie sou bring. Ons hou nie daarvan om te praat oor hierdie dinge nie. Maar ek sal jou vertel: Ons was so ʼn hegte gesin, al was my ouers te streng. My pa was Gerradus Huibert en my ma Anna Cornelia. As oudste dogter, is ek na my ma genoem. Sy het altyd gesê ek is die Moeder Theresa van Kroonstad.” Nie mooi genoeg om ʼn man te kry nie, maar goed daarmee om ander te versorg, dink sy. Cornelia vryf ʼn silwer sliert hare wat uit haar bolla losgekom het, uit haar gesig.

“Vertel my meer van jou pa,” sê Tristan. “Hy lyk vir my bekend,” sê hy terwyl hy na die man op die skildery kyk. Gerradus het yl donker hare met grys aan die slape en ʼn dun, netjiese Hitler-snorretjie … In sy mond



klem hy ’n pyp met ’n lang steel vas tussen dun lippe wat sy mond soos ’n mes laat lyk. Hy dra ’n wit hemp, swart pak en blou strikdas. ’n Lang gepunte neus en swart kraai-ogies wat onder ’n ronderaambrilletjie uitloer.
“Watse werk het hy gedoen?” vra Tristan.
“ ’n Juwelier en hy’t later in die politiek betrokke geraak,” antwoord Cornelia. “Hy wou hê Jan moet ook juwelier word,” sê sy. “Jan het geweier. Hy was ’n kunstenaar in hart en siel. Pa het gedink kuns is vir sissies. Maar toe Jan eers begin sukses behaal, het hy orals met hom gespog.”
Die eiendomsagent beduie na ’n skildery van ’n jong meisie met blonde hare wat ’n baba in haar arms vashou. “Van wie is hierdie skildery?” vra hy.
“Dis iemand wat jy nie sal ken nie,” antwoord Cornelia. “Net nog een van Jan se skilderye,” sê sy.
Ek sien ’n jong Jan voor my, dink Cornelia weer terwyl sy na Tristan kyk. Voordat hy bekend geword het … Hulle is ewe lank, oë wat deur jou kyk en meer sien as wat ander mense sien … maer hoekige gesigvorms, eenderse hande en hulle ruik dieselfde …
“Hoe lank verkoop jy al huise?” vra Cornelia.
“Twee jaar. Om die pot aan die kook te hou,” sê Tristan. Hy haal sy skouers op en glimlag verleë. “Ek is ook ’n skilder, maar ek sukkel. Kry nie baie van my skilderye verkoop nie. My aanneemouers is al lankal dood en ek moet vir myself sorg.”
Cornelia kyk weer na sy hande, dis kunstenaarshande, Jan se hande. “Het jy ooit gewonder oor jou biologiese ouers?” vra sy.
“Ja dikwels, omdat ek eensaam grootgeword het, sonder broers of susters. Alleen, sonder familie ...”
“Wat skilder jy?” vra Cornelia.
“Ek probeer alles, maar portrette is my groot liefde,” sê Tristan.
Ek is nie verbaas om dit te hoor nie, dink Cornelia. Ek praat vandag meer as gewoonlik. Wanneer die stilte in my groei en versprei en sy tentakels in my plant, soek ek nie mense om my nie. Sy vryf oor haar grysblonde hare en kyk af na haar maer, benerige hande met onversorgde naels. Ek onthou ’n tyd toe ek ook mooi en jonk was, dink sy. Skaars ’n vyftienjarige meisie wat pienk en blou geblomde rokke gedra het. My oë glinsterend en vol hoop vir my toekoms. Blou linte in my lang blonde lokke. Dit het gelyk soos wanneer die son ‘n sagte skaduwee op die sandsteen in die Oos-Vrystaat gooi en dit in ‘n gloeiende goudkleur verander. Pa was streng, tog het die jongmans kom kuier. Tot dit te vêr gegaan het. Dat ek die seuntjie moes laat aanneem was deel van my “vonnis”.  “Jy het skande oor ons huis gebring,” was Pa se woorde. Met standerd 8 kan jy nie verder gaan leer nie. Net verpleeg. Vuilwerk doen. Ek het verwelk soos ’n plant wat vir maande geen water kry nie. Kanse het verbygegaan. Jan het my getroos, saam met my gehuil, my geheim gedeel.
Cornelia raak bewus van die agent se vraende blik op haar, maak haar uit haar gedagtegang los en gaan dan voort om die merke op die skildery aan hom te verduidelik: “Kort voor my pa siek geword het, het dít op die skildery verskyn. Amper soos regte bloed. Dik, taai en klewerig. Kyk hier waar Jan my pa geskilder het. Die rooi blertse het hier op sy voete, hande, sy en later op sy kop uitgeslaan. Eers net klein kolletjies, skaars sigbaar. Toe begin die druppels al hoe meer deur die doek uitsyfer. Later sulke dik, taai kolle wat nooit droog geword het nie. Jan het gesê die Scarlet Lake-pigment is van ’n swak gehalte en sweet wanneer dit so warm word. My pa het aangehou dat die skildery uit hul huis gevat moes word. Hy was vas oortuig dit





is 'n voorbode. Toe daar ook nog 'n uil op hulle dak kom sit het … Die hoe-hoe-hoe op die dak en die groot oë wat na hul gegluur het nes 'n mens s'n, het hulle senuwees klaar gemaak. Eintlik ons almal s'n. Die ou mense het geglo dat wanneer 'n uil op jou dak of naby jou huis kom sit, iemand gaan sterf. Iets of iemand. 'n Mens of dalk die liefde. Jan het belowe om die skildery te gaan verbrand, maar hy het dit by sy huis kom bêre. Hy wou later oor hierdie merke verf en die skildery vir my pa terugneem. My pa se gesondheid het vinnig begin agteruit gaan. Na sy dood het my ma haarself doodgetreur … Nou is ons alleen op hierdie aarde. Weeskinders," sê Cornelia terwyl sy diep sug en die skildery weer toegooi met die pashima. "Kyk hoe lyk my hande nou", sê Cornelia, terwyl sy na die rooi verfvlekke kyk. "Ek hoop nie jy is bygelowig nie," sê sy vir Tristan.

Hy skud net sy kop. Ek sal na julle toe terugkom met 'n beraming van die prys van die huis. Ek het jul selfoonnommers. Dankie vir jul tyd," sê hy.
"Verskoon my," sê Johanna en loop badkamer toe. Daar slaan sy die deur toe.
Cornelia en Clara groet Tristan en maak die deur agter hom toe.
Cornelia se gedagtes is vol vrae. Waarom het hy my so aan Jan laat dink? Waarom voel hierdie huis ewe skielik vir my soos 'n donker grot vol geheime. Miskien het ons hom laat dink aan vlermuise? Wat snags in vampiere verander. Ek geniet speletjies, dink Cornelia en glimlag wrang. Dit keer dat die donker in my die oorhand kry.
Clara skud net haar kop. "Wat lap jy ons hele familiegeskiedenis aan die man uit? Dit het niks met hom te doen nie", sê sy vies.
By die spieël in die gang sien Cornelia die oë wat vir haar terugkyk lyk hoegenaamd nie sag, soos op die portret nie, maar kil, berekend en koud. Soos dié van 'n witdoodhaai wat om sy prooi sirkel en geduldig sy beurt afwag vir die regte oomblik om dit te verslind. Ons almal het twee kante. Een wat die wêreld sien en een wat net jy sien. Twee kante van dieselfde muntstuk, dink sy.
"Ons gaan moeg wees vanaand na al die inpakkery en uitsorteerdery," sê Cornelia vir haar jongste suster, terwyl sy voel of die vuurhoutjies nog in haar baadjiesak is. "Ons moet maar vroeg inkruip."
Clara antwoord haar nie.
"Met hierdie weer slaan die krag maklik uit. Ek kyk gou of daar nog genoeg paraffien in die kas is," sê Cornelia. "Vrek, hierdie bottel se prop was nie mooi op nie, kyk nou hoe mors ek op my rok en skoene." Die skerpsoet, dieselagtige reuk van die paraffien slaan haar asem weg.
Sy staar deur die venster. Dit het ophou reën, maar die wolke lê laag en donker. Sy voel hoe sy verdrink in 'n swart see van wanhoop.
Sy haal die botteltjie deurskynende kristalle uit haar baadjie se sak en versteek dit agter in die rak met die porseleinkoppies-en pierings. Hulle almal sal boet, nes Jan, dink sy.
Uit die hoek van haar oog sien sy iets donkers. Dit voel asof iemand vir haar kyk. Verbeel sy haar of ruik sy een van Jan se sigare?
Daar staan hy in die gang. Sy voete is wasig en deurskynend. Hy is dan veronderstel om dood te wees! Daar staan hy en staar beskuldigend na haar: "Jy!" sê sy glurende oë vir haar. Hy beduie met sy vinger na haar. Sy wil omdraai, weghardloop, maar dan word sy figuur al hoe wasiger totdat Cornelia hom nie meer kan sien



nie. Kan dit wees? Was dit rêrig hy? Sy voel steeds sy oë op haar. Sy smagtende oë soos toe hy ...

"Voel jy nog so benoud, Boetie? Hier is tee, die stoom sal jou bors laat oopgaan. Jy kort vars lug. Jy is nou te lank siek."

"Jy weet ek haat soet tee, Sus. Ek kry nie asem nie, nou bring jy hierdie slegte tee vir my." Jan se stem is skaars hoorbaar. Donker kringe om sy oë.

"Drink hierdie tee, boetie. Die bietjie suiker sal jou beter laat voel."

"Hierdie goed proe soos suikerpilletjies, nie regte suiker nie. Bitter. Jy weet ek kan dit nie vat nie." Hy stamp die porseleinkoppie met tee om. Die donker vloeistof loop soos trane teen die skinkbord af. "Wat is hierdie goed onder in die koppie? Is die ketel vuil?"

"Wil jy eerder sop hê? Daar is 'n pot hoendersop op die stoof, amper reg om te eet, ek moet nog net die groente bygooi."

"Bring maar die sop. Beter as niks," prewel Jan terwyl sy bors roggel.

Die botteltjie deurskynende kristalle hang swaar in haar sak.

Jan hoes en snak na sy asem. Hy word blou in sy gesig. "Help my! Bring my suurstof."

Sy kyk net vir hom. Sy doen nie wat hy vra nie. "Jy het my nie gehelp nie. Jy kon gekeer het dat hulle die kind wegvat," sê sy.

'n Enkele traan loop by Jan se wang af.

Sal sy die kussing by haar hou? Net vir ingeval? Maar daardie geluid! Sy het die voordeur oopgelos.

Sy laat val die kussing en loop vinnig uit. Dis Clara. Sy storm blitsvinnig en soldaatregop van die voordeur na die kombuis, soos 'n skooljuffrou wat met 'n lat in haar hand in haar klas instap, gereed om 'n klomp stout kinders reg te sien. "Ons het vroeg klaargekry by die tennis vandag en ek het gedink ek kom bak vir Jan rosyntjiebrood, ek het deeg saamgebring. Dit net gou in die broodpanne sit, dan gaan groet ek vir Jan," sê haar kleinsus. Met haar spierwit tennisklere en haar hande op haar heupe, sê sy: "Hierdie broodpanne is vol stof." Sy frons en trek haar neus op asof die broodpanne vuil skottelgoed is wat 'n week lank nie gewas is nie. Sy skrop dit heftig met skottelgoedseep en louwarm water. Twee keer na mekaar. "Aahhhh. Waar gaan ek 'n skoon vadoek kry in hierdie hool?" Sy was haar hande twee keer nadat sy daaraan geraak het.

Cornelia antwoord haar nie, haal net haar skouers op, terwyl sy die sop wat sy besig was om te kook met 'n houtlepel roer.

"Het Jan dan nooit sy huis skoongemaak nie? Help jy hom dan nie?" vra Clara? "Jy het dan jou werk opgegee om hom op te pas," sê Clara.

Sy laat Cornelia dink aan 'n klein, hiperaktiewe foksterrierhondjie wat aanhou kef en wil-wil aan iemand se hakskene byt. Cornelia antwoord haar steeds nie en vee met die vuil vadoek oor haar hemp waar sop op haar gespat het. Sy draai weer haar rug na Clara.

Clara vee die panne droog met kombuispapier, wat sy in 'n kas opgespoor het. Sy loer heeltyd oor Cornelia se skouer, waar sy besig is om aartappels en wortels te kerf vir die hoendersop wat sy besig is om te kook. Sy leun terug met haar hande agter haar rug en sê vir haar ouer suster: "Jy moet die blokkies kleiner sny. En pasop die sop gaan aanbrand. Is die plaat nie te warm nie?"

Cornelia voel hoe haar gesig rooi word.

Clara smeer die panne sorgvuldig met botter. Pynlik netjies en afgerond asof sy die laaste fyn detail van 'n

skildery verf. Sy neem die brooddeeg in die pan en knie dit tot twee perfek gevormde balle. Sy skud haar kop. Druk die twee balle weer teen mekaar. Begin van voor af. Maak weer twee balle. “So ja, dis beter,” sê sy. Sy druk dit in die panne en smeer ’n laag olyfolie bo-op. “Perfek,” sê sy. “Nou moet dit net rys. Hierdie kombuis is nie skoon nie. Ek sal hierdie rakke afspons met verdunde bleikmiddel,” sê Clara vir haarself.

Met haar rug op haar suster gedraai, gooi Cornelia die aartappel- en wortelblokkies in die sop. Cornelia voel hoe die vuur binne haar al hoe warmer brand. Soos ’n draak wat enige oomblik kan wakker word en op alles en almal wat sy pad kruis met vuur en swael blaas en hulle verswelg. Haar oë is vandag vaal en lyk soos die van ’n aasvoël. ’n Wrede, opportunistiese kreatuur wat op dood en verval teer.

“Wat het jy in daai sop, dit lyk soos ’n heksebrousel? Wanneer doen jy iets aan jou hare, jy word nou lekker grys?” vra Clara vir haar ouer suster.

Terwyl sy kyk hoe die sop borrel, bal Cornelia haar vuiste en draai haar ken vorentoe. Haar spiere verstyf. Sy hou die groentemes in haar hand. Nog een woord en dan … dink sy.

Cornelia stap stadig na Jan se kamer om die skinkbord te gaan haal wat nog al die tyd daar staan. Hy slaap, maar sy bors roggel steeds. Cornelia tel die skinkbord op en stap terug kombuis toe.

Clara trippel in die gang af om Jan te kom groet. Die twee susters loop in mekaar vas. Die skinkbord, teekoppies en pierings val en albei susters slaan op die grond neer. Die bruin tee loop soos trane teen die muur af waar dit met die valslag gespat het en die botteltjie kristalle wat uit Cornelia se sak geval het, lê op die grond. “Kan jy kyk waar jy loop nie?” skreeu Clara vies aan haar suster.

As jy nie so vinnig geloop het nie, sou dit nie gebeur het nie, dink Cornelia, maar rep nie ’n woord nie. Jou tyd sal kom, jy kon my gehelp het toe dit nodig was, sê die kyk in Cornelia se oë vir Clara.

“Wat is daai?” vra Clara en beduie na die botteltjie kristalle

“Jan se vitamiene,“ antwoord Cornelia haar jonger suster die eerste keer vir die dag.

“Laat ek sien!” gil Clara. Sy probeer opstaan, maar sak ineen met haar hande oor haar gesig gevou. “Eina, ek kan nie staan nie, ek het my enkel seergemaak, “ sê sy. “Help my,”

Cornelia staan op en voel hoe haar spiere verstyf. Sy bal haar vuiste en verslap hulle weer. Sy troon oor haar jonger suster soos ’n aasvoël wat na ’n klein beseerde diertjie gluur en vir ’n oomblik huiwer voordat hy met sy feesmaal begin. “Kom ek kyk,” sê Cornelia, met ’n stem so soet soos stroop. “Lyk of dit verstuit is, jy sal ’n paar dae van jou been af moet bly,” sê sy vir haar jonger suster. Sy tel die botteltjie kristalle op en sit dit terug in haar baadjiesak.

Dit was kort voor Jan se dood, onthou Cornelia. Sy draai weg van die rak waar sy die botteltjie versteek het. Ook in die dood het hy my verraai, dink sy. Sy staar deur die venster. Die wolke lê laag en donker. Apokalipties en onheilspellend. Swaar, grys, met ’n sweempie oranje-geel. ’n Onuitgewoede vulkaniese berglandskap. Die stilte voor die uitbarsting. Onuitgeblus. Sy voel hoe die donkerte haar oorval. Dit is tyd om lig te maak, dink sy, terwyl sy die boksie vuurhoutjies uit haar sak haal. Sy maak haar bolla los en skud haar kop sodat haar hare in silwerblonde golwe op haar skouers lê. Dit is die ys in my hart wat my hierdie vuur laat aansteek, dink sy terwyl sy die vuurhoutjie trek en laat val. Vuur is die mooiste, pragtigste wapen van almal. Alles wat jy liefhet, kan binne minute weg wees. So warm, so mooi, so verwelkomend. Alles wat ek liefhet, is reeds weg. Die gloeiende kole spring, dans en lek aan Cornelia se rok. Vir ’n oomblik lyk sy soos ’n sigeunerin met ’n rok wat draai en swaai in kleure van oranje, rooi en goud. Die vulkaan het uitgebars in al sy glorie.



Drie harde kloppe weergalm deur die hotelkamer waar Tristan tuisgaan. In die sluimerwêreld tussen wakker en slaap, verdwaal hy vir ’n sekonde tussen die werklikheid en ’n nagmerrie van skilderye, uile, vlamme en vlermuisagtige Veth-susters. Sy kop voel of dit wil bars. Wie de hel kan dit nou wees? Hy besef te laat dat hy nie sy bril op het nie, terwyl hy in sy pajamabroek en sonder ’n hemp na die deur strompel. Hy loer deur die blinders, maar al wat hy kan uitmaak, is blougrys skaduwees soos twee uile wat verdoemend voor die deur staan.

Hy maak die deur oop en voel soos ’n haas wat verblind is deur ’n vierwielvoertuig se kopligte. Sy oë neem ’n rukkie om aan te pas en die skaduwees vind vorm. Dit is twee polisiebeamptes.  Die een polisiebeampte mompel in ’n diep stem: “Meneer, ons wil u graag spreek in verband ...”

Hy slaan die deur toe “Net ’n oomblik,” roep hy. Met bewerige hande sit hy sy bril op en pluk ’n hemp oor sy lyf. Hy trek sy asem diep in en maak die deur oop. Hy loer na die naamplaatjies: Naidoo en Eberson. Naidoo is ’n volle kop langer as Tristan, met ’n kaalkop en ’n dik, blink swart snor. Sy postuur is lomp en geboë, soos dié van ’n lamppaal, die gevolg van heeldag met mense korter as hy gesels. Hy is die vriendeliker een van die twee.

Eberson is net so lank soos Tristan en is stokkiesmaer en kiertsregop. Sy hare is grys en sy uniform pryk met epoulette en medaljes. Hy lyk moeg en het sakke onder sy geelbruin oë wat hy agter koeëlronde brilglase wegsteek. Tristan kan hulle soos kole vuur op hom voel brand en sien hoe hy frons terwyl hy na die leë wynbottels en glase in die kamer kyk.

Tristan knik. “Kom in,” sê hy.

Dit voel vir hom asof sy piepklein hotelkamertjie se mure nader aan mekaar beweeg en die plafon besig is om te sak. Hy voel of hy kan weghardloop, maar die twee polisiemanne staan voor die deur se uitgang.

“Is daar iets fout?” vra hy, terwyl hy sy gewig van die een been na die ander verskuif.

Eberson gluur Tristan van onder sy uilagtige wenkbroue en ronde bril aan. “’n Huis het afgebrand. Barnardstraat 24, drie mense is dood,” sê hy.  Jou voertuig is voor die huis gesien, gisteroggend en gisteraand,” gaan hy voort met ’n stem wat soos donderweer deur Tristan se hele wese eggo. Daar is hoendervleis op Tristan se arms.

“Kan jy vir ons vertel wat jy daar gedoen het,” vra Eberson met gevoude arms.

Tristan vryf sy hande deur sy deurmekaar hare en kyk verby Eberson terwyl hy antwoord. “My werk. Ek het gisteroggend ’n waardasie daar gaan doen,” sê hy met ’n bewerige stem.

Eberson draai sy kop effens en Tristan kan sien hoe sy oë vernou.

Tristan voel hoe die sweetdruppels teen sy rug afloop terwyl hy verder probeer verduidelik: “Ek het ’n sms gekry dat ek tienuur gisteraand soontoe moes kom. My kliënte het goed uitgesorteer en wou iets vir my gee.

“Wat?” snou Eberson.

Tristan vou sy arms. “’n Skildery,” antwoord hy.

Eberson tree vorentoe en pers sy lippe op mekaar.

Tristan kyk af toe hy die polisieman se leerstewels op die hotelkamer se mat hoor kraak. Hy voel soos ’n tuinslak wat enige oomblik platgetrap kan word.

Eberson punt sy wysvinger na Tristan, maar nie hy of Naidoo rep ’n woord nie.

Tristan voel hoe die sweetdruppels by sy slape afloop. “Ek gaan nie enigiets verder sê voordat ek nie met my

prokureur gepraat het nie," sê Tristan, sy oë soekend na sy selfoon op die bedkassie.
"Gee my die besonderhede van jou prokureur," sê Eberson. Ons sal kontak maak. "Kom asseblief moreoggend na die polisiestasie toe," sê hy.
Tristan soek 'n stukkie papier om op te skryf, maar al wat hy by hom het, is die geboortesertifikaat. Hy tel dit op, lees weer die naam wat op sy geboortesertifikaat staan. *Jan Veth (Jnr).* staan daar in swart blokkiesletters op die geboortesertifikaat. Hy skeur 'n klein stukkie van die sertifikaat waarop nie getik is nie af en krabbel sy prokureur se naam en nommer daarop neer: "Hier is dit," sê hy.
Dis jammer dat ek haar nooit kon vertel nie, dink hy terwyl hy die deur agter die twee polisiebeamptes toemaak. Die wegholvlamme het haar onkant gevang. Haar rok was aan die brand. My ma se oë was 'n leë put, al verby die punt van wanhoop om liefgehê te word. Sy het vergaan in hierdie dorpie, dink hy terwyl hy met sy fyn kunstenaarshande die selfoonnommer van sy prokureur op sy foon soek.
Uit die hoek van sy oog sien hy 'n wasige figuur langs die bedkassie. Ek kan deur haar sien, dink hy en sak plat op die grond neer. Hy gooi die selfoon neer en vou sy hande oor sy mond.
Ek hét geweet, sê haar oë vir hom.
Die skril weeklaag van sy selfoon sny deur die stilte. Hy spring op. "Tristan hier," antwoord hy.
"Ja, Eugene, ek het dit, ons is ryk," antwoord hy. Hy kyk met Jan se blou oë na die skildery van 'n meermin en klein dogtertjie, wat agter die bedkassie uitsteek.

## Nalatenskap – Pieter Stofberg

I

*Waarin Eijkman spanning tussen die susters optel en agterkom dat Cornelia iets verskrikliks beplan*

"Ek het oor die dood gedroom," sê een van die susters.
Die eiendomsagent, wat sonder seremonie uit die trietsige reën ingestorm het en nog besig is om sy nat reënjas uit te trek, frons verbaas en kyk dan weg om hom te distansieer van die gesprek tussen die drie susters. Glimlag by homself dat hy instinktief daarop wou reageer.
"Dit is nie 'n grap nie," sê die suster wat oor die dood gepraat het. "Daar is vir my niks snaaks aan die dood nie."
"Ek is jammer, Mevrou. Ek het niks onrespekvol bedoel nie."
"*Juffrou*. Mejuffrou Cornelia Veth." Sy gebruik haar nooiensvan – wat vir ander vrouens van haar ouderdom 'n wond kan wees – met sigbare trots.
Dit sou die aangewese oomblik wees om formeel te groet, homself amptelik aan die drie vrouens voor te stel, maar die onvriendelikheid van die vrou se stem weerhou hom. Hy weet trouens nie of sy sy hand sal neem nie en die oomblik gaan verby.
'n Staanhorlosie tik die stilte af: agt, nege tien sekondes, voordat die eindomsagent swig: "Frederik Eijkman. Julle prokureur het gevra dat ek na die huis kom kyk." Hy lig sy regterskouer en daarmee sy hand as subtiele aanduiding van sy gewilligheid om ook só te groet. Niemand reageer nie en daarmee gaan dié oomblik ook verby.



"Ons het jou verwag," sê die tweede vrou en haar stem bring 'n ligter toon na die vertrek. "Ek is Johanna en dit is ons jong sussie, Anna Clara, ons noem haar Clara. Ook mejuffrou, albei van ons, maar los asseblief die formaliteit." Daar kom 'n blos oor haar rosige gesig.

"Kan ek vertel van my droom?" vra Cornelia Veth weer.

"Dit is kwalik die gepaste tyd daarvoor, Cornelia," protesteer Johanna met 'n swaai van haar hand. "Ons het nou 'n gas."

"Nee, regtig," sê Eijkman outomaties, al het die storie natuurlik niks met hom uit te waai nie. "As mejuffrou Veth dit wil vertel ..."

"Ek dink regtig nie dis nou  ..." sê Johanna weer, maar Cornelia val haar in die rede:

"Ek wil dit graag vertel."

"Hoekom nou? Meneer Eijkman is tog nou hier sodat ons die huis kan verkoop. Jou droom is nie nou ter sake nie."

"Dit is. Juis nou!" Cornelia pers haar lippe saam, haar mond 'n dun reguit lyn in haar skraal gesig.

Ietwat oorweldig, kyk Eijkman om die beurt na die drie susters. Sy blik rus die langste op die jongste in die hoop dat sy met 'n beslissende stem die skielike spanning sal oplos, maar Clara sê niks, al is haar gesig oop en ontvanklik. Waar haar steun lê, kan hy nie sê nie.

Hy maak keelskoon. "Ek sal deur die huis moet stap. Om dit te kan waardeer."

"Sal ons darem 'n goeie prys kry, meneer Eijkman?" vra Johanna. "U eerste indrukke?"

"Die studio is mooi geleë in die rooibaksteengebou met sy wit gepleisterde rame om die vensters, die akkerbome hier voor die gebou in Keizersgracht is skilderagtig en die uitsig oor Eerste Bloemdwarsstraat ... Wat kan ek sê? Klassieke Amsterdam. In 'n buurt waar dit nie gou waarde sal verloor nie. 'n Uitstekende belegging vir enigeen."

"Kom ons stap deur die huis," sê die middelsuster, "dat u kan sien wat te siene is." Sy draai om en lei die stadige prosessie wat eers by elke skildery stilstaan. Die ander twee susters sê niks; Cornelia het oënskynlik afgesien van die droom wat sy wil vertel en die jongste, Anna Clara, moet nog toetree tot die gesprek.

"Daar is natuurlik nie so baie van sy werke in die huis nie. As portretskilder, was dit meestal opdragwerke." Johanna forseer 'n laggie. "Die positiewe daarvan, is dat hy nooit soos van die ander skilders gesukkel het om sy werk te verkoop nie."

"'n Groot voordeel," beaam Eijkman. "Dit gaan swaar. Sedert die oorlog het niemand geld nie." Daarmee, dink hy, sê hy ook te veel oor homself.

"Hierdie een," sê Johanna en kom tot stilstand voor 'n halfprofielskets van 'n man met wakker oë, 'n skerp, sterk ken en 'n welige snor. "Willem Johannes Leyds," kondig sy aan, "Staatsekretaris van die Zuid-Afrikaanse Republiek. 'n Werk wat Jan gedoen het. Internasionaal!"

"Dit is goed," sê die eiendomsagent.

"Nie sy gunsteling medium nie."  Johanna vat aan haar wang. "Jan het verkies om met olieverf te werk."

Eijkman knik. "Ek het sy skildery van Albert Verwey in die Rijksmuseum gesien. Merkwaardig. Met die ontwikkeling van fotografie was die vrees dat dit die skilderkuns, en veral portretstudies, sou dooddruk. Maar dit is juis kunstenaars soos julle broer wat bewys het dat die kunste –  wat ook iets akkuraat kan weergee, net so goed soos 'n foto – dit kan regkry om meer as dit te demonstreer: innerlike krag,  weerbaarheid, iets





van menswees self wat ‘n foto nie kan doen nie.”

“Jy doen dit ook, meneer Eijkman. Kyk hoe toor jy met woorde.”

Die eiendomsagent glimlag verleë en hoop dat hy nie bloos nie. “Juis nie. As ek ‘n kunstenaar was, het ek nie sulke volsinne nodig gehad nie. Ek bedoel maar net, neem byvoorbeeld die skildery van Albert Verwey ... Ek het al foto’s van Verwey gesien, ons almal weet hoe hy lyk, ons ken sy gedigte en als, maar nêrens, in geen foto, sien jy die karakter, die diepte van persoonlikheid, die intellek van die man soos in daardie skildery nie ...“

Johanna blom: “Een van my gunstelinge! Jan het dit al in 1885 geskilder, weet jy? Dit is veertig jaar terug, dieselfde jaar wat die Rijksmuseum geopen het.”

“Wat ‘n nalatenskap.” Eijkman skud sy kop. “Sy dood is ‘n verlies.”

“Vir ons, ja. Dit is óns wat hom gaan mis ...” Dié keer is dit Cornelia, maar sy kyk na die middelsuster, asof sy dit vir háár sê.

Onwillekeurig kyk Eijkman weer na Clara vir haar reaksie en is effens verbaas dat sy reeds vir hom kyk. Die ontmoeting van hulle oë betrap hom onkant, soos wanneer jy in die verbystap omdraai om wéér na ‘n mooi vrou te kyk en uitgevang word. Die jongste suster glimlag en hy word bewus dat sy gesig gloei.

“Is jy getroud, meneer Eijkman?” Miskien het die mollige middelsuster sy ongemak raakgesien.

“Nee, nog nie.”

“Maar steeds hoopvol!” Johanna se ronde wange dril van die lag en die eiendomsagent krimp ineen. Cornelia se oë flits oor hom, intens, maar net vir ’n oomblik, soos ‘n soeklig wat iets belig en huiwer en dan verder swaai. Eijkman wag tevergeefs dat Clara vir die eerste keer aan die woord kom, miskien vir hom in die bresse tree.

“Kan ek nóu maar my droom vertel?” vra Cornelia nog ‘n keer.

“Natuurlik,” antwoord Eijkman, dankbaar dat die onderwerp verander. “Gaan asseblief voort.”

“Ek het gedroom dat Jan uit die dood na my toe kom. Ek was ook dood, ons was al twee dood, soos drome maar is, ek weet nie hoe dit moontlik is nie. Hy het vir my een van sy skilderye gewys, dit was belangrik vir hom.” Cornelia word stil en Eijkman kom agter dit nie net ‘n dramatiese pouse is nie; sy wag vir aanmoediging om die res van die droom te vertel. Terwyl die stilte draal en niemand haar aanpor nie, word haar gesig beniger, haar lippe nóg dunner, haar mond later net ‘n sny.

Na ‘n paar sekondes gaan Johanna aan met haar begeleidingstoer: “Hierdie is Jan se skildery van ons drie.” Haar lippe, al is dit voller as die oudste suster s’n, is ook bleek opmekaar gepers. Om die oomblik weer van Cornelia weg te steel, was miskien nie so moeiteloos as wat sy dit wou laat lyk het nie.

Johanna is vierkantig voor die skildery geplant en bestudeer dit intens. Dit is ‘n donker werk. Die susters, al is hulle seker veertig jaar jonger, is ongenadig en sonder empatie uitgebeeld; harder as ‘n foto, so asof selfs die natuurlike grimering van die skepping hulle ontneem is. Die onsimpatieke strakheid, die wrede eensaamheid daarin, maak hom verleë. Die onregverdigheid daarvan, want, behalwe vir Cornelia wat haar beelding in oliverf klaarblyklik soos ‘n masker aangetrek en gekoester het, is die ander twee susters sagter in die vlees. Weereens kyk die eiendomsagent desperaat na Anna Clara om tussenbeide te tree, weereens bly sy stil.

Dié keer kyk sy nie na hom nie, maar saam met Johanna na die skildery teen die muur. Dan hét sy Johanna



se kant gekies, wil sy ook nie verder na Cornelia se droom luister nie. Eijkman hou sy asem op en blaas dit eers versigtig uit toe hy sien dat die oudste suster bes gegee het, nie aandring om haar verhaal klaar te vertel nie. Sy staan met haar rug teen die muur en staar na die patroontjies teen die plafon.

Eijkman besef dat daar van hom verwag word om iets te sê. “Hierdie werk,” sê hy met ‘n ingehoue sug, “sal eendag baie werd wees.” Hy kan nie aan iets anders dink wat vleiend is nie.

“Dit is meer werd as hierdie huis!” ‘n Druppel van Johanna se spoeg plak teen die skildery se raam.

Cornelia snork. “My broer het hier gewerk, in hierdie huis geleef. En jy wil dit verkoop, ander mense hier laat bly, vir geld! Dit is al waaraan julle dink! Dit sal nie gebeur nie!”

Eijkman lig sy hand, maar die twee susters sien dit nie eens raak nie.

“Dit sal!”

“Nie as dit van my afhang nie.”

“En hoe gaan jy dit keer, Cornelia? Dit is klaar besluit.”

“Ons sal sien.”

Die twee vrouens gluur na mekaar en dan na die eiendomsagent; Cornelia sekerlik verwytend omdat hy die huis gaan verkoop en miskien verwag Johanna dat hy haar kant sal kies.

Hy kyk weg, soek weer as laaste uitweg die jongste dogter se steun. “Wat sê jy, Clara?”

“Sy praat nie,” sê Johanna emosieloos. “ Sy is doof.”

Eijkman vroetel sy pyp uit sy baadjiesak, prop dit in sy mond en trek ‘n vuurhoutjie met ‘n sterk polsswaai aan die brand. Eers toe Cornelia haar asem skerp intrek, word hy van homself bewus en staan met die brandende vuurhoutjie in sy hand. Die oudste suster staar intens na die vlam en hy blaas dit dood.

“Jammer ...”  Hy skud sy kop. “Ek het nou glad nie gedink dat u dalk sal omgee nie.”

“Natuurlik gee ons nie om nie.” Johanna se lippe is weer vol en  rosig. “Rook gerus. Dit sal ons aan Jan laat dink.”

Eijkman het dit nodig, maar kyk eers na Clara en toe sy niks wys nie, na Cornelia; dit was sy wat haar asem ingetrek het.

“Hoe kan dit?” sê sy  smalend. “Jan het tog jare laas gerook.” Tot sy verbasing  knik sy vir hom om voort te gaan en trek sy haar skouers argeloos op.

Eijkman trek nog ‘n vuurhoutjie versigtig en bring dit tot by die gestopte pyp. Toe die vlam buig om die tabak aan die brand te steek, hou hy bo-oor sy hand vir Cornelia dop wat intens kyk na die eenvoudige proses waarmee hy besig is

Met een oog toegeknyp, verdwyn Cornelia agter die vlam toe dit opstaan. Hy suig aan die pyp en toe hy haar weer kan sien, kyk sy steeds na hom.

Nadat hy tevrede is dat die twak brand, beweeg hy die brandende vuurhoutjie stadig kant toe en voltooi die beweging totdat sy arm reguit en horisontaal langs sy lyf is, die vuurhoutjie soos ‘n fakkel in sy hand. Hy volg die beweging van Cornelia se blik gefassineerd tot by die flikkerende vlam.

Die vuurhoutjie brand hom en hy laat dit val. Dan word hy bewus dat hy moet asemhaal en die eerste teug borrel uit in ‘n dik bol rook wat sy blik op Cornelia weer versper. Toe sy deur die newels van rook sigbaar word, sien hy dat haar mondhoeke boontoe krul. Haar gesig is vir die eerste keer vol emosie,  asof ‘n briljante gedagte haar in hierdie uur van onvergenoegdheid bevry het.

In die oomblik tussen vuur en rook en die gloed van rooiwarm kole loop ‘n rilling soos lawa teen sy rugraat af.





II

*Hoe Eijkman nie langer die versmorende hitte in die huis kan uitstaan nie*
*en Clara se toestand hom laat nadink oor iets wat lank gelede gebeur het,*
*wat uiteindelik tot ‘n belangrike besluit lei*

Met wilskrag onttrek Eikman sy blik van Cornelia se gesig. Neem ‘n diep asemteug, asof die opsteek van die pyp hom asemloos gelaat het. Hy kyk deur die vertrek en sien baie daarvan vir die eerste keer: ‘n klein stofie wat brand in die hoek, ‘n handvol skilderye teen die mure, netjies aan die portretlys gehang, almal op dieselfde hoogte. Die vensters, daar is drie van hulle met houtrame in klein vierkante, dun kantgordyntjies wat die lig sif. Die houtplafon, verdonker deur ouderdom.

“Ek moet ‘n venster oopmaak!” Eijkman storm vorentoe en gooi die middelste venster wyd oop.

“In hierdie weer, meneer Eijkman?” Johanna klik haar tong en stap agter hom aan om die venster toe te maak. In stede van verduideliking of apologie vir haar ergerlikheid, praat sy oor iets heeltemal anders: “Jy kan met haar gesels, as jy wil. Sy verstaan alles; sy praat net nie, dis al.”

Vir ‘n hele paar sekondes het Eijkman nie ‘n idee waarvan sy praat nie. Cornelia is in sy kop en dit verg amper bomenslike inspanning om sy brein om te swaai, agter te kom waarna die vrolike middelsuster verwys. Dit kom stadig na hom terug: Clara praat nie, Clara is doof; dit is wat Johanna gesê het net voor hy sy pyp opgesteek het. Wát hom onthuts sy pyp laat opsteek het. ‘n Ewigheid in die verlede.

“Jy is soos ‘n uil, meneer Eijkman. Jy kyk net sonder om baie te praat, soos ‘n uil met groot oë wat alles sien.”

Dit laat Eijkman skrik. Het Johanna óók na die oudste suster gekyk, gesien wat hy gesien het? Dit is tog onmoontlik, dan sou sy nie oor Clara gepraat het nie, sy sou anders gereageer het.

“Ek sien hoe kyk jy na ons jong suster – sy is vyftien jaar jonger as ons.” Haar een skouer lig effens, ‘n onwillekeurige apologie oor die verbete loop van die ouderdom.

Sy dink dan nie oor Cornelia nie, sy weet van niks nie. Sy dink aan Clara en hy ruik kordiet ...

Die bom moes agter hom geval het, want die groepie mense wat agter hom aangehardloop het, was net weg. Soos die mense voor hom en die ander agter hom waarvan een half onthoof was, was hulle burgerlikes: ‘n paar mans, meestal vrouens en kinders. Almal het geskreeu en seker geroep na dié wat in die stof en rook weggeraak het. Hy kon dit aan hulle monde sien, visse op droë grond soos dit oop en toe gaan, maar skeef, nie in ronde nulle soos visse nie, maar vertrek en dan verrek met tande ontbloot en rooi kleintongetjies, rou tonge wat uitgesteek word en arms wat swaai en bevestig dat daar geskree en gegil word. Met sy oë het hy die kakafonie gesien, maar nie verstaan nie. Daar was geen klank nie. Net ‘n groot leegte, soos die koepel van ‘n groot onversierde katedraal. Die stilte was oral om hom, ‘n niksheid. Behalwe in sy kop – daar het die stilte gedreun soos ‘n waterval.

Hy het opgekom en geval, weer opgestaan en teen die skewe wêreld ingeleun, pap soos ‘n ou mens in die arms van ‘n versorger. Die hemel het weer blou geword en om hom het mense verby gestorm om weg te kom van die soldate en die tenks. Hy het hulle bedwelmd gevolg. Hy kon die gedreun van die tenks voel in die trillings in die grond onder sy voete, maar kon nie hoor uit watter rigting die gevaar naderkom nie. Dit was toe hy vir die eerste keer agterkom dat hy aan die eenkant skoenloos geword het, bebloed in die sokkie wat halfmas oor sy linkervoet saamgesleep het. Rigtingloos en onvas op sy voete het hy uitgesak en koers verloor, later strompelend in lang grasse van ‘n vreemde, oop veld.



Dit was al wat hy van die eerste dag onthou het. Later het hy agtergekom dat die lug nie meer blou was nie, maar swart geword het. Daar was geen sterre nie en onder sy wang het die grond steeds gedreun. Daarvan was hy vir 'n oomblik bewus en toe later, in helder wit lig, die gesig van 'n engel.

"Meneer Eijkman! Jy hoef nie so te staar nie. Ons is nog besig om na die huis te kyk, is ons nie?"
Eijkman draai sy gesig na die stem en stadig kom die uitgepofte gelaat van Johanna in fokus. "Jammer ... Ek is jammer, ek het ..."
"In 'n ander wêreld weggeraak?"
"Ja, vergewe my."
"Waaraan het jy so diep gedink?"
Eijkman knik. Liège, wil hy sê, ek was in Liège, die dag wat die oorlog begin het.
"Meneer Eijkman?" por Johanna hom aan, maar hy kan dit nie sê nie.

Bokant hom, swewend in die lug, het sy gelê met haar kop op die wolk van haar hare. Agter haar die hemel oop en wit en eindeloos. Haar lippe het beweeg en hy het geweet dat sy met hom praat, maar kon net die waterval in sy kop hoor.
Hy het teruggepraat, eers in Nederlands en toe alles weer in Frans vir ingeval sy dit beter kon verstaan. Hy kan nie onthou wat hy vir haar gesê het nie, waarskynlik net om hulp gevra. Sy het hom van die grond af opgehelp en vir die tweede keer in twee dae het hy sy linkervoet opgemerk, gesien dat die kous ook weg is, sy voet kaal, grotesk geswel en gevlek met gestolde bloed.
Sy het haarself as kruk aangebied en hy het op haar skouer geleun en vêr gestap deur die veld tot by 'n klein witgekalkte huisie tussen 'n paar bome. Daar was 'n groot vertrek vol rook van 'n warm houtstoof wat swak getrek het. Nat van vroegoggenddou het hy in 'n stoel neergesak terwyl sy 'n skotteltjie gevul het met warm water. Toe sy daarmee naderstaan, het hy flou geprotesteer. Sy het geglimlag en sonder om met woorde te probeer verduidelik, 'n spieël gaan haal sodat hy homself kon sien. Gelate het hy haar toegelaat om die bloed uit sy ore te was en toé sy voet.

"Ek raai dat jy 'n Belg is," sê Johanna en kyk stip na hom. "Ek hoor dit aan jou aksent."
"Ja," erken Eijkman.
"As jy van daar af kom, was jy seker in die Groot Oorlog. Dit kan nie anders nie."
Eijkman kyk net na haar. Miskien te direk, met te veel emosie, want Johanna kyk weg.
"Ek meen maar net," sê sy verleë, "jy neem nie eintlik aan die gesprek deel nie. Dit is amper asof jy nie hier is nie. Die oorlog doen dit aan 'n mens, ek het dit al gesien."
"Ek moet na die res van die huis kyk," antwoord hy.
Johanna wil eers reageer, iets daaroor sê, maar glimlag dan net en praat dit weg. "Ek maak dan solank vir ons tee," sê sy. "Die water kook al."
Eijkman draai om en begin aanloop. Dan hoor hy die skerp klank van porselein soos die koppies uitgepak word en dit bring hom tot stilstand. Hy wag vir die geluid van water en draai dan sy nek om terug te kyk. Nie na Johanna, waar sy besig is om die kookwater in die teepot te gooi nie. Ook nie na Cornelia nie, êrens



agter sy rug soos ‘n smeulende fakkel met ingehoue vuur. Hy kyk na Anna Clara. Sy is sonskyn, helder oop lug sonder wolke. Erken: sy laat hom aan Juliëtte dink, al was alles heeltemal andersom in 1914. Dit was elf jaar terug, toe die oorlog begin het.

Sy het hom gehelp om sy nat klere uit te trek, afgespons met ‘n waslap in ‘n skotteltjie warm water. Slaapklere laat aantrek; dit was te groot vir hom. Sy het verduidelik wie s’n dit was, hy is seker sy het, in daardie pragtige klanklose liptaal wat hy gefassineerd dopgehou het sonder om te verstaan. Sy het hom met komberse toegevou op die bank in die groot vertrek. Hy het geslaap, sy het hom gevoer. Hy het verder geslaap en gedroom totdat hy uiteindelik wakker geword het. Was dit die derde aand of slegs die tweede? Daar het net een kers op die kombuistafel gebrand, so ‘n eenvoudige toneel, dat hy vir eers gedink het hy is alleen. Toe sien hy haar beweeg. Daar was ‘n groot sinkbad op die vloer voor die stoof en sy het daarin gesit, haar bene tot teen haar bors getrek. Sy het haar hare afgespoel met ‘n klein emmertjie wat sy in die water tussen haar bene volmaak en stadig oor haar kop uitgooi. Hy hy het probeer onthou hoe vallende water klink. Toe rys sy uit die water op in ‘n sluier van wasem en hy het gewonder of sy weet dat hy wakker is, hoe sy nie sy hart oor die breedte van die vertrek kan hoor klop nie.

“So,” vra Johanna toe sy die tee aanbied ná Eijkman se inspeksie, “wat dink jy van die huis?”
Die drie susters kyk afwagtend na hom, elkeen vir ‘n ander rede.
Eijkman antwoord nie, want hy het niks om te sê nie. Hy het deur die res van die huis gestap, maar nie daarna gekyk of daaroor gedink nie.
Hy kyk na Clara, probeer verstaan of sy woordloos iets vir hom sê.
“As jy in die oorlog geveg het,” sê Cornelia, “as jy beleef het wat mense moes doen om net vas te hou aan iéts wat kosbaar en onvervangbaar is, dan meneer Eijkman, dan eers sal jy verstaan waaroor dit gaan, waartoe ‘n mens in staat is.”

“Juliëtte! Juli-ëette!” Dit was laat in die middag, ‘n sonskyndag. Hy het stadig om die huis gestap met sy kierie en haar uiteindelik tussen twee van die buitegeboue opgemerk.
“Juliëtte!” het hy spontaan uitgeroep en vrolik gewuif. Sy het teruggewaai en iets geskree wat hy nie kon hoor nie omdat hy nog doof was. Haar arms het aanhou swaai, driftig heen en weer, wit palms na hom uitgestrek, oorredend, dringend. Moet hy stop? Is dit wat sy beduie? Probeer haar gesig ontleed, haar lippe lees, maar dit is te vêr. Hy kan al lippe lees, die eenvoudigste sinne in die bed, wanneer hulle naby aan mekaar is, hulle gesigte amper raak. Glimlag. Stap verder. Haar arms lok hom, wink hom nader. Sukkel met die kierie, konsentreer, die pyn laat hom sweet.
Eers toe hy naby genoeg is, eers toe hy die wanhoop sien wat oor haar gesig stroom, eers toe dit te laat is, het hy verstaan wat sy vir hom probeer sê het. Toe het die Duitse soldate hom lankal reeds gesien, reeds van rigting verander.

“Ek wil nie meer hierdie huis verkoop nie,” sê hy vir Cornelia, want hy het gesien waartoe sy in staat is. Hy draai na Johanna. “Ek het jou laat dink aan ‘n uil. Dit is ek nie. Dan eerder ‘n mishandelde brak wat onder ‘n



bos wegkruip, maar steeds sal byt en tot die dood toe veg vir sy baas wat hom so verniel het.”

Laastens kyk hy na Anna Clara en beweeg net sy lippe. Vir haar sê hy net drie sinne en wag na elke sin totdat hy seker is dat sy hom verstaan.

“Wat sê jy? Wat sê jy vir haar?” Johanna ruk aan sy skouer.

Eijkman antwoord nie en stap tot by die voordeur. Hy maak die deur oop na die ysreën buite en draai terug na die drie vrouens. Hy hou sy arms dig langs sy lyf en sy hakke teen mekaar, netjies soos ‘n soldaat wat op aandag staan. Dan lig hy sy regtervoorarm stadig totdat dit ‘n volmaakte reghoek met sy bo-arm vorm, sy hand oop met die palm na bo; soos die hoofkneg van ‘n luukse herehuis; soos ‘n weldoener met ‘n geskenk van groot waarde; soos ‘n beskermheer wat uitkoms bied.

Hy staan roerloos op die drempel van die oop deur en wag vir Anna Clara.

III

*Oor die onverwagse toetrede van die bloeiende Christus tot die verhaal*
*en die vraag wie geglo moet word*

“Wag!”

Dié uitroep van Cornelia, skerp en gebiedend soos ‘n sweeplag, bring alles tot stilstand. Eijkman se hand trek onwillekeurig saam in ‘n vuis. Clara, wie se gesig hy stip dopgehou het, se oë rek asof sy die skerp bevel self kon hoor, al weet hy dat dit nie moontlik is nie. Nie die klank in ‘n fisieke sin nie, maar Cornelia het ook haar hand opgelig met die palm na buite. Dit sê natuurlik reeds meer as woorde, maar haar gesig, daarmee eis sy hulle aandag op, vervang sy al die ander agendas wat ‘n oomblik gelede nog so warm geklop het.

Cornelia stap verbete vorentoe, verby Johanna, die middelsuster, wat haar kop geïrriteerd skud, verby die stomme Clara, voor Eijkman verby en slaan die voordeur driftig toe teen die koue reënweer. Die harde geluid van die deur wat klap laat Eijkman ruk van skrik. Harde klanke doen dit, al is dit nie onverwags nie.

“Ek het probeer om dit te vertel,” sê Cornelia, “maar julle wou nie na my droom luister nie. Ek het gedroom oor die dood, oor ons broer wat uit die dood iets vir ons wil sê. En ek gaan dit nou vertel, want dit is belangrik, al weet ek nie hoekom nie.

“Jan het net een Christusfiguur geverf, dit was sy laaste werk. Jy sal nie daarvan weet nie, meneer Eijkman, maar ons het dit intens beleef. ‘n Opdragwerk, net soos die ander, maar ‘n buitengewone onderwerp vir Jan. ‘n Portretstudie sonder ‘n model, en dan nog ‘n volle figuur daarby. Hy was nie lief vir figuurstudies nie, dit was gesigte wat hom interesseer het, die lewensverhale daarin.

“Hy het swaar daaraan gewerk, dit was vir hom ‘n moordende proses. Ons het nog vir mekaar gesê ons weet nie hoekom hy so ‘n moeilike werk aanvaar het nie. Hy was nie meer gesond nie, dit was nóu die dag, nie lank voor sy dood nie. Hy het aangedring om dit sonder ‘n model te skilder, maar die afwesigheid van iemand wat voor hom sit het hom ontspoor. Hy kon dit nét nie regkry nie.

“‘Hoe doen mens dit? Hoe is dit moontlik?’ het Jan een aand desperaat vir my gevra. ‘Die liggaam wat die kruis dra; die gesig wat die storie van die ganse mensdom moet vertel.’

“Hy moes dit op ‘n spesifieke dag afgee en die sperdatum het al hoe nader gekom totdat daar net een nag oor was. Om dit klaar te kry moes hy deur die nag werk, iets wat hy nog nooit gedoen het nie. Hy het die

daglig nodig gehad om te skilder, om die kleure reg te kry, maar dié keer was daar nie ‘n ander keuse nie. Ek het nog vir hom koffie gevat, ‘n paar keer deur die nag. Onthou hoe hy daar voor die esel gesit het, tot die dood toe uitgeput, vooroorgebuig in die geel lig van die hanglanterns. Die volgende dag het die kopers die skildery kom haal en ek het nie weer daaroor gedink nie.

“Toe droom ek oor Jan en dit ontstel my. Ek droom dat Jan die ateljee binnekom. Dit moes in die oggend gewees het, want die son het so deur die vensters geskyn, soos nou. Hy stap nader en voor hom, nog nat op die esel, was die Jesusfiguur. Maar nie soos Jan dit geverf het nie. Sy hande wat die kruis dra, het gebloei. Daar was ‘n wond in sy sy en dít het gebloei. Sy oë was enorm en het groter as die skildery geword – soos sulke dinge seker net in drome moontlik is. Jan kyk stip in hierdie oë en sien figure daarin rondbeweeg. Ek sien dat Jan skrik, want die een figuur is hy. Die ander figuur is ek en ek skrik wakker, want ek sien ons is reeds dood. Nie net Jan nie, ek ook.“

Cornelia haal diep asem en laat dit weer vry, uitgerek en hoorbaar soos ‘n opgebottelde sug.

“Dit is waar!” sê Johanna so vinnig asof dit iets is wat ook in haar opgebou het. “Dit is alles waar, ek het dit self gesien!”

Cornelia se kop ruk asof sy ‘n klap deur die gesig gekry het.

“Net soos jy gedroom het! Die bloed! Die oë, dit het gelewe! Dit het met my gepraat! Dit was asof ...“

Johanna se relaas kwyn weg voor Cornelia se aangluring. Dit laat Eijkman om die beurt kyk na die drie susters en besef dat hy dit al voorheen gedoen het. Dit voortdurend doen – om hulle teen mekaar op te weeg, teen mekaar op te stel, ooreenkomste en verskille te soek, soos mens ook onwillekeurig doen as jy na die veertigjaaroue skildery kyk waar hulle langs mekaar staan. Miskien was Johanna reg, dat die somber skildery van die drie susters eendag meer werd sal wees as die huis, want geboue verweer en vergaan terwyl die nalatenskap van mense die spil is waarom die lewe draai.

Cornelia se gesig is kadawerwit met rooi vlekke wat soos vlamme uit haar nek onder haar ken uitslaan. Die onskuldige gesig van Anna Clara neem ook op háár manier aan die gesprek deel. Aan haar reaksie sien hy dat sy die hele diskoers tussen die twee susters gevolg het en nie weet wat om daarvan te maak nie.

“Hoe het jy dit óók gedroom?” reageer Cornelia uiteindelik soos ‘n striemende yswind.

“Dit was nie ‘n droom nie, Cornelia,” sê Johanna, “nie vir my nie. Ek het dit gesien.”

“Ek glo dit nie vir ‘n oomblik nie. Hoekom het jy dit nog nooit vertel nie?”

“Ek ... ek het nie geweet of julle my sou glo nie, of enigeen my sou glo nie, maar noudat jy dit gedroom het ...”

“Jy praat net agter my aan, Johanna. Ek dink jy sê dit net om my droom af te maak, na niks te laat lyk nie! ”

“Ek hét dit gesien! Die verf was al droog, dít was nie wat nat was nie. Net die bloed. Ek het daaraan geraak.”

Cornelia proes deur haar neus. “Wat dink jy, meneer Eijkman? Ek het dit gedroom, dit weet ons vir ‘n feit, maar kon dit ook werklik gebeur het, die bloed aan die skildery?”

Eijkman voel in ‘n hoek gedruk, maar teen sy wil antwoord hy: “Dit is ‘n vreemde verskynsel. Uit die Katolieke kerk was daar al sulke stories. Ek het nog nooit self iets so bonatuurlik ervaar nie. Ek weet nie of dit regtig kan gebeur of net verbeelding is nie.”

“Presies! Ons is Protestante. Ons glo nie in sulke goed nie. God openbaar Hom deur drome. Dís Bybels. Wie moet ons nou glo?” vra Cornelia met ‘n skewe glimlag en draai na haar suster. “Ek droom net oor Jan, oor sy



skildery, maar jy was sommer self daar! Is jy nou beter as ek?”

Almal wag vir Johanna om te antwoord. Buite reën dit nog, maar Eijkman kry te warm.

“Niemand is beter as iemand anders nie,” sê Johanna. “Dit is juis waaroor dit gaan, dit is presies wat ek in die skildery gesien het: Ons moet net glo.”

Eijkman staar na Johanna, want daar roer iets in hom.

Clara kom onverwags vorentoe en sit haar hande op Johanna se skouers. Ek glo, sê sy met haar lippe.

“En jy, meneer Eijkman?” vra Johanna.

“Hoe moet hy weet?” vra Cornelia.

“Jy het hom dan ook gevra.  Dit is jy wat nie wou wag met jou droom nie, dit tot elke prys wou vertel terwyl hy nog hier is.” Johanna kyk skielik na Eijkman asof dié gedagte haar verras. “Het jy al daaroor gedink, meneer Eijkman, of dit iets beteken dat Cornelia haar droom ook vir jou moes vertel?”

Hy dink daaroor: Hoekom is hy vandag hier, hierdie oggend wat al soveel aan hom gekarring het?

“Jy wonder of dit toevallig is,” sê Johanna, “want jy het gekom om die huis te verkoop. Maar nou wil jy nie meer daarmee aangaan nie en het net jou tyd gemors. Of het jy? Gebeur enigiets toevallig?”

Hy weet hoekom sy hom bly uitvra. Dit is omdat sy nie in toeval glo nie en hy is vanoggend deel van háár gehoor, deel van die jurie wat moet besluit of sy die waarheid praat, wat sonder sy stem gelykop verdeel is. Die reën wat op die sinkdak dreun, het opgehou en hy hoor weer die staanhorlosie wat die tyd meedoënloos aftik: ‘n ewigheid van stilte.

“Ek glo dit nie,” sê Eijkman wat hy nog áltyd glo. “Ek kan nie glo dat ek vergewe is nie.”

“Jy moet,” sê Johanna. “Daarsonder is jy dood.”

## IV

*Hoe ‘n alledaagse insident Eijkman wys hoe dinge inmekaar steek*
*en hom laat regkry om nie te doen wat hy wil*
*of te sê wat hy dink nie*

Toe die soldate van koers verander en op hulle afstorm, toe hy in Juliëtte se trane sien dat hy haar saam met hom uitgelewer het, toe hy besef hoe sy doofheid ‘n wond is wat hom kwesbaar maak, selfs toe, het hy nog nie besef hoe groot die wond is wat hom gaan neervel nie. Hulle het Juliëtte aan haar hare gevang, agteroor gebuig en hom laat kyk. Een, twee, drie van hulle voordat hy vir die eerste keer kon losruk en blindelings met sy vuiste slaan totdat ‘n geweerkolf hom finaal platslaan. Dit het die pyn weggevat. Nie in sy lyf nie, daarvan was hy kwalik bewus.

Hy het in die nag wakker geword. Nie soos ‘n paar dae tevore toe Juliëtte soos ‘n engel met haar stralekrans van hare bo hom gestaan het nie. Sy kop was nét pyn en altwee oë toegeswel. Uit die een kom hy glad nie sien nie, want die bloed het in sy oogholte hard geword. Daar was ‘n gat in sy agterkop en pyne oral in sy lyf. Hy het sy eie ontlasting geruik en dit was donker en stil en nat met reën wat liggies val. Sy hart het gedonder in sy bors en dit was al klank wat hy bo die waterval in sy kop kon hoor.

Uiteindelik het hy omgerol en op sy knieë na die huis toe begin kruip. Op pad soontoe het hy Juliëtte se liggaam gekry.  Hy wou haar vashou, maar dit was nie sy nie. Dit het hom krag gegee om op te staan.

Die soldate was dronk en hy het die eerste een van agter af met ‘n vleismes keelaf gesny. Die bloed is al wat

hy met sekerheid van die aand onthou. En dat een van hulle weggekom het. Dit was verskriklik, maar dit was niks, want die oorlog het toe maar eers begin. Op 'n manier sou hy hom ook kry en hy hét – soveel keer dat hy later ophou tel het.

"Jy het nie 'n idee nie," sê Eijkman. "Jy weet niks van my nie, jy weet nie wie ek is nie."
"Ons almal het 'n wonderwerk nodig, meneer Eijkman," sê Johanna. "Jy nie minder as ek nie. Sal ons weer tee drink? Die oggend word nou heeltemal te lank vir my."
Vir ons almal, sê Clara met haar lippe. Ek sal dit maak.
Eijkman huiwer, maar besluit om te bly.
Cornelia draai net om en stap in die gang af, oranje in die skewe lig van die son wat haar in die hart van die huis intrek.
"Toe jy met Clara gepraat het, wat het jy vir haar gesê?" vra Johanna terwyl Clara tee maak.
"Om saam met my te gaan," sê Eijkman.
"Net vir 'n wandeling, of iets meer?"
"Ons het nie daaroor gepraat nie."
"Dit is net een sin en jy het drie gebruik. Ek kon dit nie volg nie, maar het getel."
Eijkman glimlag. "Jy het reg getel."
"En? Wat is die res?"
"Ek kan klaar nie glo dat ek die eerste sin herhaal het nie. Ek praat gewoonlik nie so maklik oor myself nie."
"Ek het dit agtergekom, maar ek wag vir die ander twee sinne." Johanna glimlag vir Eijkman en hy wonder of sy op 'n manier by hom aanlê. Besluit daarteen. Hy is vyf-en-vyftig, maar sy moet heelwat ouer wees. En hulle is besig om oor Clara te praat ... Al sal Johanna meer daarvan maak as wat hy self op hierdie stadium weet.
"Ek het net herhaal wat ek vir julle gesê het: Ek is 'n mishandelde brak wat steeds sal veg vir sy baas wat hom verniel het."
"Ek glo jou nie! Dit is nie wat jy gesê het nie."
"Net in ander woorde."
"En vir wie sal jy veg, meneer Eijkman? Of moet ek vra vir wat? Watter saak is dit, watter hoër beginsel is dit wat jou seergemaak het waaraan jy steeds vashou?"
Eijkman weet Johanna gaan aanhou vra, maar antwoord nie. Uit die hoek van sy oog sien hy Clara met 'n skinkbord aankom en spring vinnig op om dit by haar aan te vat, bly om van Johanna af weg te kom.
Clara skrik vir die onverwagse beweging. Sy steier agteruit en stamp teen Cornelia wat op daardie oomblik van die gang af inkom. Die skinkbord trek uit haar hande en val met 'n harde slag op die grond.
Eijkman, wat dit alles sien gebeur, skrik vir die harde klanke dat sy hele lyf ruk.
Johanna gil, maar stop dit na 'n oomblik met haar hand voor haar mond.
Cornelia wys nie dat sy skrik nie; sy verroer nie 'n spier nie. Maar almal kyk na haar. Selfs Eijkman doen dit, weet dat dit haar reaksie is wat belangrik is. Hy sien dit deur Clara, aan die manier waarop sy angstig agtertoe kyk, aan die vrees op haar gesig.
En dan kom dit: die tirade. Cornelia se stem basuin in die register van hoë klanke in Clara se gesig. As sy

kwaad is oor die koppies wat geval het, kon sy dit netsowel op Eijkman uitgehaal het, want hy het dit veroorsaak. Sy doen dit nie. Die volle aanslag van haar woede tref vir Clara en die driftige ritme van haar uitbarsting tref die jongste suster soos koeëls, die impak op haar lyf presies soos Eijkman dit male sonder tal op die slagveld gesien het.

Sy steek haar hand na Clara uit. Die jongste suster trek weg, maar dan kry Cornelia haar bo-arm beet en gee dit ‘n vennynige draai. Vir die eerste keer hoor Eijkman die klank van Clara se stem. Nie woorde nie, maar ‘n weeklag.

Eijkman probeer sy emosies verstaan, die ontploffing in hom onder beheer kry, maar sy spiere het klaar ontbrand en bou spoed op soos ‘n langafstandbom in die loop van ‘n kanon. Sy lyf trek saam soos toe hy geskrik het, maar hy beweeg nie. Tel: een, twee, drie tot by twaalf klankloos in sy kop. Dan stap hy versigtig tussen die twee susters in, balletdanser eerder as soldaat. Buk voor Anna Clara en kniel om die skerwe van die koppies een vir een op te tel en in sy ander hand te sit.

“Los dit, meneer Eijkman!” kyf Cornelia. “Los dit! Clara kan dit doen! Sy is so lomp, breek ons broer se koppies, asof dit vir haar niks beteken nie. Sy gee net nie om nie!”

Eijkman gaan aan om die porseleinskerwe op te tel, sy rug gebuig soos ‘n moeë sekel. Clara kry ‘n droë lap om die tee op te mop, maar Eijkman stop haar met sy hand, soos Cornelia vroeër met hom gedoen het. Behalwe vir die sekondewyser van die staanhorlosie wat aanhou tik en Eijkman wat op sy knieë aangaan met die werk, is daar geen beweging in die kamer nie.

Die langafstandbom het vasgehaak in die loop van Eijkman se lyf, dit het ‘n tydbom geword en al hoe hy dit kan ontlaai, is om te begin praat: “Ek het eenkeer gewag vir ‘n trein. Dit was in Liège, kort na die inval wat die oorlog begin het. Die perron was volgepak. Mans, vrouens, kinders. Soldate. Almal wou net wegkom na alles wat gebeur het. Weet julle dat die Duitsers na die verowering van Liège teruggekom het om op die mense van die dorp wraak te neem vir die weerstand wat gebied is? Dit is so grusaam, so ondenkbaar dat mense dit nie wil glo nie, maar dit is waar. Almal wou net wegkom, op daardie trein klim, maar daar was nie plek vir almal nie. Gelukkig was ek naby genoeg en het opgekom, maar die res? Niemand het geweet of hulle dít kan oorleef nie.

“Weet jy wat gebeur toe, mejuffrou Veth?” Vir die eerste keer lig Eijkman sy kop en kyk na Cornelia, probeer die dowwe steenkool van haar oë binnedring. “Daar was ‘n soldaat op die stasie. In die uniform van die Belgiese Leër wat ek ook later gedra het. ‘n Groot, sterk man wat agter in die drukkende skare begin het en net soos al die ander desperate mense wat moes agterbly, dit nie tot op die trein gemaak het nie. Van die trein af hou ek hom dop, hoe hy met brute krag en vasberadenheid ‘n pad oopveg tot heel voor. Maar die trein was vol. Mans het hulle arms geswaai en geskree. Daar was kinders wat huil. Vrouens het probeer om hulle kleuters deur die vensters van die bewegende trein aan te gee. Die trein het begin versnel en hierdie soldaat, hierdie bosvark wat vrouens en kinders van sy vaderland moet beskerm, ruk ‘n tenger vrou van die trein af en neem haar plek in.

“En nou wil ek weet: Wat sou jy gedoen het, juffrou Veth?” Eijkman lig die gewig van sy enkels af, maar bly op sy knieë. Die stilte swel, asof dit ook asem ophou vir die oudste suster om te antwoord.

Uiteindelik is dit Eijkman wat die stilswye oopbars: “Ek sal jou sê wat ék gedoen het. Ek het hom van die bewegende trein afgegooi! Dit het alles van my geverg, amper my dood gekos, maar ek het dit gedoen.





Daardie vent van die trein afgehaal en ek sal dit weer doen.” Hy draai sy gesig ‘n aks om Cornelia reg van voor aan te kyk. “Wie dink jy is nét so ‘n bullebak in hierdie huis?” Eijkman se asem blaas.

Cornelia haal hard deur haar neus asem, haar lippe ‘n dun sny oor haar gesig. Haar neusvleuels tril. Dan ruk sy haarself om en storm in die gang af. Hulle luister na haar harde voetstappe op die plankvloer totdat ‘n deur in die huis hard toeklap.

Eijkman staan moeisaam op. Clara trek haar asem in, want daar drup bloed uit Eijkman se hand wat helderrooi spat op die vloer. Clara gryp sy arm vas. Hy maak sy geklemde vuis oop en laat haar toe om ‘n lang porseleinskerf uit te trek wat hy op ‘n stadium stadig en diep in die palm van sy hand ingedruk het.

V

*Waarin sersant van der Meer ‘n misdaad ondersoek*

“Hy wat beweer, moet bewys,” sê sersant van der Meer, uitasem van die stap oor moeilike terrein. “Dit is die grondreël van bewysreg. Jy kan nie iemand skuldig bevind net omdat dit gesê word nie. Getuienis, dit is al wat tel. Dit geld vir jou ook, Eijkman. Blote ontkennings gaan jou nie help nie.”

“Die Here weet ek is onskuldig.”

“In die hemel, moontlik, is daar ander reëls. Daar moet wees, as ons aanvaar dat niks daar verborge is nie, dat niemand lieg nie. Dit is nie hoe dit hier is nie. Wanneer jy iets sê, word dit getoets teen feite, moet jy verduidelikings hê wat sin maak.”

Dit het weer begin reën en dit is koud – in onverwagse kontras met die warm walm wat die huis van Jan Veth steeds tussen sy leë mure vashou. Sersant van der Meer, wat op meer as een plek uit sy uniform wil bars, kry sy staan op die plat vlak van een van die binnemure wat omgeval en amper horisontaal sy lê gekry het. Behalwe vir sy broek wat op plekke nog droog is, is hy deurnat. Die nat materiaal van sy ligblou uniform, wat moontlik al voor die Groot Oorlog aan hom uitgereik is, vertoon donkerblou, amper swart. Hy wink vir Eijkman om by hom te kom staan. Dit lyk nie of sy nat klere of die reën wat oor die rand van sy pet stroom hom pla nie.

“Kom,” sê hy toe Eijkman huiwer. “Kom staan hier by my, ek wil jou ‘n paar dinge wys.”

Eijkman kom traag in beweging en baan sy weg met moeite oor die swart bourommel en dik moerbalke wat nog smeul. Hy beweeg moeilik en val twee keer amper, maar is beter as die polisieman aangetrek vir die weersomstandighede met ‘n swart enkellengte woljas waarvan die kraag opgeslaan is tot onder die beskutting van sy hoed. Dit hou nie net die reën uit sy gesig nie, maar verhoed ook dat water binne die jaskraag teen sy rug afstroom.

“Sien jy hoe witgebrand daardie muur is?” Die sersant hou Eijkman liggies aan sy elmboog vas en beduie na die enigste binnemuur van die ateljee waar Eijkman minder as ‘n week gelede na die skildery van die Veth susters gekyk het.

“Ja?”

“Wat sien jy, Eijkman?”

“Ek sien ‘n muur.”

“Dit is swart met ‘n witgebrande kol in die middel. Weet jy hoe om die tekens van ‘n vuur te lees?”



“Wat bedoel jy, Sersant?” sê hy, maar dink aan Cornelia, dat hy goed weet hoe om die tekens te lees.
“Jy was in die oorlog, jy weet hoe dit lyk waar ‘n bom teen ‘n harde oppervlak ontplof het?”
Eijkman trek sy skouers op. “Ek het bomme sien val.”
“So? Wat sien jy? Waar het die vuur begin? Hoe het dit begin en wáár het dit begin?” Skynbaar onbewus van die koue wat Eijkman teen sy rug voel, lyk dit nie of die polisieman saam met hom dankbaar is vir die warmte wat die smeulende puin na hulle uitstraal nie. Hy gluur Eijkman aan asof niks anders in die wêreld vir hom belangrik is nie.
“Dit is waar die vuur die warmste was,” antwoord die sersant self en wys weer na die muur. “’n Ontploffing wat alles wit geskroei het, teenoor die res van die huis wat swart is, aangepak met roet. Dit is presies wat daar gebeur het: By die punt van die ontploffing is daar nie roet nie, want die skokgolf blaas alles skoon. Sien jy dit?”
“Hoekom vertel jy dit vir my, Sersant?” vra Eijkman en probeer die polisieman se reguit kyk vir hom terug kaats.
“Want ek dink jy het dit gedoen – die plek opgeblaas.”
“Ek het jou gesê dit was nie ek nie.”
“Almal sal sê dit was nie hulle nie.”
“ Hoekom sal ek dit wil doen?”
“Motief? Ek kom daarby.”
“Daar is niks nie. Dit is verregaande.”
“Is dit? Ek hoor jy het met plofstof gewerk in die oorlog. Dinge soos brûe opgeblaas. Jy het die kennis. Ek het ook ‘n verklaring oor die dreigemente wat jy gemaak het ...”
“Van wie? “
“Juffrou Veth senior – Cornelia.”
“Dat ek wát gesê het? Waarmee het ek gedreig?”
“Dat jy ‘n man met geweld van ‘n trein afgestamp het en jy dat jy dieselfde met haar gaan doen.”
“Dit is nie waar nie! Ek het dit nie gesê nie!”
“Haar suster Johanna het dit bevestig. Nie die afstampgedeelte nie, maar dat jy haar gaan uithaal. Waar dit vir haar die meeste seermaak. En hoe kan jy dit beter doen as om die erfenis te vernietig van haar broer, wat nie net sy lief gehad het nie, maar ons almal in Nederland. Dit, meneer Eijkman, is nie ‘n misdaad wat ek ongestraf verby sal laat gaan nie.”
“Nie dat ... “ Eijkman gooi sy hande in die lug. “Ek het vertel wat op die trein gebeur het, dis waar, maar nie die res nie!”
“Het jy gesê dat Cornelia jou laat dink aan die man wat jy van die trein af gegooi het, en dat jy dieselfde met haar sal doen?”
“Ek het dit nie gesê nie!”
“Hoekom het jy dan die storie vir haar vertel? Was dit sonder innuendo? Kan dit ooit sonder ondertoon wees, want ‘n mens gebruik nie so ‘n verhaal van geweld in omstandighede van spanning of konflik sonder om daarmee te wil intimideer of dreig nie. En jy is ‘n geweldadige man, Eijkman. Jou reputasie lê dik gesaai, alles wat jy in die oorlog gedoen het. ‘n Mens doen nie sulke dinge sonder dat dit ‘n spoor laat nie.”



Eijkman maak sy mond oop om te praat, maar weet nie wat om te sê nie.
“Jy het dit gesê,” maak Sersant van der Meer weer die gevolgtrekking, “maar dit is nie al nie.”
“Ja?”
“Ja. Daar is ook Clara, die jongste suster. Sy het die verdoemendste getuienis teen jou.”
Eijkman gaap die polisieman aan. Voel vir die eerste keer jaloers op sy deurnat uniform, want in die gloed van die brandende puin kry hy skielik heeltemal te warm. “Sy praat dan nie eens nie,” sê hy.
“Sy is stom, ja, maar nie dom nie. Sy kan skryf.”
“En wat het sy geskryf?”
“Onthou jy waar die skildery gehang het van die drie susters?”
“Wat het dit nou met enigiets te doen?”
“Alles, meneer Eijkman, ek kom daarby. Jy was mos in die huis? Hier rondgekyk?”
“Ja, om dit te verkoop.”
“Wat jy later nie meer wou doen nie, nie waar nie?”
“Ja.”
“Hoekom het jy dit besluit? Na die oorlog gaan dit met almal broekskeur en – ek kan my indink – sekerlik ook met eiendomsagente. Wat op aarde kan jou laat besluit om so ligtelik afstand te doen van die kommissie?”
“Is dit relevant?”
“Natuurlik is dit relevant! Dit het ook te doen met motief. Jy het klaar afstand gedoen van die moontlike inkomste wat jy uit die verkoop van die huis kon kry. Daar is geen verlies vir jou as die huis afbrand nie.”
“Maar wat baat ek daardeur? Jy gaan haal dit vêr, Sersant. Die afleiding is absurd.”
“Op sigself, miskien ja, maar nie as jy dit nie kan verduidelik hoekom jy van plan verander het nie. Dan laat dit my wonder wat steek jy weg.”
Eijkman dink terug, probeer die presiese oomblik herroep toe hy besluit het om nie as agent aan te gaan met die verkoop van die huis nie.
“En dan is daar nog Clara se verklaring,” sê die polisieman.
“Wat sê dit?”
“Dit het alles te doen met die skildery van die drie susters. Kan jy onthou waar dit gehang het?”
“Ja.” Eijkman wys met sy hand. “Presies waar daar nou net ‘n witgebrande blerts teen die muur is.”
“Die brandpunt van die ontploffing.”
“Miskien, dit kan wees, maar ek weet nie daarvan nie.”
“So die skildery is heel eerste verwoes.”
“Ja, seker.”
“Behalwe dat dit nie vernietig is nie. En ek dink jy weet dit.”
Eijkman vra met die lig van sy wenkbroue.
“Dit is veilig in die Rijksmuseum! Aan hulle geskenk vir veilige bewaring één dag voor die brand.” Sersant van der Meer beduie met ‘n swaai van sy arm deur die rook van die smeulende bouval om hulle. “Die kurator het dit kom rapporteer nadat hy gehoor het van die brand. Voor ek verder navraag kon doen, het ek geraai dat dit Johanna was wat dit daar afgegee het. In my gedagtes was sy onmiddellik ‘n verdagte, want sy het ‘n paar dae tevore gesê – dit was op die dag toe jy na die huis kom kyk het – dat daardie skildery méér werd is



as die hele huis. Dit haal ek aan uit Cornelia se verklaring, maar die ander susters het dit bevestig. As dit is hoe sy dink, maak dit sin dat sy die sklidery wou red voor die huis afbrand.
“Maar toe vind ek uit dit was Clara! Sy het die skildery aan die Rijksmuseum oorhandig, nie Cornelia nie. Toe word sy die hoofverdagte, of minstens medepligtig. Hoe anders? Hoe kon sy geweet het om die skildery te verwyder een dag voor die brand?” Die geregsdienaar kyk na Eijkman met ‘n gemoedelike glimlag asof hy hom daardeur tot instemming wil lei. “Dit bring ons na haar verklaring wat van allergrootste belang is.”
Eijkman knik. Die verklaring sal belangrik wees, want hy weet klaar wat daarin staan.
“Sy sê dat jy haar gewaarsku het dat die huis gaan afbrand, dat sy dit wat vir haar die meeste waarde het, moet verwyder. Selfs dat sy nie langer daar moet bly nie en by jou moet intrek.” Die sersant lag. “Dit het sy darem nie gedoen nie en soos jy weet, het die huis in die dag afgebrand toe al drie susters by die prokureur was.” Dan word hy weer baie ernstig en druk sy groot neus amper teen Eijkman se gesig. “Die enigste vraag wat oorbly, Eijkman, is dit: Hoe kon jy geweet het die huis gaan afgebrand word as jy dit nie self gedoen het nie?”
“Dit was nie ek nie.” sê Eijkman weer en pleit, al sien hy dit gaan nie help nie: “Asseblief Sersant, jy moét dit verder ondersoek. Jy maak ‘n groot fout! Enigiemand kon gehuur gewees het om dit te doen. ”
“Nee, Eijkman, jy maak die fout as jy dink dat daar nog hoop is. Jy is dood.”
Eijkman kyk af na die boeie om sy enkels. Sien daarteen op om weer sy weg terug na die selle oor die bourommel te baan. Kyk op na sersant van der Meer. Hy kan sien hoe alles wat in die huis gebeur het, reg aangehaal is en teen hom tel, al is hy onskuldig. Kan hy verduidelik hoe hy geweet die huis afgebrand gaan word en wie dit gedoen het? Natuurlik nie. Al weet hy, was dit net ‘n afleiding wat hy gemaak het oor die opsteek van ‘n pyp, iets wat nooit bewys kan word nie.
Dit sal wees soos die vreemde storie van die bloeiende skildery, die onmoontlike uitdaging om geglo te word al is dit die waarheid. As dít is wat hy daaruit moes leer, is Johanna seker reg: hy was nie net toevallig daar om Cornelia se droom te hoor nie. Hy kyk op en sien Juliëtte in die grou lug. Soek ook vir Clara, wat hy onlangser gesien het, maar kan haar gesig nie oproep nie. Hy dink weer hoe sy hom aan Juliëtte laat dink, al is alles by hulle omgekeerd.
Dieselfde, verkeerdom. Toeval. As niks toevallig gebeur nie, is die polisieman óók reg met sy heel laaste woorde, want dit is presies wat Cornelia gesê het – op ‘n manier is hy klaar dood. Eijkman snak na asem.

## Selfportret – Mary-Ann Naudé

Dirk skrik toe die man langs sy hospitaalbed praat. Hy het hom nie gesien óf gehoor inkom nie.
“Adjudant-offisier Malherbe, aangenaam.”
’n Verlammende angs spoel deur Dirk met die aanhoor van sy besoeker se rang. Hy reageer nie dadelik op die groet nie; probeer eers om die doel van die besoek te analiseer – hulle kan tog nie iets vermoed nie? Sekerlik is hierdie net ’n formaliteit? Om al die oorlewendes te ondervra?
Malherbe steek sy hand uit na Dirk om te groet, maar trek dit dan vinnig terug toe Dirk ingedagte ’n verbinde hand uitsteek.



Geen wonder Dirk het hom nie sien inkom nie, want die enigste ding aan adjudant-offisier Malherbe wat enigsins noemenswaardig is, is sy titel. Om te sê hy is 'n kort, vaal bebrilde mannetjie sou meer erkenning aan hom gee as wat sy onindrukwekkende voorkoms verdien.

"Jou hande?" Malherbe se kriptiese manier van praat, dra verder by tot Dirk se angs.

"Ja, my hande." Dirk se stem is hees van die hoeveelheid rook wat hy ingeasem het. Hy probeer sy stem gelykmatig hou. Besluit om net die nodigste te sê, bang dat vrees deur sy stem slaan.

"Hoe?"

"Die brand." Dirk frons geïrriteerd. Hy wonder wat die man in die mou voer met dié manier van ondervraging. Is dit sy manier om hom in 'n hoek te dryf?

"U weet tog wat ek bedoel? Hoe het dit gebeur? Dat spesifiek u hande so gebrand het? Umm. Derdegraadse brandwonde. Nét op u hande." Malherbe is soos 'n hond wat vasgebyt het. Sy oë op Dirk se hande.

"Ek." Dirk kyk nou sélf na sy hande, asof hy wag dat húlle die storie moet vertel. Waar begin hy? Vertel hy die waarheid, of bly hy by die weergawe wat hy oor en oor in sy gedagtes herhaal het. Wanneer hy besef dat Malherbe geduldig wag vir 'n antwoord, begin hy hees: "Ek het Clara, een van die susters, probeer uithelp. Ek moes haar onder haar arms vat en sleep. Normaalweg sou ek haar maklik kon dra, sy is skaars meer as 'n geraamte, maar ons drankies was gedokter en ek kon kwalik op my voete bly. Ek het in my eerste verklaring gemeld van die gedokterde drankies?"

"Ja-ja. U het. Mm. En? Hoe hou dit verband met u hande?" Weer die kriptiese manier van vra en Dirk is nou oortuig daarvan dat dit taktiek is om hom te ontsenu.

"Op pad deur toe het ek moeg geraak en opgegee. Haar gelos om myself te red. Maar toe ek buite kom – dit moes seker die vars lug wees wat my weer helder laat dink het – wou ek weer terug om haar te gaan haal. Ek kon nie meer staan nie. Ek het myself teen die deurkosyn, wat toe reeds in vlamme was, probeer optrek." Dirk se stem breek en hy drink eers van die water langs sy bed. "Die deur was oop. Cornelia was reeds buite. Ek het haar gesmeek om my te help om Clara te gaan haal. My liewe Here, sy was skaars twee tree van die deur af!" Sy woorde eindig in 'n snik en hy vee die trane wat oor sy wange loop met sy pajamapak se mou af.

"U bedoel seker Johanna? Dat dit mejuffrou Johanna Veth was wat reeds buite was?" Malherbe se stemtoon is gelykmatig, maar die frons tussen sy oë weerspreek dié kalmte.

Dirk skud sy kop. "Nee. Nee, dit moes Cornélia wees, dit sou onmoontlik vir Johanna wees om sonder hulp uit te kom in haar toestand. En buitendien ..."

Malherbe wag nie dat Dirk sy sin voltooi nie. Hy maak die vaal lêer wat hy nog heeltyd voor sy bors hou oop. "Mm. Ja. Twee liggame. In die puin. Forensies was maklik. Klein dorpie. Een tandarts. Mm. Ja. Hier is dit. Mejuffroue Cornelia en Clara Veth." Dan hou hy 'n foto na Dirk uit. "Mejuffrou Johanna Veth, die enigste oorlewende suster."

"Dis onmoontlik! Ek het Johanna probeer wakker kry, sy het nie geroer nie! Cornelia het ons drankies gedokter. Dit móés sy wees!" Dit voel vir Dirk of Malherbe déúr hom kyk, dan gee hy skiet: "Daar was so baie rook, ek was so deurmekaar ..." Dirk kreun en druk sy kop dieper teen die kussings. Hy maak sy oë vir 'n oomblik toe om van Malherbe se skerp blik te ontsnap en toe hy dit weer oopmaak, is die polisieman weg.



Het hy hom dit dan net verbeel? Dit kan tog nie ... Vader tog, hierdie speurder kan nie maar net deel wees van die droggebeure wat die afgelope drie dae na die brand oor en oor in sy kop afspeel. Hy kyk na sy hande, sien die pienk vog wat deur die verbande sypel. Kan dit wees dat hierdie hande werklik daartoe in staat is om te doen wat sy benewelde verstand hom wil wysmaak hy gedoen het?

Hy moet probeer onthou. Hy moet net. Hy maak sy oë toe; sien weer deur die bedwelmde rookwaas hoe Johanna op Cornelia afstorm en haar aan haar keel gryp. Hoe hulle grond toe tuimel en Cornelia die oorhand kry. Hy hoor weer Johanna se skor roep om hulp en soos telkens tevore maal dieselfde vrae deur sy kop. Het hy eers ʼn oomblik daaroor gedínk voordat hy die stuk gordynreling gegryp het wat saam met die brandende gordyn afgetuimel het grond toe? Was hy werklik onbewus van die pyn wat die vuurwarm reling veroorsaak het? Of was hy so gedrewe om te doen wat hy gedoen het, dat hy die pyn kon ignoreer? Het hy gehuiwer voordat hy Cornelia daarmee begin wurg het toe hy nie genoeg krag gehad het om haar van Johanna af te trek nie? Kan hy homself daaraan troos dat sy gebrek aan moraliteit toe te skryf was aan sy verblindende drif om Cornelia van Johanna af te kry sodat sy hom kon help om Clara uit die vlammesee te kry?

Soos elke keer wanneer die toneel voor hom afspeel, voel hy hoe sy liggaam begin ruk en hy dwing sy oë oop. Hy skrik toe hy Malherbe weer langs sy bed sien. Dis asof hy nooit weg was nie! Is hy dan besig om mal te raak? Hoekom voel dit vir hom of Malherbe deur sy toe oë tot in sy gedagtes kon sien?

"Jammer. Gou badkamer toe. Iets geëet gisteraand." Malherbe blaai tydsaam deur die lêer wat hy nou langs Dirk op die bed neergesit het. "Mm. Interessante foto. Van die deurkosyn." Hy trek sy oë op skrefies terwyl hy Dirk dophou en toe stadig ʼn foto uit die lêer trek.

Dit neem Dirk ʼn paar minute om die volle implikasie van die foto te verstaan. Wie sou kon raai dat die deurkosyn feitlik ongeskonde sou bly in so ʼn verwoestende brand?

"Ek. Soos ek gesê het, ek was bedwelm deur die drankie en boonop was die hele vertrek in rook gehul. Enigiets kon my hande gebrand het." Hy kyk vir ʼn oomblik op in Malherbe se gesig, sien dat sy verduideliking hom nie oortuig nie.

Malherbe krap weer in die lêer. Foto's val uit op die bed en Dirk sien met afgryse ʼn foto met oorblyfsels in die vorm van ʼn mens.

"Mm, forensiese uitslag. Mm. Waar is dit tog? Mm, soos ek gesê het. Mej. Cornelia Veth. Mm. Aha, hier is dit!" Malherbe trek die bladsy met groot vertoon uit, kyk bo-oor sy bril daarna voordat hy weer na Dirk kyk. "Goed! Goed! Dit was die gordynreling." Dirk voel hoe die spanning op sy bors skietgee.

"Gordynreling?"

"Ek het Cornelia daarmee gewurg." Dirk vryf sy oë gelate met die agterkante van sy verbinde hande. "Maar sy het nog geléwe toe ek haar gelos het! Ek sweer! Ek wou net keer dat sy Johánna verwurg. Sy hét nog gelewe. Dit was Johánna wat stil gelê het. Dit was Johanna wat ek nie kon wakker kry nie! Ek. Ek moes dringend by Clara uitkom. Dis die volle waarheid. Ek sweer!"

"Mm." Malherbe huiwer ʼn rukkie met die vel papier voor hom. Kyk heen en weer tussen die papier in sy hand en Dirk. "Mm. Soos ek sê. Forensies. Mej. Aha! Ek sien. Ek het dit verkeerd gehad. Dit is mejuffrou Clara Veth, nie mejuffrou Cornelia Veth nie. Ja. Die forensies. Mm. Mejuffrou Clara Veth was inderdaad slegs twee

tree weg van die voordeur."

"Jy. Is. Laat." Cornelia forseer die woorde deur haar dungespande lippe toe sy die deur vir Clara oopmaak.

"Shit happens," antwoord Clara met 'n skouerophaal en skuur al kouende verby Cornelia die dofverligte leefvertrek binne. Sy skud die reën van haar sambreel op die blink houtvloer af en wag vir 'n reaksie van Cornelia. Wanneer dié haar asem skerp intrek, lag Clara en snou: "Steeds so uptight soos altyd." Sy knipoog vir Johanna wat die petalje met 'n glimlag dophou.

Clara se doelbewuste uittarting ontgaan Johanna nie. Clara is kaalvoet, haar skoene onder haar arm vasgeknyp. Johanna kyk besorgd na haar jonger suster se tenger lyf, sien die prominensie van haar sleutelbene deur haar nat bloes en vir 'n oomblik wil sy haar toevou in haar eie wyer lyf. Dan kyk sy na die man wat stil op die bank in die leefvertrek sit, sy blik op sy skoenpunte.

Clara vryf haar arms dramaties, "hoe lyk dit met koffie, Ousus? Ek is sopnat en móérkoud."

Cornelia snork, maar stap dan tog kombuis toe.

"Shit mense! Wat sit julle so in die donker? Het ons nie reeds klaar getreur oor die ou donner se dood nie?" Clara skakel ligte met teatrale handbewegings aan.

Wat Cornelia weer vies afskakel. Sy het halfpad kombuis toe teruggedraai en kyk nou met 'n diep frons na Clara, die koffie vergete. "Ek probeer krag spaar!"

"O ja, ek het vergeet die ou bliksem was mos teen die einde bankrot." Clara girts een van die gordyne oop en val dan ongeërg styf vas teen die man op die bank. "Ek neem aan jy is Dirk, eiendomsagent wat die shithole moet verkoop." Sy steek speels haar hand na hom toe uit om hom te groet.

"Het jy geen respek nie?" Dit klink of Cornelia wurg aan haar eie woorde, maar Clara se fokus bly ongesteurd op die man langs haar.

Johanna merk hoe Dirk se lippe 'n oomblik intiem oor Clara se vingerpunte vee-soen. Verbeel sy haar of het hy sopas op 'n baie suggestiewe manier vir Clara oog geknip?

Is dit sy manier om haar te straf oor vanoggend?

Sy kyk na die ritmiese deining van Dirk se asemhaling terwyl hy slaap. Die glans van die oggendson deur die gordyne gooi skadu's oor sy lyf en sy kan nie die versoeking weerstaan om die lyne daarvan na te trek nie. Haar vingers volg die dun spoor hare wat van sy naeltjie áfloop en begeerte beweeg in haar. Hy roer mompelend onder haar streling, maak sy oë lui oop en soen haar. Sy aanraking is sag en liefdevol soos altyd die paar weke dat sy hom só intiem leer ken het, maar ...

Hy rol om en skuif half bo-oor haar.

Nee!

Sy hande is grof en vinnig, veels te vinnig.

Nee!

Sy stamp hom weg, spring op en hardloop badkamer toe. Sy probeer haar bloes se knope vasmaak, maar haar vingers is dom. In die spieël sien sy die beweging. Hy! Hy staan in die deur. Sy kyk weg. Kan die blik in sy oë nie verduur nie.



"Johanna?" sê hy.

Vandag kry sy nie rus onder sy hande nie. Toe hy bo-op haar gaan lê, word hy die spook uit haar verlede met growwe, dwingende hande en sy stoot hom met weersin weg voordat sy vervaard opspring, haar klere van die stoel af opgeraap en badkamer toe gaan om daar aan te trek.

Haar vingers is dom met die knope en eers later toe Dirk haar daarop wys, het sy gesien dat sy haar bloes soos 'n kleuter vasgemaak het. Hy het die deur versper met sy lyf, daarop aangedring dat sy met hom praat. Sy hét gepraat. Gesê wat sy kón sê. Sy het hom toegelaat om haar knope reg vas te maak en hy het haar laat gaan. Sy het die twee blokke van Dirk se huis af bushalte toe gehardloop. Verby die lang ry mense gedruk tot heel voor en haar nie gesteur aan die gemor daaroor nie. Sy was 'n skilpad wat niemand kon omdop of peil nie en mettertyd het die gemor stil geraak toe hulle sien dat sy nie meegee nie. By die huis het sy die meel uit die kas gehaal. Die eiers, suiker, bakpoeier en botter in 'n netjiese ry op die toonbank gepak en metodies begin afmeet. Presiese hoeveelhede tot op die gram en milliliter. Die mengsel presies 12 keer met die houtlepel omgedolwe voordat sy dit uitgerol het. Die dikte van hoek tot kant presies sewe millimeter. Haar gesig het laag oor die deeg gehang, want sy het nooit met haar bril op gebak nie. Soms was sy té naby sodat haar oë fokus verloor het, maar die geboë houding en die ritmiese uitrol het haar gesus. Die botterbroodjies het sy perfek rond uitgedruk, elke krieseltjie deeg nuttig gebruik. Eers toe dit gereed om gebak te word in die pan lê, het sy gevoel hoe die snaar binne haar losskiet. Eers toé kon sy weer asem kry.

Johanna draai haar rug na Dirk en Clara op die bank. Dit voel of die skemer in die vertrek haar wil versmoor. Sy wil uit die drukkende vertrek hardloop na buite vir asem, maar dis asof haar lyf nie wil reageer nie. Sy gaan sit op die klavierstoeltjie om tot verhaal te kom. Hoekom het sy vandag gekom? Sy het haarself tog lank terug belowe dat sy nooit weer oor die drumpel van haar grootwordhuis sal tree nie. Sy luister afgetrokke na Cornelia se gebruiklike lofrede oor die goeie Jan en hoe hy homself opgeoffer het om sy susters te onderhou na hulle ouers se dood. Sy moet dink. Wegkom van die beklemming van hierdie vertrek en van Cornelia. Dan liewer koffie gaan maak in die kombuis van 'n huis wat lank nie meer háár huis is nie. "Dan sal ék maar die koffie gaan maak," sê sy. Sy hoor Johanna iets sê, maar sy loop nikssiende uit kombuis toe.

Deur die dun mure van die huis kan Johanna vir Clara hoor praat. "Fok! Was dit 'n gedoente om hier uit te kom! Die een bus so vol soos die ander. Ek moes letterlik soos 'n tierkat te kere gaan om 'n plekkie op die bus te kry. Moes so ou vet antie uit haar skoene stamp om die laaste plekkie te kry. Dié dat ek so nat is – die ou voor my se hele dam water op sy sambreel het op my geval! Poephol! Wil so wragtig met die oop sambreel in die bus indonner! Wag, die hele gedoente het my blaas aangetas, ek loop gou 'n draai voor die koffie kom."

Johanna luister nie verder na die gesprekke in die sitkamer nie. Cornelia moes die skinkbord met teegoed vroeër uitgesit het; sy maak dus net die ketel vol en sit dit aan. Die kombuis lyk steeds dieselfde; in die jare dat sy nie hier was nie, is dit nog nooit verander of oorgeverf nie. Dis asof al die reuke van die huis hier in die kombuis bymekaar kom en Johanna moet hard veg teen die naar van onthou. Soos vanoggend en elke keer wanneer die spoke van die verlede haar ontstig, probeer sy beheer kry deur te fokus op detail. Sy konsentreer noukeurig op die opvul van die koppies; laat dit vol loop tot presies een duimnael onder die rand. Wanneer die koppies presies ewe vol is, dra sy die skinkbord met haar duime na bo, haar oë gefikseer

op die beweging van die swart vloeistof in die koppies. Sy voel hoe die band om haar verslap en sy begin ontspan.
Die gevoel van verligting is egter van korte duur; met Johanna se fokus op die beweging in die koppies op die skinkbord, sien sy nie hoe Clara, háár aandag op die selfoon in haar hand, voor haar inloop nie. Die twee loop tromp-op in mekaar vas in die gang voor die badkamer. Die impak stamp die skinkbord teen Johanna vas; koppies kletter op die vloer, warm koffie spat oor haar en Clara. Beide gil.
"Fok, Sus! Kan jy nie kyk waar jy loop nie!" Clara vee vies die selfoon in haar hand aan haar denim af en blaas oor haar arm waar die warm vloeistof op haar gespat het.
"My magtig, Clara! Dis omdat jy met jou neus in jou foon loop!" Johanna trek haar bloes teen haar vel weg om verligting te kry van die brand, stap dan die badkamer binne, maak 'n handdoek nat en druk dit onder haar bloes in.
"Wel, ten minste het ek 'n léwe, mense stel belang daarin om met my te chat!" Clara loop tot teen Johanna en swaai haar vinger voor haar neus voordat sy verder gaan: "En ek is nie een van jou standerdsessies nie, bêre jou kwaai-juffrou-stem vir hulle!" Sy gryp 'n waslap en begin hardhandig oor die koffievlekke op Johanna se bloes te skrop. "Laat ek jou tog help om jou ou precious sybloesie te red!"
"Eina, Clara, jy maak my seer!" Johanna vat die waslap by Clara, wat dit eers probeer terugruk en dan vasbeslote die punt van die handdoek gryp en verder vryf. "Wat ís dit met jou? Kom vloek-vloek 'n uur laat hier ingewals, flirt openlik met 'n wildvreemde man en nou gaan jy soos 'n bul wat 'n rooi vlag sien tekere en stamp my hardhandig rond? Wat het in jou gevaar?"
"Mens kan dit kwalik rondstamp noem, maar toemaar," sê Clara. "So, daar is tóg gevoel onder daai dik dop?" Sy pluk vir oulaas aan die handdoek en los dit dan. "Miskien het ek net gróót geword, Sus! Miskien is dít hoe dit lyk as mens op jou eie aangewese is om te survive!"
Cornelia staan nou op die drumpel van die badkamerdeur. "Wat gaan hier aan?" Sy wys ontsteld na die gebreekte koppies op die vloer. "Dit was Ma se spesiale koppies!"
Sonder om om te draai na Cornelia toe, haar oë nog op dié van Johanna, krys Clara: "Fokkof, Cornelia, dit het niks met jou te doen nie!"
Cornelia trek haar asem skerp in, kyk na Johanna wat haar kop skud en met haar mond beduie –'los dit' en sê dan flou "Ek bring vir jou 'n skoon bloes, Johanna."
"Was dit nou nodig, Clara?"
"Was dit nodig om in die middel van die nag te verdwyn?"
Johanna snap nie dadelik waarna Clara verwys nie. Sy kyk begriploos na Clara, tas angstig in haar geheue rond; besef dan wat die oorsaak is van Clara se woede. "Ek het vir jou 'n brief gelos."
"My moer, Johanna, ek was élf jaar oud!"
Johanna staan verbysterd voor Clara. Gedagtes en woorde ruis in haar kop, maar sy kry nie woorde gevorm nie. Sy het geen verweer teen die aanklag in Clara se oë nie. Hoe verduidelik sy vir Clara dat sy geen ander keuse gehad het as om weg te gaan nie? Dat dit ter wille van háár, Clara, was dat sy moes gaan. "Clara, luister, jy verstaan nie," sy wil verduidelik, so goed as wat sy kan, maar Cornelia onderbreek hulle gesprek toe sy die droë bloes vir Johanna bring.



Clara wag nie dat Johanna verder praat nie, sy draai met 'n snork om en klap die badkamerdeur agter haar toe.

Johanna wil Clara eers terug roep; verduidelik, maar bedink haarself dan. Wat sal dit help? Sy kan tog nie vir Clara die waarheid vertel oor die aand wat sy Jan in die gang op pad na Clara se kamer raakgeloop het nie. Dat sy die aand 'n ooreenkoms met Jan moes aangaan wat nou nog by haar spook nie …

Toe Johanna later by die ander drie in die sitkamer aansluit, sonder die beloofde koffie, maak Dirk van die geleentheid gebruik om op te staan. "Ek dink ons moet maar begin, dit word laat." Hy neem die voortou en die drie susters loop agterna met Clara wat een strook deur kommentaar oor alles in die huis lewer.

Asof niks in die badkamer gebeur het nie.

Johanna sien met ontsteltenis hoe Clara openlik met Dirk flankeer. Sy vat kort-kort aan hom, krap sy hare speels deurmekaar en fluister op 'n keer iets in sy oor. Waarom ontstel dit haar so? Sy ken tog vir Clara. Hoeveel keer het sy nie al vantevore gesien hoe Clara optree in mansgeselskap nie?

Wanneer hulle egter met die wenteltrap opstap na die boonste verdieping raak Clara stil. Soos gewoonlik loop sy nie teen die kant van die reling nie, maar skuur-skuur teen die muur. Hulle oë ontmoet vir 'n oomblik en Johanna sien weer die bang driejarige dogtertjie met die bebloede smokrokkie; Johanna self nog maar tien. Dit was 'n aand soos dié, reënerig en koud met 'n woedende wind buite.

"Pappa raas." Clara se onderlip bewe.

Mamma het gesê hulle moet buite gaan speel as hulle hoor Pappa raas, maar dit is al donker en baie koud buite. Johanna vat Clara se vet handjie, bang dat sy sal begin huil. As sy huil, raas Cornelia.

"Kyk, Sussie, kyk die vlammetjies in die vuur." Johanna wys na die kaggel. Dalk sal dit Clara se aandag aflei van die argument wat al hoe hewiger word. Vir 'n oomblik werk dit en raak Clara stil, maar dan bars die kamerdeur bo-aan die trap oop en kom Ma uitgehardloop met Pa agterna. Johanna sien nou ook vir Cornelia bo-aan die trap. Sy vat vinnig Clara se hand en trek haar op. "Kom, Sussie, kom ons gaan kyk gou die maan." Clara huil dat dit koud is buite, maar Johanna troos. "Ons sal ons jassies aantrek, kyk dit hang daar agter die voordeur."

Voordat hulle by die deur kom, ruk 'n harde klapgeluid hulle tot stilstand. 'n Klomp geluide smelt inmekaar. Die harde skerp geluid van iets wat breek. Ma se gil. Clara se huil. Pa wat roep. Cornelia wat skree.

Dan die harde slag toe Ma die vloer tref.

Johanna sluk hard aan dié onthou. Hoeveel jare terug is dit nie en steeds kan sy dié geluid van ma wat val nie stilkry in haar kop nie. Sy klim die trap swaar op. Dirk laat toe dat Cornelia nou die voortou neem. Haar hande vee oor die reling en sy kyk kort-kort na haar vingers asof sy wil seker maak daar is geen stof nie; vertoef 'n rukkie langer waar die reling duidelik met 'n ander houtsoort gelas is, maar stap dan, oënskynlik ongeërg, verder af in die gang wat lei na die kamers aan die bo-punt van die trap. Johanna dink bitter dat nie sý óf Clara ooit so ongeërg verby dáárdie plek sal kan stap nie.

Dirk, wat tot nou toe nog stil die omgewing waargeneem het, gaan staan skielik stil voor 'n skildery aan die bopunt van die trap. "Wow! Dan is dit die bekende selfportret van julle broer? Ek het gehoor daarvan. Dat

Jan letterlik duisende aangebied is daarvoor, maar dat hy volstrek geweier het om dit te verkoop.” Hy tree effens terug om die skildery van ’n verder afstand af te bekyk.

Clara gil en gryp na hom. “Pasop, jou dofkop!”

Haar poging om speels te probeer klink om haar skrik te verbloem, flous Johanna nie.

“Jy weet mos my broer kon die plek nie ordentlik onderhou nie,” sê Clara gemaak verontwaardig. “Netnou donner jy hier af.” Sy swaai haar arms teatraal, leun gemaak argeloos weer terug teen die muur, maar Johanna vermoed sy het die muur nodig om haar te stut.

Johanna kyk fronsend na haar jonger suster. Clara se veelvlakkige persoonlikheid verstom haar telkens. Met haar aankoms was sy speels, opgeruimd en sorgeloos; oomblikke daarna aggressief en hardhandig; flussies weer was sy die bleek, onseker dogtertjie van jare terug. Noú weer tree sy vreesloos op om ’n skynbaar wildvreemde man van ’n potensiële val te red. Sy is gewoond aan Clara se wipplank-geaardheid, maar hierdie optrede van haar maak nie sin nie. Vanaf die dag na Ma se val loop Clara ’n wye draai om enige reling – sou haar instink om iemand van ’n potensiële val te red, werklik dié vrees kon breek as sy hom nie geken én baie vir hom omgegee het nie?

“Mystére,” onderbreek Dirk haar gedagtes toe hy die titel onderaan die skildery hardop lees. Hy staar na die skildery. “Waarom sou hy sy selfportret só noem? Wat sou dit impliseer?” Dirk staar ’n rukkie in stilte na die skildery, draai dan na Johanna en Clara wat agter hom tot stilstand gekom het. “Weet een van julle dalk?”

Daar is iets in sy stem wat Johanna ongemaklik maak. Insinueer hy dat sy of Clara iets weet wat Cornelia nie weet nie? Sy kyk onwillig na die skildery. Jan was genadeloos eerlik met die skilder daarvan – elke onvergenoegde lyn, elke plooi, is onverbloem weergegee. Die bloedbelope oë sonder skaamte of skans. Johanna ril. Dit is asof die blik in die skildery ’n prop in haar uittrek en sy magteloos is om te keer dat die lewe uit haar wegsyfer. Sy leun vorentoe om die naam van die skildery self te lees. “Mystére.” En dan om Dirk se onthalwe: “Dit beteken misterie in Frans. Misterie, of geheim.” Toe sy dit sê, voel sy hoe die donker soos uitskot-olie in haar opstoot en haar lugweë toestoot. Sy krimp ineen onder die genadelose onthou van háár geheim. Die onuitgesproke beskuldiging in die skilderyoë lê naak en vir ’n oomblik wonder Johanna of die ander dit ook kan sien.

Dis Clara wat die stilte verbreek. “I, for one, weet wat die fokker wegsteek.”

Johanna skrik uit haar toestand van verlamming toe sy die haat in haar suster se stem hoor. Sy sien hoe Cornelia tot byna teen Clara se gesig loop voordat sy sis: “Jou ondankbare klein feeks, wie het jou versorg na Pa se dood?”

Clara verloor beheer, haar stem nou skril: “O, glo my, versórg, het hy my versórg!”

Johanna sien hoe die skanse van bravade waarmee Clara deur die lewe gaan van haar afval. Sy is nou weer die brose, bang bondeltjie op die vloer. Johanna se verstand tas na verstaan in die vakuum wat die onthulling veroorsaak het, en dan breek begrip deur. “Jy ook?” snak sy. “Hy het belowe dat hy jou sal uitlos as ek …” Johanna se bewende stem is nou net ’n fluistering.

Sy het Clara onder haar vlerk geneem daardie aand aan die onderpunt van die trap. Haar daarna altyd gevang wanneer sy val. Sy het geglo haar beskerming sou Clara kon vrywaar van die skerp hoeke van die



lewe. Sy het haarsélf opgeoffer sodat Clara vry kon wees. Lank nadat sy reeds hierdie verdoemde huis verlaat het, het sy op Jan se bevel haar offer getrou gebring.

En nou … Sy kan dit byna nie dink nie. Nou blyk dit dat dit al die jare vergeefs was!

Cornelia kyk geskok heen en weer na die twee. "Insinueer julle dat …?" Dan gil sy dit uit: "Snert!" Sy draai na Dirk. "Jammer hieroor, die twee klein … Die twee ondankbare …" Dit klink of sy soek na beter woorde om haar statuur hier voor Dirk te behou, maar gee dan op: "Steur jou nie hieraan nie, laat ons verder gaan," en sy loop driftig verder.

Dirk bly roerloos staan. Hy kyk van Clara na Johanna. Dit lyk of hy iets wil sê, maar dan kyk hy weer na die skildery.

Clara waai haar arm na die skildery. "As dit vir jou so fantasties is, vat dit vir jou, Dirk!" Afsku is duidelik sigbaar op haar bleek gesig. "As dit van mý afgehang het, was dit lankal verbrand!"

Cornelia storm terug na die drie voor die skildery. "Oor my dooie …"

Die res van haar sin word uitgedoof deur ʼn harde donderslag. Clara gil en gaan sit op haar hurke teen die muur. Dan is dit pikgitdonker.

Johanna weet dat Clara ná daardie noodlottige aand nog altyd ʼn doodsangs vir die donker het en Johanna skuifel na waar Clara op die vloer sit om haar te troos. "Toemaar Kleinsus." Sy hoop dat Clara sal weet dat die trooswoorde nie net vir nóú se skrik bedoel is nie, "ek is jammer, ek moes hom nie vertrou het nie."

ʼn Blits verlig die toneel deur die oop gordyn. Johanna sien dat Dirk ook langs Clara sit, sy hand op haar been. Die wetter! Óf hy is ʼn genadelose aasvoël wat toesak op weerlose, vreesbevange meisies en die geleentheid aangryp om in die donker sy siek behoeftes tot uitvoering te bring, óf hy het Clara vooraf geken. Dirk het blatant vir haar gelieg! Was hul ontmoeting werklik so toevallig soos wat hy voorgegee het? Hoekom sou Clara en Dirk maak asof hulle mekaar nie ken nie? Hoe kon sy so naïef wees? Hoe kon sy Dirk so vertrou? Haar susters selfs aanmoedig om hom die alleenmandaat op die verkoop van die huis te laat verkry. Sy kan nog verstaan hoedat Clara vir hom kon val; sy is immers die een wat nog altyd maklik verlief geraak het.

Die impuls om Dirk hier, terwyl hulle in die donker op die vloer sit, te konfronteer pols deur elke vesel in Johanna se liggaam, maar sy onderdruk dit met ʼn ysere beheer. In stede daarvan klap sy sy hand van Clara se been af. Haar stem is ʼn sagte sis wanneer sy oorleun en byna teen sy gesig in die donker sê: "Leuenaar." Sy kan nie sien hoe hy daarop reageer nie, hoor net hoe hy sy asem skerp intrek. Sy staan vinnig op, druk die flitsliggie op haar selfoon aan en wys na die skildery. "Klaarblyklik het ons broer meer as een geheim gehad." Sy bly ʼn oomblik stil, draai die lig na Dirk toe en voeg dan by, "soos sekere van ons ander ook klaarblyklik het."

Dirk strompel vervaard regop en kom staan in die ligkring van Johanna se selfoonflits. Hy pleit: "Johanna, asseblief, dis nie soos jy dink nie," maar sy draai moedswillig die lig weg van hom en fokus op die skildery.

Cornelia staan dreigend nader. "Luister, ek weet nie waarmee jy besig is nie, maar dit is nie nou die tyd daarvoor nie!"

Johanna steur haar nie aan Cornelia nie. Vir té lank het Cornelia haar gevange gehou in ʼn donker spasie van vrees. Sy hou haar stem gelykmatig, praat asof sy bloot feite aframmel. "Die laaste aand toe ek Jan. Voordat

ek weg is. Hy het my vertel dat ek eendag die volle waarheid sal uitvind. Dat dit soos 'n boodskap vanuit die dood sou kom. Ek het amper daarvan vergeet. Destyds wou ek net hier wegkom, maar vandag toe ek die skildery sien, onthou ek weer sy woorde aan my: 'Soek die waarheid ágter die geheim.'"

"Snert, watse snert!" blaf Cornelia. "As Jan iemand sou vertel van 'n sogenaamde geheim, is dit vir mý! Dis tog ék wat jare vir hom gesorg het nadat hy siek geword het! Waarom sou Jan jóú met sy geheim vertrou het? Julle het immers nie eens met mekaar gepraat nie. Jy was nie eens by sy begrafnis nie! Praat van ondankbaarheid. Na alles wat hy vir ons opgeoffer het!" Cornelia se stem styg met elke woord 'n toon hoër, haar mond net 'n bleek streep wat in haar gesig beweeg.

Johanna staan nou, die eerste keer in jare, vreesloos voor haar suster. "Het jy ooit gewonder hoékom, behalwe om seker te maak hy is werklik dóód, ek na sy begrafnis sou kom? Soos jy tereg sê, Cornelia, ons het nie met mekaar gepraat nie."

Johanna se beslissende toon laat Cornelia verbaas terugsteier en Johanna gaan onverstoord verder. "Ek twyfel wél baie sterk dat ons 'n erkenning van Jan se eie dade gaan kry." Sy kyk na Clara. "Jan was immers altyd reg in sy eie oë."

Johanna gee haar selfoon aan Clara, wys dat sy die flitsliggie daarvan op die skildery moet skyn en beduie dat Dirk haar moet help om die skildery van die muur af te haal en om te draai. Sy steur haar nie aan Cornelia se pogings om hulle te keer nie. Hoeveel kere het sy as kind nie moes buig voor Cornelia se wense en bevele nie? Hoeveel kere het haar vrees vir Cornelia haar nie met angs ineen laat krimp nie? Vandag laat Johanna haar nie keer nie.

Maar daar is niks. Aan die agterkant van die skildery is net die gebruiklike bruinpapier.

Cornelia lag. Smalend. "Sien, sus, ek het jou gesê, met jóú sou Jan niks intiem deel nie!"

In die lig van die selfoonflits lyk die glans in Cornelia se oë vir Johanna diabolies en vir 'n oomblik wil sy haarself weer oorgee aan haar vrees. Maar toe Cornelia vorentoe skiet en die skildery hardhandig uit haar hande gryp en skree: "Gee hier, dis mýne!" word sy gevul met 'n ongekende woéde. Sy storm vorentoe en gryp na die skildery wat Cornelia vinnig voor haar probeer wegruk. Sy kap haar naels in die bruinpapier vas en met Cornelia se wegruk skeur 'n groot reep van die papier af. Die skeurgeluid in die stilte vang hulle onkant en hulle bewegings stol vir 'n oomblik. Die twee susters staan hygend voor mekaar. Dan voel Johanna Dirk se hand op haar arm.

"Los dit." Hy praat sag, soos met 'n kind en dit vuur Johanna net verder aan. Sy spring vorentoe en druk Cornelia teen die muur vas.

"Niks in hierdie huis is joune nie! As iemand iets hier verdien, is dit ék!" Johanna se gesig is teen Cornelia s'n.

Clara lag kekkelend. "Fokkit, Susters!" snou sy. "Moer mekaar nou en kry klaar! Die dag loop aan." Sy knipoog vir Dirk.

Maar Dirk deel nie in haar pret nie. "Daar ís iets agterop," sê hy kalm, en toe die susters nie reageer nie, vra hy Clara om die lig daarop te laat val. "Kyk, dit lyk of daar nog 'n skildery aan die agterkant is."

Vir 'n oomblik staan die vierstuks versteen. Dan gryp Johanna die skildery by Cornelia en begin koorsagtig die res van die bruinpapier aftrek. Twee kleiner skilderye lê nou ontbloot in die flitslig.



Die eerste skildery is dié van ʼn figuur wat aan die onderpunt van ʼn wenteltrap lê, dramaties in rooi geskilder. Johanna trek haar asem skerp in, haar oë soek onwillekeurig na Cornelia, en sy sien hoe die triomfantlike sardoniese lig van vroeër in haar oë verduister. Sy neem die selfoon bewend by Clara en rig die flitslig na die bopunt van die trap in die skildery waar ʼn mansfiguur staan; sy gesig vertrek van woede, die arms uitgestrek, die handpalms vorentoe. Die gesig duidelik dié van hulle pa.

Dit is egter die jong meisie lángs hom in die skildery wat Johanna die selfoon laat val. ʼn Jong Cornelia staan langs hulle pa; in haar oë dieselfde blink as vroeër vanaand; haar mond die wit lyn wat die susters deur die jare leer ken het.

"Mamma het eina, Mamma het eina!" Clara huil, maar Johanna kyk nie na haar of na mamma op die vloer nie, haar oë bly vas op Cornelia waar sy aan die bo-punt van die trap staan. Mamma het hulle al vertel van die duiwel en vanaand het Johanna die duiwel gesién. "Kom, Sussie, kom ons gaan kyk die maan."

ʼn Donderslag. Sonder ʼn woord tel Johanna die foon weer op en laat val die skerp lig op die tweede skildery. Dit beeld die toneel uit van ʼn paartjie wie se liefdespel onderbreek word deur iemand wat by die oop deur staan. Slegs die hand op die deurknop word uitgebeeld, maar die hand, weet Johanna, is bekend aan al drie die susters. Dis die hand van hulle pa. Sy staan nader aan die skildery; haar oë nou byna teen die skildery – ma en oom Albert? Oom Albert, hulle jarelange Butler? Die insinuasie so duidelik soos daglig.

Jan, hier nog ʼn jong seun, uitgebeeld waar hy onder die bed lê, voltooi die legkaart.

Sy kyk na haar susters, sien hulle ook wat sy sien? Cornelia kyk met skrefiesoë na die skildery. Die streep waar haar mond is verklap niks van haar gevoelens nie. Clara staar met ʼn bewende lip na die skildery; vee onbewustelik oor die geboortemerk aan die binnekant van haar arm. Iets roer in Johanna gedagtes. Waar het sy …? Sy kyk vinnig terug na die skildery, en dan sien sy dit. Op die uitgestrekte arm wat Oom Albert uithou asof hy die onheil by die deur wil weghou, is dieselfde geboortemerk. Dis waar sy dit gesien het.

Dan gaan die krag weer aan. Die skilderye is nou in hulle volle omvang in die helder lig ontbloot.

Kleintyd se wonder kry betekenis. Johanna wonder vlugtig of daar ʼn derde betekenis aan die skildery is: dat Jan met die versteekte skilderye wou insinueer dat dit wat ágter die skildery versteek was, hom gevorm het. Is dit sy manier om homself te verontskuldig?

"Oom Albert?" sê-vra Clara, asof versigtig om die stilte te breek. "Waarom het Jan ʼn geboortemerk op sy arm geskilder? Hy het tog nie so ʼn vlek gehad nie?"

Clara se stem klink vir Johanna hol. Sy dink aan die talle kere wat sy gesien het hoe oom Albert oor Clara se hare vryf; hoe hy dikwels lank na haar gestaar het. Sy probeer onthou of sy ooit ʼn geboortemerk in sy binne-arm gesien het, maar besef dan dat sy hom nooit werklik met ʼn kortmouhemp gesien het nie. Sy kyk na Cornelia. As oudste kind behoort sy moontlik die antwoord te hê, maar voordat sy haar daarna kan vra, onderbreek Dirk haar gedagtes met ʼn skor stem.

"Hy wou nooit hê mense moet dit sien nie. Veral later in sy lewe."

"Hoe weet jy dit?" Johanna kyk verras na Dirk.

"Want hy is my pa."

Cornelia swaai haar hand asof sy Dirk se bewering daarmee wil wegvee. "Oom Albert is jou pa? Maar hoe is

dit dat ons jou nooit leer ken het nie? Onsin! As oudste kind sou ek jou onthou het."

"My ma het hom verlaat. Ek was nog 'n baba."

Johanna kan nie die uitdrukking op Dirk se gesig peil nie: Geskok? Moeg? Oorwonne? 'n Siddering gaan deur haar.

Clara staar vir 'n oomblik woordeloos na Dirk, voordat sy tot verhaal kom. "Fok! Besef jy … ?" snork-sê dan gemaak ongeërg: "Oh well*,* ten minste is jy net die hálfbroer en buitendien, liefde ken geen grense nie!" Sy knipoog vir Dirk en vee speels oor sy gesig.

Woede stroom onbeheersd deur Johanna se lyf, sy wys verwytend na Dirk en Clara, haar vermoede dat hulle mekaar intiem ken nou wreed bevestig deur Clara se insinuasie. Die ontboeseming in die skilderye nou net 'n bysaak: "Julle twee? Ek het jou vertrou Dirk! My lewe, my lyf – my álles – met jou gedeel en intussen kom jy my kleinsus by! Wie ís jy?" Sy staan nou téén hom; onderdruk die begeerte om hom te lyf te gaan.

"Ek is jammer Johanna. Die een ding het net tot die ander ding gelei – dit was nie my bedoeling …" Dirk se stem breek, hy kyk na Clara, asof hy by haar hulp soek.

"Ai, Sus – altyd so dramaties!" Clara rol haar oë – "so, die ou het by ons al twee geslaap, so what? Tien teen een het hy by Cornelia ook geslaap," sy knipoog vir Cornelia "of hoe Ousus? Het hy jou ook vooraf beter leer ken? Jy weet, ken, soos in die Bybel?" haar stem spottend.

Cornelia, wat tot nou toe nog stil was, ruk haar ken in die lug: "Ek is nie soos jý nie – ek spring nie in die bed met elke man wat ek ontmoet nie! Ek het beginsels!"

Dirk pleit nou: "Julle móét my glo; ek het nie doelbewus daarop uitgegaan om julle 'n rat voor die oë te draai nie. Ek wou julle net ontmoet en julle oortuig dat ek alleenmandaat moet kry vir die verkoop van die huis. Die een ding het net tot die ander gelei en ek was vas van plan om met die hele sak patats uit te kom; vandag nog! Die feit dat ek verlief geraak het …"

"Aha! Dan het jy darem nie gelieg toe jy vir my gesê het jy is lief vir my nie?" koer Clara koketterig en draai dan grootoog na Johanna, "Of het jy dieselfde gehoor Sus?"

Johanna vererg haar vir Clara. "Word groot Clara! En jý, Dirk, wat presies gaan hier aan? Praat!" Haar skril stem weerspieël nie haar broosheid nie – het hy ooit met haar van liefde gepraat?

"Ek sweer ek het niks geweet hiérvan nie!" Dirk wys na die skildery. Hy kyk pleitend van die een suster na die ander. Johanna sien hoe sy lippe bewe. "Ek het 'n brief gekry wat jul broer voor sy dood vir my geskryf het. Sy prokureur het dit kort na sy begrafnis vir my gestuur. Daarin het hy verduidelik dat een van julle die geheim van sy selfportret ken en dat die skildery meer werd is as die huis self. Volgens die brief sou ek alleenmandaat moes verkry wat my ook die reg op die skildery se opbrengs sou gee. Ek het geen idee gehad dat ek of my pa 'n band met julle het nie. Hy het my duidelik met 'n verskuilde agenda hierheen gestuur!"

Johanna het genoeg gehad. "En hoekom sou ons jou nou glo Dirk? Na al die leuens?" sy spoeg die woorde bitter uit.

"Asseblief, julle, ek is net soveel 'n slagoffer as wat julle is! Jan het my ook bedrieg. Hy het geskryf ek moet julle beter leer ken om te verseker dat ek 'n alleenmandaat kry. Selfs vir my 'n beskrywing van elkeen se voor- en afkeure gegee! Hy wóú die waarheid op hierdie dramatiese wyse bekend maak; hy kon dit nie net sê nie;

hy moes vir oulaas weer beheer hê oor julle." Dirk swaai 'n brief voor hulle, "hier, hier is die bewyse! Jan se brief, lees dit as julle my nie glo nie." Hy kyk pleitend na Johanna, "dink daaraan Johanna, hy het duidelik hierdie strategie gevolg om vir Cornelia aan die kaak te stel! Daar was tog twéé openbarings hier vandag!"

"Snert! Bog!" Cornelia se wange vlam rooi. "Susters, ek dink ons al drie weet dat Dirk hier, 'n fortuinsoeker is. Ek sal nie verbaas wees as hy die twee kleiner skilderye agter die een van Jan geplánt het nie!"

Toe Cornelia die brief wil vat, gryp Johanna dit voor haar weg. Sy kyk vlugtig daarna, sien Jan se krom handskrif en knik vir haar susters, "dit is Jan se handskrif, maar dit bewys nog niks nie."

Dirk probeer nou 'n ander strategie: "Ag kom nou julle, julle was tog seker nie onbewus van die praatjies na jul ma se dood nie? Johanna, jy was tog al oud genoeg om te onthou? Ek meen, as iemand wil selfmoord pleeg, spring hulle óór die reling – nie daardéúr nie! Het julle nie Cornelia se gesig in die skildery gesien nie? Ek sweer sý het die stampwerk gedoen en nie jou pa soos wat die mense destyds beweer het nie. En boonop het almal geweet dat Cornelia die huishouding met 'n ysterhand regeer het! Daar was selfs sprake dat sy julle broer stelselmatig vergiftig het, ek meen …"

"Genoeg! Genoeg!" Johanna het Cornelia nog nooit so buite beheer gesien nie. "Ek sal nie hier staan en beskuldig word deur 'n – 'n – fortuinsoeker nie! Trap! Trap uit my broer se huis uit! En julle twee" sy wys met wilde handbewegings na Johanna en Clara, "as julle hom glo, volg hom! Ek duld dit nie verder nie!" Vir 'n oomblik lyk dit vir Johanna of Cornelia Dirk gaan aanrand; sy storm dreigend tot voor hom, vuiste gebal.

Dirk hou sy hande voor sy gesig – gereed vir 'n aanval, maar hy is nie geïntimideer deur Cornelia se aanval nie; hy sis gelykmatig, "jy speel verniet die onskuldige slagoffer. Jy vergeet gerieflik daarvan dat jy my aangemoedig het om jou twee susters, hoe sal ek dit nou stel – béter – te leer ken. Hoe het jy dit nou weer gestel? O ja, dat Jan dalk teenoor een van hulle iets oor 'n versteekte fortuin sou uitgeblaker het. 'n Fortuin wat jy bereid was om met my te deel as ek daarvan sou uitvind." Hy laat sak sy hande, oortuig dat hy die uitklophou gegee het.

Johanna wag gespanne vir Cornelia se reaksie hierop, maar in stede daarvan om terug te baklei, krimp Cornelia ineen onder Dirk se aantygings; haar stem soos die van 'n klein dogtertjie toe sy vra: "Johanna, Clara – het julle dan geen genade vir my nie? Was ek dan so 'n monster al die jare toe ek julle so getrou versorg het? My lewe opgeoffer het om eers vir julle en toe later vir Jan te versorg?"

"Nee fok, nou raak dit te erg! Ek het ek 'n dop nodig!" Clara rol haar oë oordrewe, giggel histeries, draai na Johanna en sê met 'n bewerige stem, "kom Sus, ons gaan drink 'n dop." Sy wag nie vir 'n reaksie nie, draai net om en klim die trap vol bravade af terwyl haar hand gemaklik oor die trapreling gly. Onder kyk sy terug na die groepie aan die bo-punt van die trap wat haar in stilte aanstaar. Dan trek sy haar skouers ongeërg op. "Kyk net, ek het altyd gedink die trápreling het Ma doodgemaak!"

Johanna reageer nie hierop nie, verstom deur Clara se oënskynlike veerkragtigheid.

"'n Drankie saam is dalk nie so 'n slegte idee nie" sê Dirk versigtig. "Ons het almal baie inligting om te verwerk en bietjie kalmte sal dalk net perspektief gee."

Johanna kyk kil na Dirk voordat sy na Cornelia toe draai: "Moet vir geen oomblik dink jy flous my met jou act nie. En ek gaan nêrens heen nie en so ook nie Clara nie. Ek dink na alles verdién ons om hier, in hierdie huis

te wees. So, jy kan óf 'n dop saam met ons kom drink en jouself probeer verduidelik, óf jy kan die pad vat" en met dié vat sy Dirk stewig aan die elmboog, "kom, meneer, met jou is ek nog lank nie klaar nie" en lei hom die trappe af. Sy verwag nie reaksie van Cornelia nie, en is dus verbaas toe Cornelia met 'n sagte stem praat: "Asseblief – kan ek net een laaste drankie saam met julle drink? Ek weet waar Jan sy goeie whiskey weggesteek het?" Dan voeg sy sag, huiwerig by "miskien kan ons dan rustig hieroor praat." Cornelia se stem en houding spreek daarvan dat sy verslaan is en toe Johanna kwaai na haar terugkyk, krimp sy opsigtelik ineen.

"Doen wat jy wil," gee Johanna toe en val langs Clara op die rusbank in die leefvertrek neer. Sy maak haar oë toe, dink hoe eenvoudig die dag begin het. Die stilte in die sitkamer hang dik tussen hulle en Johanna is verlig toe Cornelia met die drinkgoed inkom.

Cornelia gee woordeloos die skinkbord aan Dirk om vir die ander susters te hou, háár drankie reeds in haar hand.

"Laat hy val waar hy wil!" Clara gooi die drankie roekeloos agter in haar keel en Johanna en Dirk volg haar. Hulle stik kortasem van die skerpte daarvan en Clara se stem is hees toe sy weer praat. "Hoe lyk dit met nog 'n ou enetjie, Ousus? Siende dat ons nou dringend iets nodig het om die ys te breek!" Clara lag skerp en Johanna en Dirk gee ook hulle glase vir Cornelia aan.

"Goed, maar nog net een. Die goed is baie duur," gee Cornelia toe, haar stem nou weer skerp soos altyd.

Wanneer sy omdraai en loop, trek Clara haar gesig op 'n plooi en maak Cornelia na: "Die goed is duur en ekke wil dit graag sélf opsuip." Johanna en Dirk lag vir haar oordrewe nabootsing van Cornelia, dankbaar vir die ligte oomblik.

Johanna sien uit na die verligting wat die alkohol bring, sy sien nie kans om die impak van die ontboeseming te hanteer terwyl sy by haar volle bewussyn is nie. Nie terwyl dieselfde beskuldiging in Jan se oë ook nou in Clara se oë kaats nie. Sy vermy Clara se blik, angstig oor die onuitgespreekte vrae wat sy flussies daarin opgemerk het.

Jan het dieselfde aand wat Pa met sy jaggeweer die veld ingestap het en nie weer teruggekom het nie, die eerste keer na haar kamer gekom. "Jy sien, Sus, jy moes gepraat het toe jy kon. Die skinderstories het Pa doodgemaak. Jý het Pa doodgemaak. Soms moét mens praat, ander kere …"

Die vreemde lig in Jan se oë het haar bang gemaak daardie eerste aand, maar later het sy geweet hoe om dit nie meer te sien nie.

Clara se skerp lag breek deur die stilte in die sitkamer. "Ag ou Dirkie, jy kan tog nou maar ontspan, jy is vergewe! All is well in love and war." Sy draai na Johanna en sê met 'n donkerte in haar stem wat Johanna nie kan peil nie, "nè, ou Johannatjie?"

Johanna reageer egter nie daarop nie, verkies om dit nie nou te probeer ontleed nie. Sy staan verlig op toe Cornelia die kamer weer binnekom om die skinkbord by haar te neem.

Van die broosheid wat Johanna vroeër op Cornelia se gesig gelees het, is daar geen sprake meer nie. Haar mond is weer die onvergenoegde wit lyn toe sy die skinkbord aan Johanna gee. "Ek weet nie wat Jan besiel het om so iets te skilder nie! Of Ma ontrou was of nie, Pa sou nie 'n vlieg seermaak nie! En ék nog minder." Sy



kyk na Dirk. “Julle weet tog dat Jan hier teen die einde nie meer gesond was nie. Dat hy soms gehallusineer het. Ek hoop nie julle glo die snert nie? ”

“Natuurlik nie, Ousus!” sê Clara tussen groot slukke deur. “Jy is ’n ou dárling – hoe sal jy nou vir Ma van die trappe af bliksem?” Clara knip haar oë asof sy sukkel om te fokus, kyk ongelowig na die glas in haar hand en vra dan sleeptong: “Bliksem, Sus, wat is dit die?”

Cornelia trek haar asem skerp in. “Leuens, dis alles leuens!” Dan staan sy op en verdwyn in die halfskemer van die vertrek.

Johanna voel hoe haar kop draai. Sy kyk na Clara en sien dat sy skuins op die bank lê. Sy hoor asof in ’n droom hoe Dirk haar weer vra om hom te vergewe; hoor hoe hy oor sy woorde struikel. Kan twee drankies werklik so ’n verlammende invloed op hulle hê? Sy kyk van haar glas na die ander twee se glase en besef dat sy waarskynlik die helderste is omdat haar tweede glas nog bykans vol is. Paniek knel om haar keel. Onthou flits deur haar benewelde brein en sy sien weer vir Cornelia aan die bopunt van die trap die aand toe ma geval het. Sy hoor weer hoe Cornelia Pa met ’n skril stem beskuldig: “Ek het net gedoen wat jý lankal moes doen; waarvoor jy te lafhártig was!”

“Brand, iets brand,” hoor sy Dirk mompel.

In die lig van die vuur sien sy Cornelia se styfgespande lippe waar sy langs die gordyn staan. Haar oë die blink van ’n roofdier as lig in die donker daarop val.

Johanna kyk na die gordyne waar vlamme asof in stadige aksie groot happe daaruit sluk. Haar benewelde verstand sê sy moet dit uitblus, maar haar lyf reageer op ’n ander impuls.





# DOLOS

www.ufs.ac.za